Miriam Tlali 15

DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

1 September1989 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



# Die Kaap is aan die brand! - 5



# FW, en ANC-spook, kan NP se bas red

Max du Preez

**DIT werk wéér: die Nasionale Party gaan sy bas Woensdag red met die hulp van 'n groteske drogbeeld van 'n "gewelddadige aanslag op wit kiesers" teen stemdag en 'n landwye toeslaan op aktiviste.**

*Die optower van die ANC/MDM-spook, saam met die slagkreet "Gee FW 'n kans", het die NP in die laaste pylvak van die verkiesingsveldtog waarskynlik van 'n ernstige afskilfering van steun na links en na regs gered.*

Die NP het sy twee troefkaarte die laaste twee weke meesterlik gespeel en waarskynlik alle hoop op 'n magsbalans in die parlement die nek ingeslaan.

Vyf dae voor die verkiesing het politieke ontleders dit as onwaarskynlik beskou dat die NP minder as 90 van die 166 setels in die Volksraad sal inpalm.

Woensdag het Vrye Weekblad van 'n hoë bron verneem dat die regering die klimaat van wit vrees verder gaan aanstig met beweringe van 'n nuwe ANC-aanslag op die verkiesing en die toesluit van talle buiteparlementêre leiers. Afrikaanse koerante is gevra - en die SAUK aangesê - om te help om dié atmosfeer voor te berei.

Donderdagmiddag het die nuus begin inkom: FW de Klerk sê die polisie het 'n "terreurnetwerk" oopgevlek van terroriste wat die land ingesypel het om die verkiesing te ontwrig; die polisie kondig aan dat alle stembusse Woensdag afgebaken en mense deursoek gaan word om aanvalle te voorkom; tientalle aktiviste is aangehou; en klopjagte is by die kantore van 'n wye reeks versetgroepe en vakbonde uitgevoer.

"`MDM' is eenvoudig die jongste weergawe van die `swart gevaar'-kreet," het die mede-leier van die Demokratiese Party, dr Zach de Beer, gister gesê.

Die NP se propagandamasjien - wat die SAUK, die Afrikaanse koerante en die Citizen insluit - het die breë demokratiese beweging en sy veldtog van lydsame verset baie suksesvol gedemoniseer in die oë van twyfelende wit kiesers en dit toe ewe suksesvol aan die DP verbind.

Maar, soos met vorige verkiesings, gaan die NP ná 6 September weer Pik Botha hê om te bedank. In 'n kort tydjie het hy nie minder nie as vier Afrika-staatshoofde uit die hoed getrek om met De Klerk te beraadslaag en sodoende sy beeld as staatsman gevestig: Joaquim Chissano van Mosambiek, Mobutu Sese Seko van Zaïre, Kenneth Kaunda van Zambië en Metsing Lekhanya van Lesotho.

Politieke waarnemers glo dié praktiese onderstreping van die "Gee FW 'n kans"-wekroep kan die groot twyfelstem in talle sleutelkiesafdelings terug na die NP laat swaai.

Dit het voor die naweek begin lyk asof die DP nie veel van 'n kans staan om meer as 30 setels te wen nie, terwyl die KP waarskynlik met hoogstens 45 tevrede sal moet wees. Die DP het tans 19 setels en die KP 22.

(Berig deur Max du Preez, Breëstraat 153, Johannesburg.)

# Hoekom vang die polisie nie die Wit Wolwe nie?

Jacques Pauw

ONDANKS 'n nuwe vlaag van ver-regse geweld in die naam van die Wit Wolwe, wat vandeesweek nog drie wit terreur-aanslae en verskeie doodsdreigemente ingesluit het, hou die polisie vol: geen greintjie getuienis vir die bestaan van só 'n organisasie kon tot dusver gevind word nie. Alle pamflette en dreigoproepe ís ondersoek.

Maar in versetkringe word geglo dat die Wolwe bestaan uit regse polisiemanne in verskeie dele van die land wat nie-amptelik optree. Die moontlikheid van samewerking

*vervolg op bladsy 2*

# Konfrontasie op die spits

Elsabé Wessels

DIE kragdadige optrede van die regering teen aktiviste binne die breë demokratiese beweging stuur op die vooraand van die verkiesing op bittere konfrontasie af.

Die konfrontasie is grootliks deur die Nasionale Party se verkiesingstaktiek op die spits gedryf en kan die nuwe FW de Klerk-regering ná 6 September in 'n ernstige krisis dompel.

Die polisie het sy landwye toeslaan op buite-parlementêre groepe die laaste paar dae verder verskerp. Honderde leiers en deelnemers aan die veldtog van vreedsame protes word reeds aangehou. Daar is ook op die huise van vakbondleiers en die kantore van Cosatu en Nactu toegeslaan.

Leiers van die breë demokratiese beweging, vakbondleiers en kerkleiers het die toename in konflik gister op 'n "spitsberaad" in Bishopscourt, Kaapstad, veroordeel.

Deelnemers aan die beraad - wat deur Aartsbiskop Desmond Tutu gelei is - het hulle verbind tot die huidige veldtog van vreedsame verset. Deelnemers is egter gemaan om dissipline aan die dag te lê om geweld te voorkom. Staatsgeweld is skerp veroordeel. Die beraad is bygewoon deur onder andere prof Jakes Gerwel van UWK, die opvoedkundige Franklin Sonn, UDF-leier Murphy Morobe, Cyril Ramaphosa van die NUM en Sidney Mafumadi van Cosatu.

Die afgevaardigdes na die beraad het gister hul steun toegesê aan die grootste enkele optrede van verset wat op 5 en 6 September kan lei tot grootskaalse wegbly-aksies deur werkers, studente en skoliere. In 'n uitsonderlike optrede van eenheid skaar Cosatu, Nactu en die onafhanklike vakbonde hul tans by die nasionale versetveldtog wat deur die breë demokratiese beweging aangevoer word. Volgens skoolhoofde in Johannesburg en Kaapstad het honderde skoolkinders reeds met wegbly-aksies begin.


Honderde mense regoor die land is dié week in hegtenis geneem terwyl hulle besig was om vreedsaam te betoog of om apartheidswette te ignoreer. Daar was nie sprake van geweld by enige van hierdie aksies nie.


Die optrede teen aktiviste is deur 'n polisiewoordvoerder bevestig. Volgens hom tree die polisie nie net op teen die breë demokratiese beweging nie, maar teen diegene wat die verkiesing wil ontwrig en wetlike beperking op hulself omverwerp.

(Berig deur Elsabé Wessels van Breëstraat 153, Johannesburg.)

## Boere in die stryd -

7 & 17





*Vervolg van bladsy 1*

# Die polisie en die Wit Wolwe



Mark Behr

tussen dié groepe word ook nou genoem.

Nie 'n enkele aanvaller of pamfletskrywer is sover in hegtenis geneem nie. Die slagoffer van een van die aanslae, die Pretoriase aktivis Louis Bredenkamp, het bevestig dat hy 'n registrasienommer van die motor - waarin die twee witmans was wat Dinsdagnag skote voor sy huis afgevuur het - bekom het. Die motor is op Swartklip naby Rustenburg geregistreer.

Intussen verneem Vrye Weekblad dat die gesin Schoon van Pretoria, wie se motor die afgelope naweek aan die brand gesteek is, deur twee polisiemanne opgepas word. Die voorval hou verband met Alette Schoon, 'n lid van Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS), een van die organisasies wat deelneem aan die versetveldtog teen busapartheid.

Bredenkamp sê hy wil nie polisiebeskerming hê nie. "Ek sal nie veilig voel nie," sê hy. Skote is ook na die huis van eerw Ivor Jenkins, organiseerder van die busverset, gevuur.

Bredenkamp, Jenkins en die gesin Schoon het saam met ander organiseerders van die versetveldtog doodsdreigemente van die Wit Wolwe ontvang. In die meeste gevalle het die Wit Wolwe gesê hulle weet waar die mense en hul gesinslede werk en wat hul bewegings is.

Die Wit Wolwe beskik oor gesofistikeerde wapens en selfs plofstof en het baie goeie inligting oor die aktiviste teen wie hulle terreurdade beplan.

Sedert die hofsaak van die massamoordenaar Barend Strydom waarin hy homself as 'n leier van 'n Wit Wolf-sel beskryf het, het sluipmoordaanvalle op individue, aanvalle op anti-apartheidsgroepe en die verspreiding van doodsdreigemente in die naam van die Wit Wolwe toegeneem.

Tienatalle regse terreurdade landwyd waarvoor die Wit Wolwe verantwoordelikheid aanvaar het, het sedert die Strydom-moorde voorgekom. Dit sluit in die moord op David Webster, bomontploffings by die huis van die NP-kandidaat Boy Geldenhuys, moorde op Swapo-lede in Namibië, varkkoppe by moskees en die sluipmoordpoging vroeër vandeesmaand op Mark Behr.

Elke dreigbrief wat tot dusver aan aktiviste of koerante gestuur is, eindig met die woorde "Lank leef Barend Strydom! Lank leef die Wit Wolwe!" Nie een van die Wit Wolf-voorvalle is tot dusver deur die polisie opgelos nie.

Kol Vic Haynes van die polisie se direktoraat van openbare betrekkinge het aan Vrye Weekblad gesê: "Geen greintjie inligting vir die bestaan van 'n Wit Wolwe-organisasie kon tot dusver gevind word nie, hoewel alle gevalle van pamfletverspreiding, dreigoproepe en so meer ondersoek word."

Op 'n vraag oor hoekom polisie-ondersoeke na regse terreur nog niks opgelewer het en niemand in hegtenis geneem is nie, het Haynes gesê sommige misdade word moeilik opgelos waar geen leidrade op 'n toneel gevind word nie.

"In baie gevalle was daar 'n duidelike gebrek aan samewerking vanuit sekere oorde. Die ondersoekbeamptes doen hul bes, maar sonder inligting is dit 'n baie moeilike taak. Die ondersoeke gaan nietemin voort," het Haynes gesê.

Hy sê die polisie het nog geen leidrade gekry dat enige polisiemanne by die regse terreur betrokke is nie. Hulle het ook geen idee watter mense daarvoor verantwoordelik is en of dit enigsins verband hou met ver-regse organisasies soos die AWB of BBB nie.

Die sekretaris-generaal van die SARK, eerw Frank Chikane, het vandeesweek die regering veroordeel omdat hulle in gebreke bly om verregse terreur te veroordeel. Dit skep 'n klimaat vir verdere geweld, het hy gesê.

# Verset brei uit - en so ook polisie-optrede

**Elsabé Wessels, Anton Steenkamp en Charles Leonard**

DUISENDE skoolkinders het gister in 'n onverwagte wegblyaksie hul steun aan die vier week-oue versetveldtog toegesê. Meer as 5 000 skoolkinders aan die Witwatersrand het gister uit protes teen Woensdag se verkiesing van die skool af weggebly.

Die week is gekenmerk deur verskerpte polisie-optrede teen versetaksies landwyd.

In Johannesburg is 11 mense gister in 'n betoging buite Cosatu se hoofkantoor in hegtenis geneem. Hulle het protes aangeteken teen die polisieklopjag op die huis van Cosatu se hoofsekretaris, Jay Naidoo. Die polisie het daarna op die hoofkantoor van Cosatu toegeslaan.

Wits-kampus is gister deur polisie beset om 'n vergadering te stop waar 'n gemuilbande organisasie, die Black Students Society, sou optree. Die vergadering is volgens die noodregulasies verbied. Traanrook is afgevuur om 'n groep singende studente te verwilder.

In Durban is vier leiers van die breë demokratiese beweging, onder andere UDF-leier Trevor Bonhomme en die streeksekretaris van Cosatu, Sipho Cele, in aanhouding geneem. Daar is ook op vakbondkantore in die stad toegeslaan.

In Kaapstad is verskeie leidende aktiviste, onder andere Trevor Manuel van die UDF, dié week in klopjagte in aanhouding geneem.

'n Protesoptog van tussen 200 en 300 onderwysers, almal lede van die Demokratiese Onderwyssersunie, is gister deur die polisie buite die kantore van die Departement van Onderwys en Opleiding op die Strandgebied stopgesit. Sapa berig dat die groep beswaar wou maak teen die hantering van swart onderwys.



Trevor Manuel

Die menseregte prokureur Willie Hofmeyr, wat verlede week in Kaapstad in aanhouding geneem is en sedert verlede week op 'n eetstaking is, is met interne bloeding in die hospitaal opgeneem, sê sy pa.

Sowat 100 vroue is Woensdag tydens etensuur in die middestad van Kaapstad ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid in hegtenis geneem nadat sowat 250 vroue met plakkate na die Britse ambassade op pad was met 'n petisie waarin die Britse premier Margaret Thatcher versoek word om druk op die Suid-Afrikaanse regering te plaas om teregstellings te staak.

Leah Tutu en Dorothy Boesak was in die optog wat deur die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue, die Black Sash en die United Womens' Congress gereël is. Die vroue wat met hul plakkate in die straat gaan sit het voordat hulle in polisievoertuie weggery is, het Woensdagaand in die hof verskyn voordat hulle vrygelaat is. Volgens 'n polisieverslag is die vroue in hegtenis geneem omdat hulle geweier het om hul betoging te staak.

In verskeie swart en bruin woonbuurte in die Kaap is konfrontasie tussen jeugdiges en polisie besig om groter afmetings aan te neem. Daar word berig dat die oprig van verperrings en klipgooiery in talle woonbuurte voorkom. Volgens gemeenskapsleiers is dié optredes nie aan die versetveldtog gekoppel nie, maar eerder uit reaksie teen polisie-teenwoordigheid in die townships.

Die DP-LP vir Groenpunt, Tiaan van der Merwe, het die week 'n beroep op die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, gedoen om polisie-optrede in die Kaap te ondersoek.

"Dit is vir my duidelik dat die gewelddadige optrede van sekere polisie-elemente teen protesoptogte groot spanning in swart woonburte veroorsaak en dit onmoontlik maak vir swart politieke leiers om vrede en dissipline tydens politieke aktiwiteite te behou," sê Van der Merwe.

In Oos-Kaapland is die streeksekretaris van Cosatu, Denis Nehr, in hegtenis geneem en kort daarna weer vrygelaat. In Oos-Londen en King Williams Town het polisie toegeslaan op skoleproteste teen afsonderlike onderwys.

In Kimberley is agt mense ná 'n plakkaat-optog in hegtenis geneem.

Georganiseerde werkersgroepe loods vandag 'n landwye aksie van beswaar teen die Wet op Arbeidsverhoudinge as deel van die versetveldtog.

Van 16 September tot 13 Oktober loods die nuwe vakbond-front 'n nasionale protesaksie teen sakeondernemings in die sentrale sakegebiede in stede en dorpe oor die hele land. Cosatu, Nactu en onafhanklike vakbonde sal die aksies lei.

Op 12 September, die 12e herdenking van Steve Biko se dood, gaan Nactu en sy bondgenote in die swartbewyssyns- en die Pan-Afrikanistiese beweging vra vir 'n dag van nasionale protes teen die Wet op Arbeidsverhoudinge. Aanduidings is dat Cosatu en sy bondgenote daarby sal aansluit. Daar is weer eens 'n beroep gedoen op deelnemers aan die protesaksies om op 'n gedissiplineerde en vreedsame wyse op te tree.

* 'n Kerkdiens wat alle Suid-Afrikaners "op die vooraand van die verkiesing oproep tot vrede" word Saterdag in Soweto se Jabulani-amfiteater gehou, volgens die sekretaris-generaal van die SA Raad van Kerke, Frank Chikane. Met die ter perse gaan was dit nog onseker of die regering toestemming gegee het vir die buitelug-vergadering. Die diens sal deur Chikane, dr Allan Boesak en aartsbiskop Desmond Tutu toegespreek word.

Volgens Chikane is die diens deel van die "Staan vir die Waarheid"-veldtog wat deur kerkleiers landwyd begin is in solidariteit met die "stemlose massa".

**(Berig deur Elsabé Wessels, Charles Leonard en Anton Steenkamp van Breëstraat 153, Johannesburg)**

# Amerika gee De Klerk ses maande

SUID-AFRIKA se waarnemende staatshoof FW de Klerk moet binne ses maande ná die verkiesing bewys kan lewer dat apartheid opgehef word. Faal De Klerk sal Suid-Afrika hernieude sanksies van Amerika in die gesig staar.

Dit was Howard Wolpe, voorsitter van die sub-komitee oor Afrika in die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers, se waarskuwing dié week aan De Klerk.

"Ek hoop De Klerk sal sy kans benut om onderhandelinge vir 'n nie-rassige demokrasie te begin, maar die NP-regering sal baie vinnig moet beweeg as hy nie hernieude sanksies teen Suid-Afrika wil sien nie," het Wolpe in 'n onderhoud met die nuusagentskap AFP gesê.

Hoewel die Amerikaanse president George Bush nie ten gunste van sanksies teen Suid-Afirka is nie, sê amptenare in die Bush-administrasie dat Amerika se verhouding met Suid-Afrika sal vertroebel indien De Klerk nie vordering met onderhandelinge toon nie.

Suid-Afrika word in Januarie in die Kongres bespreek. Indien daar geen teken van hervorming is nie, sal hernieude druk op Bush geplaas word om teen Suid-Afrika op te tree, sê 'n amptenaar.

Hoewel die Bush-administrasie sy beleid oor Suid-Afrika hersien het, is die uitslag nog nie bekend nie. Bush het egter tot nou toe nie die Suid-Afrikaanse kwessie aangespreek nie. Daar word beweer dat hy De Klerk 'n kans wil gun om self apartheid te begin aftakel.

Verskeie senior amptenare sê hulle verwag "buitengewone politieke buigsaamheid" onder 'n De Klerk-regering en voorsien nuwe geleenthede vir hervorming en onderhandeling tussen wit en swart in Suid-Afrika.

In die lig van verskerpte optrede teen vreedsame protesteerders in Suid-Afrika is Wolpe en lede van die Huis van Verteenwoordigers egter nie so optimisties oor De Klerk se bereidwilligheid om apartheid te beëindig nie.

Wolpe sê hy staan skepties teenoor De Klerk se vermoë om 'n fundamentele nuwe rigting in te slaan en verwys na polisie-optrede die afgelope drie weke.

'n Amptenaar in die Bush-administrasie sê die huidige optrede word nie in 'n ernstige lig beskou nie omdat dit vertolk word as 'n poging om die NP se posisie op stemdag te versterk.

Kongresleiers en lede van die Bush-administrasie stem egter saam dat daar van De Klerk verwag sal word om die noodtoestand te beëindig en vreedsame verset toe te laat.

Volgens amptenare stem James Baker, Bush se minister van buitelandse sake - wat as 'n De Klerk-ondersteuner bestempel word, saam dat De Klerk die sowat vyf tot ses maande gegun moet word.

Volgens Wolpe sal nuwe wetgewing, wat 'n algehele handelsboikot teen Suid-Afrika afdwing, vroeg volgende jaar goedgekeur word indien De Klerk nie aan verwagtinge voldoen nie.

Volgens Wolpe kan nuwe ekonomiese druk ook toegepas word deur verpligte voorwaardes te stel voordat Suid-Afrikaanse leningskuld ten bedrae van biljoene rande volgende jaar herskeduleer word.

Hoewel Bush self nie ten gunste van uitgebreide sanksies teen Suid-Afrika is nie, sê Wolpe die Bush-regering is nie ideologies gekant teen ekonomiese en diplomatieke druk op Suid-Afrika nie.


## Johannesburg Munisipale Werkersunie

*Algemene Sekretaris*

**Aansoeke van gekwalifiseerde persone word vir bogenoemde aanstelling ingewag.**

***U taak sal wees om te verseker dat wetlike vereistes nagekom word, en u moet uitvoerende komitee-vergaderings reël, bywoon en die notule neem. U sal optree as die organisasie se openbare beampte, met top-bestuur skakel en lede by dissiplinêre ondersoeke verteenwoordig.***


**Die salaris is onderhandelbaar.**
**'n Matrieksertifikaat en tweetaligheid is 'n voorvereiste.**
**Uitstekende byvoordele.**

Aansoeke, verkieslik op die amptelike aansoekvorm, tesame met 'n volledige CV, moet die Unie se kantore, Posbus 60045, Langlaagte, 2102 of die 6e Vloer, York House, h/v Kerk- en Rissikstraat, Johannesburg 2001 vóór 16h00 op 15 September bereik.

**Vir verdere inligting en 'n amptelike aansoekvorm skakel (011) 836-9679 of (011) 838-1363**


Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

## Die TOD ontken dit, maar die skoolhoof sê:




'n Swart leerling van die Laerskool IH Harris in Doornfontein verlaat die skoolgronde. *(Foto: Gavin Sinclair)*

# 'My skool is oop vir die gemeenskap'

**Jacques Pauw**

DIE swart dogtertjie in haar skooljurkie het by die klaskamer uitgestap, haar Sjinese en wit maatjies vriendelik gegroet en die skoolgronde van die staatskool IH Harris verlaat.

'n Paar minute later het die skoolhoof, MJ Pretorius, aan Vrye Weekblad se fotograaf, Gavin Sinclair gesê: "My skool is oop vir die gemeenskap."

'n Dag later het die direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD), dr Pieter Bredenkamp, ontken dat daar enige "anderskleurige" kinders in IH Harris is.

IH Harris is 'n TOD-laerskool in die oostelike gedeeltes van Johannesburg-sentraal. Amptelik is dit 'n wit skool, maar nie-amptelik is daar verskeie swart kinders wat daar skoolgaan.

Dié skool is een van verskeie waarvan die voortbestaan bedreig word deur die afgelope jare se wit ontvolking van die sentrale gedeeltes van Johannesburg. Daar is plek vir 529 kinders. In 1985 was daar nog 378, maar vanjaar is daar net 190 leerlinge oor.

IH Harris is 'n arm skool, vasgedruk en weggesteek teen die spoorlyn langs die Doornfontein-stasie. Die skoolgronde is met hoë doringdraad omhein en veiligheidswagte patrolleer die terrein. Speeltye is daar verskeie swart en bruin kinders wat saam met hul wit maatjies op die speelgronde speel.

Vrye Weekblad, wat aanvanklik van die swart leerlinge in IH Harris by die NP-LP vir Jeppe, Hennie Bekker, gehoor het, het Pretorius genader om 'n artikel oor dié gemengde skool te skryf.

Die vraag onstaan oor die dubbele standaarde wat die TOD hier toepas: hoekom word dit by IH Harris toegelaat, maar nie elders nie? Is dit weens die feit dat dié skool uit die openbare oog is en hoofsaaklik vir behoeftige kinders voorsiening maak?

Daar is duisende swart kinders in Joubertpark en Hillbrow wat elke dag ver moet reis om by skole in die townships uit te kom. Dít terwyl daar volgens berekenings 43 skole in Johannesburg is wat die gevaar loop om gesluit te word.

Pretorius het aanvanklik ingestem tot 'n onderhoud, maar dit later afgestel omdat die TOD hom nie toelaat om enige onderhoude te voer nie. Hy het wel gesê: "Moet net asseblief nie my kinders seermaak nie. Op die ou end werk ek maar net in belang van die gemeenskap.

"Terwyl die grootmense onder mekaar baklei, is dit die kinders wat seerkry. Ek kon al lankal van hierdie skool af weggegaan het, maar ek het 'n visie wat ek wil volbring. Ek sal nie ophou voor ek dit bereik het nie. Op ons stil manier doen ons reusewerk hier."

Dr Bredenkamp het gesê daar is geen "anderskleurige" kinders in IH Harris nie. Nadat Vrye Weekblad die TOD daarop gewys het dat dit nie waar is nie, het hulle gesê hulle stel verdere ondersoek in.Dit is onmoontlik dat die TOD onbewus van die swart leerlinge is, omdat inspeksies gereeld by skole uitgevoer word.

Dr Bredenkamp wou nie die vraag beantwoord as sou daar swart kinders by IH Harris toegelaat word, hoekom nie ook in ander skole nie?

# *Tien in hof oor bus-apartheid*

**Anton Steenkamp**

TIEN mense het gister in die hof verskyn op aanklagte van "sameswering" en die verbreking van die Wet op Afsonderlike Geriewe weens hul vreedsame protes teen bus-apartheid in Pretoria.

Nog drie mense, eerw Gideon Makhanya, Sandy Lebese van die Pretoriase Raad van Kerke en David Setsepa het Dinsdag in die hof verskyn. Hulle is ingevolge artikel 18 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangekla. Hulle is nie gevra om te pleit nie. Landdros M de Kock het die saak uitgestel tot 3 Oktober en hulle op borgtog van R100 elk vrygelaat.

Een van die mense wat gister in die hof verskyn het, Trish Hall, vertel wat Woensdag gebeur het: "Ek en twee van my vriende, Vusi en Peter Maluleka, het by die kondukteur van 'n 'blanke' bus in Kerkstraat kaartjies gekoop en opgeklim. Ons het gaan sit, maar die bus het nie vertrek nie. Peter het na 'n tydjie aan die kondukteur gevra of ons enige ongerief veroorsaak, maar sy het gesê niks is verkeerd nie.

"Vusi het afgeklim, en 'n paar minute later het die polisie opgedaag. Hulle het gevra wat ons doen, en ek het verduidelik dat my vriende graag saam met my wil ry. Hulle het gesê dis ontoelaatbaar en ons aangesê om af te klim. Daarna het hulle my en Peter in hegtenis geneem en na Pretoria Sentraal geneem. Dit was omtrent eenuur. Nege-uur die aand is ons vrygelaat en aangesê om die volgende oggend in die hof te verskyn.".

Die ander agt mense is op ander plekke in die stad in hegtenis geneem.

Sowat 50 wit en swart studente, meestal van Unisa, wat Woensdag probeer het om 'n bus naby Unisa te haal, is deur die polisie beveel om binne drie minute uiteen te gaan "omdat hulle besig was met 'n onwettige vergadering".

Die Anglikaanse biskop van Pretoria en een van die organiseerders van die "Staan vir die Waarheid"-veldtog, Richard Kraft, sê dis ironies dat Piet Koornhof in 1979 reeds in Washington gesê het apartheid is dood, en dat FW de Klerk nou sê apartheid is nie NP-beleid nie, maar swartmense word nog steeds deur die polisie verhoed om op "blanke" busse en strande te kom.

Die mense wat gister in die hof verskyn het, is: Godfrey Legong, Benjamin Chiloane, Helena Saayman, Leonard Kgatle, Nomvula Mahlangu, Patricia Hall, Phillip Mapanya, Peter Maluleka, Kedibone Mokgale en Jonas Mohlala.

## Stem vir die DP, sê Slabbert

**Pearly Joubert**

DIE mede-leier van Idasa, dr Van Zyl Slabbert, het vandeesweek gevra dat kiesers vir dié party, wat eerlik oor onderhandeling in Suid-Afrika is, moet stem. Daardie party is die Demokratiese Party, wat erken dat dit moeilik gaan wees, maar bereid is om te onderhandel met diegene wat nie saamstem nie.

"Dit is tog waaroor onderhandeling gaan," het Slabbert Woensdagaand op Stellenbosch gesê. Slabbert en die oud-Springbokrugbykaptein Morné du Plessis het ter ondersteuning van die DP-kandidaat op Stellenbosch, Hennie Bester, gepraat.

Slabbert sê Suid-Afrika het aan die einde gekom van tien jaar van PW-hervorming wat visieloos was en gelei het tot die stigting van die Konserwatiewe Party en buite-palementêre groepe.

Slabbert het die vaagheid van die NP-idees rondom onderhandelings beklemtoon. Die NP vra vir 'n mandaat om te onderhandel, maar sê nie waaroor of met wie nie.

"Sedert 1985 is 4 500 Suid-Afrikaners in onrussituasies dood en 50 000 aangehou. Dit was doodgewone mense wat moeg was vir onderdrukking en nie Moskou-agente nie," sê hy.

Oor die moontlikhede van onderhandeling sê Slabbert daar is konsensus binne en buite die parlement dat dit moet plaasvind, maar dat alle organisasies eers ontban en politieke gevangenes vrygelaat moet word.

(Berig deur Pearly Joubert van Breëstraat 153, Johannesburg)



Dr Eschel Rhoodie

# Eschel oor die lang messe in die kabinet

**Max du Preez**

DIE spook van die Inligtingskandaal van tien jaar gelede sal nie gaan lê solank Eschel Rhoodie, sekretaris van Inligting tydens dié stormagtige periode, nog lewe en 'n tikmasjien en 'n hart vol bitterheid het nie.

In sy jongste boek, PW Botha, The Last Betrayal, gaan Rhoodie verder as tevore met bewyse dat PW Botha en sy kabinet van destyds ten volle bewus was van die meeste van die geheime projekte van dié departement.

Hy lewer inderdaad oortuigende bewys dat die hele skandaal deur PW en Pik Botha gemanipuleer is om van die destydse premier, John Vorster, die NP-kroonprins, Connie Mulder, en die magtige hoof van die Buro vir Staatsveiligheid, generaal Lang Hendrik van den Bergh, ontslae te raak en self die politieke mag in te palm.

Hierin, vertel hy in besonderhede, is die Bothas aktief bygestaan deur die koerante van die Nasionale Pers, veral Die Burger en Beeld.

Rhoodie bewys ook dokumentêr dat die waarnemende staatspresident, FW de Klerk, self in 1977 volledig deur Mulder ingelig is oor 'n wye reeks geheime en onderduimse projekte van die Inligtingsdepartement. Mulder het onder meer inligting gegee oor hoe die departement verskeie kerkorganisasies in Suid-Afrika, Amerika, Brittanje en Duitsland geïnfiltreer het; hoeveel frontorganisasies oral oor die wêreld gestig is; en hoeveel internasionale uitgewers, nuusagentskappe en filmmaatskappye op die departement se betaalstaat was.

Mulder het dit benadruk dat nie een van dié projekte in die jaarverslag van die departement genoem is nie.

Daar is sappige brokkies oor die onverkwiklike binnegevegte en rugstekery in die kabinet waaraan veral PW Botha en Pik Botha (teen John Vorster) en FW de Klerk en Pik Botha (teen PW Botha) deelgeneem het. Hy vertel byvoorbeeld hoe:

* PW Botha drie keer vir Connie Mulder 'n senior kabinetspos aangebied het nadat hy na die Konserwatiewe Party oorgeloop het;
* Botha sy getrouste vriend in die kabinet, Louwrens Muller, aangemoedig het om te staan vir president en hom toe 'n doodsteek in die rug gegee het;
* Pik Botha die hele episode om die Rubicon-toespraak gebruik het om PW Botha te diskrediteer en hoe dit die begin van die einde vir die president was; en
* Rozanne Botha gesweer het sy sal nooit weer Nasionaal stem nadat die party haar pa so verraai het nie.

Die boek word deur SA Politics uitgegee.

# Die Burger weier 'negatiewe' DP-advertensie

**Jacques Pauw**

DIE Burger het vandeesweek 'n advertensie van die Demokratiese Party - waarin die Nasionale Party van valsheid en skynheiligheid beskuldig word omdat dié party al lankal met die ANC onderhandel - geweier.

Die advertensie, opgestel en uitgegee deur die organiseerder van die DP op Stellenbosch, Jan Bester, beskuldig die NP daarvan dat hy al lank en intensief met die belangrikste ANC-leier, Nelson Mandela, onderhandel.

Die advertensie, onder die opskrif "Kyk net wie praat almal met die ANC", is deur Die Burger geweier omdat dit te "negatief" sou wees. Dit is glo die eerste advertensie in die huidige verkiesingstryd wat geweier word.

Dieselfde advertensie het egter pas in die Stellenbosse koerant Eikestadnuus verskyn. Dié koerant is soos Die Burger 'n Nasionale Pers-publikasie.

Die advertensie, met foto's van ministers Kobie Coetzee, Pik Botha, Gerrit Viljoen en Stoffel van der Merwe, sê dat dié vier die afgelope tyd lank en gereeld en sonder welslae met Mandela onderhandel het.

"Tog beskuldig hulle die DP dat ons met die ANC praat. Ons dink dit is vals en uiters skynheilig," lui die advertensie."Ons het geen idee hoekom dit geweier is nie. Ons het gehoor dit is te negatief. Dit is natuurlik belaglik, want wat van al die negatiewe advertensies wat die NP oor ons geplaas het. Dink maar aan die een oor die drie blinde muise," sê Hennie Bester, die DP-kandidaat op Stellenbosch.

* Kobie Coetzee, minister van Justisie, het vandeesweek in 'n onderhoud met Beeld gesê Mandela is 'n man van begrip en integriteit wat as gematig beskryf kan word.

Coetzee het gesê die vrylating van Mandela sal "ongetwyfeld" ná 6 September die aandag van die waarnemende staatspresident, FW de Klerk, geniet.

(Berig deur JC Pauw van Breëstraat 153, Johannesburg)

# Hoe kan jy die waarheid hoor terwyl jy deur stilte omring word?



*Omtrent 200 werkers is aangekla omdat hulle op die trein gesing het.*

Sensuur steek die waarheid weg, maak opposisiestemme stil en inhibeer kritiek. In 'n demokratiese gemeenskap het elkeen 'n reg om ingelig te word, om 'n eie oordeel oor gebeure te vel en vryelik kommentaar te lewer. 'n Gemeenskap wat nie die volle feite ken nie, nie eens weet wat gesensor is nie, word onkundig en impotent.

**Strawwe maatreëls**

Die sensuurwette van Suid-Afrika tas elke aspek van ons lewens aan – van die verbod op die geskrewe woord tot die stilmaak van mense. Daar is 477 mense wat ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid nie aangehaal mag word nie. Baie van die mense op dié lys is boonop nog ingeperk. Sommige is in ballingskap. Sommige is in die tronk. Sommige is dood.

**Web van stilte**

Met die uitroep van die Noodtoestand in 1985 het die regering sensuur verskerp en daardeur die insamel en versprei van inligting ernstig aan bande gelê. Selfs voor die uitvaardiging van die media-noodregulasies was daar 'n hele stel wette wat vir die verbied van boeke, films, video's en toneelstukke voorsiening gemaak het.

Met die belastingbetaler se miljoene wat op disinformasie oor TV en die radio bestee word, was dit nie net moontlik nie, maar maklik vir die regering om 'n valse werklikheid te konstrueer. Waar baie stemme gehoor behoort te word, is daar nou net een. Dekades van onderdrukking en sensuur het die publiek se bewussyn van hoe die reg op vrye spraak afgetakel het, verdoof.

**Hoe beveg ons sensuur?**

Te midde van die groot stilte het joernaliste, skrywers, uitgewers en lede van die publiek byeengekom om iets te doen aan die verskerpte sensuurmaatreëls. In 1986 is die Aksiegroep teen Sensuur (Anti-Censorship Action Group) gestig.

Die doel van ACAG is om:

- alle voorvalle van sensuur te monitor
- eenheid en doelgerigtheid te skep onder diegene wat aan sensuur onderwerp word.
- die publiek oor die gevare van sensuur in te lig.

Kom veg saam met ons. Word 'n lid van ACAG. Die lidmaatskapfooi is R10 per persoon en R20 per groep. Vul hierdie koepon in en pos dit vandag nog. Ons maandelikse nuusbrief, Update, hou lede ten volle ingelig oor alle sensuuraksies.

'n Biblioteek van persknipsels oor sensuur is ook beskikbaar vir navorsers en lede van die publiek.

Vir meer inligting, bel (011) 331-3517.

**A C A G**

AKSIEGROEP TEEN SENSUUR

☐ JA, ek wil saam veg teen sensuur want ek het die reg om die waarheid te weet. Ek sluit hierby my tjek/posorder vir R10 in, gekruis en uitgemaak aan die Anti-Censorship Action Group. (Drukskrif asseblief.)

Naam: ____________________

Posadres: ____________________

____________________ Kode: __________

Tel: (H) ____________ (W): ____________

**Pos aan: Anti-Censorship Action Group, Posbus 260425, Excom 2023.**

# BEANTWOORD VREEDSAME PROTES VREEDSAAM.

# Verkiesingsuitlatings

"Diegene wat betrokke is by protesoptogte en dit reël, moet besef dat daar ook op hulle 'n verantwoordelikheid rus. Aartsbiskop Tutu het dit mis as hy sê die doel van die protesoptogte is vreedsaam en dat die polisie daarom die geweld veroorsaak. Dit is onmoontlik om mede-verantwoordelikheid vir geweldpleging vry te spring wanneer protesoptogte gereël word." - Wynand Malan, medeleier van die Demokratiese Party.

"Dié formule - wat volgens die Nasionale Party die land uit sy sosiale, politieke en ekonomiese krisis gaan red - is dieselfde een wat oorspronklik al dié probleme veroorsaak het." - Kobus Jordaan, DP-kandidaat op Umhlanga.

"Nie een enkele aanvaarde swart leier het sy ondersteuning aan die NP se vyfjaarplan toegesê nie. Die feit is dat die NP nie die geloofwaardigheid, die emosionele diepte en die politieke wil het om oplossings vir Suid-Afrika se probleme te vind nie." - Denis Worrall, mede-leier van die Demokratiese Party.

"Na 41 jaar moes die NP toegee dat hulle beleid gefaal het. Die party het inderdaad die siek ou man van die Suid-Afrikaanse politiek geword, en 'n mens kan ook nie eens sê dat hy met grasie oud geword het nie. Die party bevind homself in 'n gevorderde stadium van seniliteit." - Dr Anita Worrall, die vrou van Denis.

"Orals waar 'n mens kyk, heers daar ekonomiese ellende." - Zach de Beer, mede-leier van die DP.

"Partisie en apartheid is nie dieselfde nie." - Koos Reyneke, KP-kandidaat in Rissik.

"Ons sal een blok op 'n slag neem en hulle 30 dae kennis gee. Hulle moet terugkeer waar hulle vandaan kom. As hulle dit nie doen nie, sal ons hulle uitgooi." - TJ Ferreira, KP-kandidaat in Hillbrow.

"Woorde faal my dat die KP hom met sulke goedkoop politiek ophou - om nou mede-Suid-Afrikaners in die buiteland te gaan beskinder." - Con Botha, die NP se direkteur van inligting.

"Jy moet ook met diegene onderhandel wat met jou verskil. In ware onderhandelinge kies jy nie met wie jy wil onderhandel nie. Die ANC en BDB sal net eenvoudig deel moet wees van 'n toekomstige onderhandelde skikking - tesame met 'n hele reeks ander politieke groeperinge in die land" - Wynand Malan, mede-leier van die DP.

"FW de Klerk is die nuwe hoofkok, maar die resep en die bestanddele het in wese dieselfde gebly." - Ken Andrew, DP-kandidaat in Kaapstad-Tuine.


"Dit is nie 'n taai stryd nie. Ons gaan ons meerderheid aansienlik verhoog. Veral die televisiedebatte help ons." - Karel Schoeman, KP-LP op Nigel.

"Die NP se probleemfase is verby. Die optrede op televisie onlangs van mnr FW de Klerk het die NP die sentrale plek op die politieke verhoog gegee en nuwe geesdrif gebring. Ek dink die televisiedebatte begin in die guns van die NP tel." - Piet Coetzer, NP-kandidaat op Springs.

"Die Boksburg-fiasko het 'n uitwerking hier op die denkende mense. Onder die nie-denkendes nog nie behoorlik nie." - Brig Kobus Bosman, NP-kandidaat in Germiston-Distrik.

(Berig deur Ryk Hattingh van Breëstraat 153, Johannesburg)


# "Ons bou elke dag brûe, smee nuwe bande






# en beveilig u toekoms."

Agter, van links: Jannie Momberg, B.A.; Denis Worrall, B.A. (Hons.), M.A., LL.B, Ph.D.; Mamoo Rajab, B. Com., LL.B; Pierre Cronjé, B.Sc. (Hons.), PR. Eng. Jan van Eck, B.A. (Hons.); Wynand Malan, B.A., LL.B.
Voor, van links: Kobus Jordaan, B.Sc. (Hons.); Errol Moorcroft, B.A. (Hons.), M.Litt.; Pieter Schoeman, B.A. (Hons.) BD, Theo. Drs.; Colin Eglin, B.Sc.; Dene Smuts, B.A. (Hons.).

Die nalatenskap van die Nasionale Party is 'n diep verdeelde nasie. Om blywende vrede en ekonomiese groei te verseker, het ons 'n regering nodig met die geloofwaardigheid, die kundigheid en die vertroue om met almal te onderhandel – van die ANC tot die AWB. Ons het 'n Demokratiese Party-regering nodig.

Die DP is reeds besig om die onderhandelingsproses te bespoedig deur konflik te ontlont en 'n klimaat van wedersydse vertroue en respek te skep.

Maar ware onderhandeling kan eers plaasvind wanneer die inperking op mense opgehef, rassewetgewing afgeskaf en die noodtoestand opgehef word. Ware onderhandeling vereis stabiliteit. Ons sal dus sorg dat wet en orde gedurende hierdie tydperk gehandhaaf word.

Daar is net een manier waarop Suid-Afrikaners hul toekoms kan bepaal. En dis sáám. Deur met mense te praat en na hulle te luister, sal ons ons nuwe nasie bou.

**Beveilig u toekoms. Stem DP**

DP

**Demokratiese Party**

*Een Nasie. Een Toekoms.*

WILSON, KELLER & ASSOC 4852 Uitgegee deur J. Selfe, Roelandstraat 2, Kaapstad


# Verrassing in hartland van Afrikanerdom?

**Jacques Pauw**

IN die hartland van Afrikaner-intellektualisme, Stellenbosch, woed 'n woeste verkiesingstryd tussen 'n jong knaap uit die Swartland en een van die Nasionale Party se sogenaamde "New Nats".

Aanduidings dat jong Afrikaners en studente die Nasionale Party in groeiende getalle verlaat en hul steun aan die 26-jarige kandidaat van die Demokratiese Party, Hennie Bester, toesê, kan daarvoor sorg dat Stellenbosch op 6 September een van die verrassendste verkiesingsuitslae lewer.

Meningsopnames wat onlangs deur Jannie Gagiano van die departement van politieke wetenskappe onder Stellenbosse studente gedoen is, toon dat sowat sewe persent van die studente die NP verlaat het en vir die DP gaan stem.



**Hennie Bester, 26, DP-kandidaat op Stellenbosch**

Daarby glo prof Hennie Kotze, hoof van die departement politieke wetenskappe, dat vroue vir Bester gaan stem omdat hy meer "sex appeal" het as sy NP-teenstander, Piet Marais!

Min politieke ontleders gee Bester enige kans om dié belangrike setel vir die DP in te palm. In die verkiesing van 1987 het Marais 1 781 stemme meer as sy onafhanklike teenstander, Esther Lategan, verwerf. Lategan het die NP-meerderheid egter met 75 persent verminder.

Gagiano sê daar is geen twyfel nie dat daar 'n swaai na die DP op Stellenbosch is. Die DP het daarin geslaag om linkse steun op die dorp te verenig en meer Afrikanersteun te trek.

Volgens die organiseerder van die DP op Stellenbosch, Jan Bester, toon sy syfers dat die DP nou 48 persent van die steun op Stellenbosch het en die NP 40 persent.

Die res is onseker of gaan nie stem nie.

Marais verwerp die DP se aanname en sê sy opnames toon dat die NP met 'n groter meerderheid kan wen.

Hy sê dorpenaars wat in 1987 vir Lategan gestem het, keer terug na die NP terwyl daar min verskil onder studentesteun is.

Hy wou egter nie sy syfers bekend maak nie.

Lategan, ondanks haar persoonlike aanhang op die dorp, se organisasie in 1987 was swak. Sy het nie studente geregistreer nie en min werwingswerk onder hulle gedoen.

Daarteenoor is die DP met 'n grootse poging op Stellenbosch besig.

Ná die stigting van die kampustak in April is 800 studentelede binne ses weke ingeskryf en sowat 2 000 studente het as kiesers by die DP-stalletjies geregistreer.

Die DP het ook daarin geslaag om 66 persent van die oud-Maties wat as kiesers op Stellenbosch geregistreer is - maar nie meer daar woon nie - op te spoor.

Bester trek tot dusver heelwat meer mense by sy openbare vergaderings as Marais.

Met sy eerste openbare vergadering in die Stellenbosse stadsaal was daar 1 100 mense. Die volgende week het Barend du Plessis net 600 mense gelok.

Bester, die Idasa-leier dr Van Zyl Slabbert en die oud-Springbok-rugbykaptein Morné du Plessis het gisteraand 'n openbare vergadering op Stellenbosch toegespreek.

"Sedert die begin van die veldtog spreek Hennie daagliks meer as twee koshuise tydens die middag- en aandetes toe. Hy kan ook nie voorbly om huisvergaderings toe te spreek nie," sê Jan Bester.

Honderd kampusleiers en sportmanne het onlangs 'n dokument ter ondersteuning van Bester onderteken.

'n Groot groep van dié studente is primariusse van koshuise en rugbyspelers soos Guy Kebble, Hans en Ernst Scriba en die tennisspeler Renée Uys.

Gagiano sê volgens sy berekenings steun sowat 35 persent van die studente die DP teenoor 28 persent in die vorige verkiesing. Hy meen sowat tien persent Afrikaanssprekendes steun nou die DP.

"Die feit dat daar nie vanjaar 'n regse kandidaat staan nie, bevoordeel die NP.

"Het daar 'n KP-kandidaat gestaan, het die DP die setel gevat. Ek voorspel dat indien die verkiesing nóú gehou word, die NP met sowat 800 stemme sal wen," sê Gagiano.

Marais sê sy veldtog toon 'n duidelike swaai terug na die NP.

Hy sê die "emosionele golf" wat veral dorpenaars in 1987 vir Lategan laat stem het, is vanjaar afwesig.

(Berig deur Jacques Pauw van Breëstraat 153, Johannesburg)



**Esther Lategan**


## Departement Afrikaans Fakulteit Lettere en Wysbegeerte Windhoek

Die Universiteit van Namibië, geleë in Windhoek, is 'n jong instelling in die proses van ontwikkeling en bied 'n onvergelyklike akademiese milieu vir personeel en studente. Windhoek is die hoofstad van 'n land op die drumpel van opwindende ontwikkelingsgeleenthede vir almal. Ons wil graag die volgende aanstelling maak:

# Senior Lektor/ Mede-Professor

## in die Afrikaanse Letterkunde Kontrak/Permanente Aanstelling

Die Departement Afrikaans is verbind tot die beskrywing en bevordering van die veeltalige erfenis van Namibië en wil 'n konstruktiewe bydrae lewer tot die proses van nasiebou. In die pos bring dit verpligtinge mee soos: ● skakeling met gemeenskaporganisasies ● aanpassing van leerplanne ● *samestelling van eietydse Namibiese literatuur.*

Verdere akademiese betrokkenheid behels 'n kennis en belangstelling in vergelykende literatuurstudie en omvattende navorsingswerk bykomend tot onderrig en ad hoc-projekte. Die pligte van die departementele voorsitter sal ook op sy/haar skouers rus.

Nie-akademiese eise waaraan die kandidaat moet voldoen, is aanpassing by snel veranderende omstandighede, dinamiese denke en 'n sin vir menseontwikkeling.

Die ideale kandidaat moet verkieslik beskik oor 'n doktorsgraad en ondervinding verwant aan bogenoemde posbeskrywing. Ervaring van skeppende skryfwerk sal 'n aanbeveling wees.

Die kontrak kan vir 'n tydperk van 3 jaar gesluit word met die moontlikheid van 'n permanente aanstelling daarna.

**Datum van diensaanvaarding:** 1 Januarie 1990.

**Sluitingsdatum:** 8 September 1989.

**Kontakpersone:** Mej. S. Damon by (061) 307-2146 of Mej. A. van Rhyn by (061) 307-2002

**Diensvoordele:** Die Universiteit van Namibië bied mededingende salarisse en die volgende byvoordele: ★ pensioenskema ★ mediese hulpskema ★ verpligte groepversekeringskema ★ diensbonus ★ huiseienaarskema ★ ruim verlofvoordele ★ verhuisingskoste.

**Aansoekprosedure:** Skriftelike (of voorlopige telegrafiese/faks-) aansoeke moet vergesel wees van 'n curriculum vitae met volledige besonderhede van huidige salariskerf en -skaal, verhogingsdatum, vroegste datum van diensaanvaarding asook die name van drie vakreferente, en moet gerig word aan: Die Personeeldepartement, Universiteit van Namibië, Privaatsak 13301, Windhoek 9000 (of teleks 56727 of faks (061) 307-2444).

Universiteit van Namibië

INGELYF BY DIE AKADEMIE

Opleiding vir jou toekoms

ARK DIE BESTE MENSE VIR DIE TAAK

S2035/P177

# Kies 'n hanswors vir dié sirkus

**Jacques Pauw**

GAAN stem op 6 September vir 'n huis van hansworse waar 22 uit die 45 Parlementslede die afgelope vyf jaar van party verander het!

Waar 'n leier van 'n party weens bedrog aangekla is, 'n LP gemoor het en waar omkoopgeld vinniger van hande verwissel as aandele op die Johannesburgse Effektebeurs.

Met die verkiesing vir die Huis van Afgevaardigdes op 6 September kan Indiër-kiesers 'n oordeel vel oor die driekamerstelsel wat in 1983 deur die regering op die lewens van 840 000 Indiërs in Suid-Afrika afgedwing is.

Terselfdertyd kry 1,8 miljoen bruin kiesers die geleentheid om 80 lede vir die Huis van Verteenwoordigers te kies.

In teenstelling met die amperhisterie en opgewondenheid onder blanke kiesers, is daar maar min geesdrif vir die verkiesing van dié twee huise van die parlement.

So min belangstelling is daar vir dié twee verkiesings, sê aktiviste wat hulle teen deelname beywer, dat die boikot-aksie in Wes-Kaapland so te sê tot stilstand gekom het omdat daar in elk geen belangstelling vir die verkiesing is nie.

Volgens verslae is daar in veral stedelike gebiede min geesdrif vir die verkiesing: bykans geen plakkate word gesien nie, min vergaderings word gehou en daar is bloedweinig stemwerwers wat die rondte doen.

Ondanks die feit dat die Arbeidersparty sê daar is 'n lewendige belangstelling in die verkiesing en dat meer mense as ooit tevore dié party steun, meen anti-verkiesingsaktiviste dat stempersentasies aansienlik laer kan wees as in 1983.

In 1983 was die stempersentasie in die Huis van Afgevaardigdes 'n skrale 20,3 persent. Ná vyf jaar se politieke korrupsie en chaos word 'n nog laer stempersentasie vanjaar verwag.

Die Huis van Afgevaardigdes het die afgelope vyf jaar geen bydrae gelewer tot enige staatkundige hervorming, afskaffing van apartheidswette of opheffing van sy gemeenskap nie.



Alan Hendrickse

'n LP van Amicand Rajbansi se National People's Party (NPP), sê: "Indiërs stel doodeenvoudig net nie belang in verkiesings nie. Daarom gaan nie baie stem nie. 'n Lae stempersentasie beteken nie die meerderheid is anti-deelname nie. Mense wil net nie betrokke raak nie."

In teenstelling met Rajbansi se kaperjolle kan die Arbeidersparty hom ten minste daarop roem dat hy 'n aandeel gehad het in die afskaffing van die Wette op Instromingsbeheer, Gemengde Huwelike, die Pas- en Ontugwet.

Die LP vir Addo en skakelbeampte van die Arbeidersparty, Peter Hendrickse, sê: "Ons is gekant teen die driekamerstelsel omdat dit etnisiteit verskans. Ons neem deel om apartheid af te breek. En ek glo ons rekord die afgelope vyf jaar toon dat ons gedeeltelik daarin geslaag het.

"Skole, hospitale en woonbuurte onder ons beheer is oop vir almal. Met ons in die Parlement het pensioene verdubbel. Waar daar nog in 1980 een onderwyser vir 45 kinders was, het dit nou verminder tot een onderwyser vir 25 kinders. Meer huise is ook gebou. Hoekom het dít nie voorheen gebeur nie?" vra hy.

Hendrickse sê baie meer bruinmense is nou as kiesers geregistreer en daarom gaan meer mense stem. Hy sê daar is op plekke geweldige intimidasie wat die stempersentasie laag kan hou.

Massavergaderings teen deelname aan die verkiesing is tot aan die einde van die naweek gereël. In Johannesburg, Kaapstad en Durban is daar daagliks groepe mense wat huisbesoek doen en kiesers vra om nie te stem nie. Plakkate teen die verkiesing word ook beplan.

Henry Jeffreys, die bestuurder van gemeenskapsverhoudinge van die Stedelike Stigting en gemeenskapsleier op Reigerpark naby Boksburg, sê nog net een van die kandidate op Reigerpark het 'n enkele vergadering gehou wat deur 'n skamele 100 ondersteuners bygewoon is.

Hy sê waar mense in 1983 nog bang was om te sê hulle is gekant teen deelname, het 1 500 inwoners van Reigerpark 'n openbare dokument teen die verkiesing onderteken. Waar 54 persent van die inwoners in 1983 gestem het, glo hy baie min gaan op 6 Septemeber deelneem.

Een van die organiseerders van die versetveldtog, aktivis teen deelname en leier van die Call of Islam, Fareed Essack, sê die gedagte vat al hoe meer onder bruinmense en Indiërs pos dat dit immoreel is om te stem.

"Ons propageer nie meer net 'n boikot van die verkiesing nie. Die versetveldtog, wat alle vorme van apartheid teenstaan en uitdaag, sluit ook die verkiesing in. Maar dit is in teenstelling met 1983 'n positiewe boodskap.

"Mense moet hulle nie blindstaar teen stempersentasies nie. Ons vind talle mense wat al gestem het sonder dat hulle eintlik geweet het vir wie en waarvoor. Hulle word opgelaai en met bussies aangery stemlokale toe.

"Al hoe meer mense sê hulle gaan nie stem nie. 'n Konserwatiewe organisasie soos die Raad van Moslems hou die naweek byvoorbeeld vyf versetvergaderings waar mense gevra gaan word om nie te stem nie," sê Essack.

(Berig deur Jacques Pauw van Breêstraat 153, Johannesburg)


## *Kerksaamtrek vir Vrede*

**Kerke, deur die "Staan vir die Waarheid"-veldtog, doen 'n beroep op alle Suid-Afrikaners wat vrede in die land wil bewerkstellig om 'n nasionale vredediens by te woon.**

**Plek: Jabulani-amfiteater, Soweto**

**Datum: Saterdag, 2 September**

**Tyd: 2 nm**

**Sprekers: Kerkleiers insluitende:**

**Aartsbiskop Desmond Tutu**

**Dr Allan Boesak**

**Eerwaarde Dr Frank Chikane**

**Die komende apartheidsverkiesing word deur leuens gekenmerk wat Christene geen alternatief laat as om vir die waarheid te staan en te veg nie. Ons, as die kerke, glo dat almal wat werklik in 'n vreedsame oplossing vir Suid-Afrika glo, daartoe verbind is om hulle wense en gebede vir vrede in ons land te verklaar.**

**Dit is nóú tyd om Apartheid te vernietig, dit is nóú tyd om vrede in ons land, Suid-Afrika, te bewerkstellig.**

**Staan vir die Waarheid-veldtog**

# 'Witmense moet besef hulle is deel van die meerderheid'

**In 1987 het dr Denis Worrall homself losgemaak van die Nasionale Party toe hy as ambassadeur in Londen bedank het. In 1987 het hy as 'n onafhanklike gestaan en in 1988 die Onafhanklike Party gestig. Met die stigting van die Demokratiese Party is hy as 'n mede-leier aangewys. ELSABé WESSELS het hom oor sy politieke standpunte uitgevra.**



Dr Denis Worrall *(Foto: Guy Tillim - Afrapix)*

**HET jou politieke denke verander sedert jy as ambassadeur van London af teruggekeer het?**
**Worrall:** Ja, veral oor die toekomstige Suid-Afrika wat ek geskep wil sien en ook wat strategie betref. Ek het 'n meer volwasse uitkyk oor hoe ek wit Suid-Afrika binne die konsep van 'n Suid-Afrikaanse nasie sien inpas. My vertroue hierin gee my die oortuiging om die nuwe konsep aan wit kiesers uit te dra.

**Wat beskou jy as die belangrikste deurbraak wat jy gemaak het?**
**Worrall:** Om nie aan wit Suid-Afrikaners as 'n minderheid te dink nie. Die belangrikste verskil tussen die Nasionale Party en die DP is die NP se obsessie met getalle. Ons sê dat wit Suid-Afrikaners hulle belange van voor af moet bepaal. Hulle moet hulle nie vaskyk teen getalle en dink hoe daardie getalle in 'n regering verteenwoordig gaan word nie. Hulle moet 'n bestekopname doen van die waardes en belange wat hul vir hulself eis en kyk hoe dit in 'n nuwe regering en nuwe grondwet ingebou kan word.

Dit is die kritieke verskil tussen die DP en die NP. Omdat die NP besef elke stap na 'n nie-rassige apartheidlose SA is 'n stap weg van NP-baasskap, grond hulle hul argument op getalle in 'n poging om blankes bymekaar te hou. Die NP fokus dus op die kwessie van 'n wit minderheid en 'n swart meerderheid om sy mag te behou, want sy hele beleid is daarop geskoei om wit kiesers in 'n eenheidsfront teen swart te hou.

Ons sê dit is vol gebreke en gevaarlik en 'n resep vir 'n ramp. Dit verbind wittes tot die rol van 'n politieke minderheid en waarborg so te sê swart meerderheidsregering op die hakke van geweld.

**Wat is die boodskap wat die DP aan kiesers uitdra ten opsigte van 'n wit minderheid?**
**Worrall:** Ons sê wit Suid-Afrikaners moet nie na hulle velkleur kyk nie, want sodoende maak hulle van hulself 'n minderheid. Hulle moet eerder kyk na wat hulle vir hulself wil hê en probeer vasstel hoeveel miljoen swartmense daardie waardes met hulle deel. Swartmense wil ook die sekuriteit van hul eiendom hê, hulle wil openbare dienste hê, hulle wil geloofsvryheid hê, hulle wil skole vir hulle kinders hê, hulle wil vryelik aan die ekonomie kan deelneem, hulle wil aan die politiek kan deelneem, hulle wil kan reis en trots wees op hul land. Miljoene swartmense ondersteun 'n vryemarkstelsel. Nie een van dié eise het iets met velkleur te make nie. Dit is algemene waardes wat deur miljoene Suid-Afrikaners, ongeag van kleur, gedeel word. As blankes dit besef, sal hulle besef dat hulle deel van die meerderheid is en nie deel van die minderheid nie.

**Dink jy wit kiesers is gereed om heeltemal weg te beweeg van kleurvooroordele?**
**Worrall:** Ek vind dat 'n toenemende getal wit kiesers met nuwe begrip na die land kyk. In twee belangrike opsigte sien ons 'n herhaling van 1948. Eerstens is daar 'n diepliggende sosiale en politieke ontevredenheid. Die kieser soek na die oorsprong van die probleem en vind dit in die regering. Soos in 1948 is daar ook 'n gevoel van dringendheid om rasseverhoudinge aan te spreek. Wit kiesers aanvaar miskien nog nie heeltemal die konsep van nie-rassigheid nie - hulle is nog 'n bietjie onseker - maar daar is 'n duidelike gevoel dat apartheid nie langer geduld kan word nie.

**Hoe belangrik is dié verkiesing vir jou?**
**Worrall:** Dit kan 'n waterskeidng in wit denke wees. Vir ons is 6 September 'n referendum. 'n Referendum tussen die verlede en die toekoms. Dit gaan aan wit kiesers die geleentheid bied om 'n baie eenvoudige boodskap aan swart Suid-Afrikaners en die internasionale gemeenskap uit te dra. Hulle moet besluit of hulle klaar is met apartheid of nie.

**Wat is die belangrikste strydpunte in die verkiesing?**
**Worrall:** Die ekonomie, veiligheid en die staatkundige pad vorentoe. Soos wyle dr Gerhard de Kock gesê het: die ekonomie sal nie regkom voordat die politiek nie reggekom het nie.

**Wat is jou gevoel oor die Nasionale Party?**
**Worrall:** Die NP is in 'n morele, intellektuele en politieke krisis. Dit is duidelik te bespeur in die sinisme van hul verkiesingsmanifes. Hulle praat van geregtigheid terwyl hulle toelaat dat ongeregtigheid seëvier. Hulle praat van die einde van apartheid terwyl apartheid daagliks afgedwing word. NP-retoriek stem net nie ooreen met die werklikheid soos ons dit onder hul regering ervaar nie. Boksburg is 'n voorbeeld van die Nasionale Party wat aanspraak wil maak op moraliteit ten koste van die Konserwatiewe Party, terwyl hulle weier om die Wet op Afsonderlike Geriewe te skrap.

Waar die NP sy ontstaan gehad het om Afrikaner-ideale te bewaarheid, het dié party egter onder die valse voorwendsel van Afrikaner-ideale homself vasgevang in kleur, ras en afsonderlikheid. Die NP is nie meer die party van die Afrikaner nie en ook nie meer die party van oorspronklike apartheid nie. Dit is 'n party wat in hoofsaaklik rassistiese terme met die kiesers praat deur blankes die versekering te gee dat hulle die enigste party is wat wit belange kan beskerm. Die NP dwing 'n konflik tussen wit en swart af.

**Waarom dink jy beweeg Afrikaners vir die eerste keer in groot getalle weg van die Nasionale Party?**
**Worrall:** Daar is 'n duidelike gevoel dat die NP te lank regeer het. Die NP het vir homself 'n swak rekord gebou. Nege jaar lank het min Chris Heunis die onderhandelingsproses aan die gang probeer kry, maar sonder welslae. Nou gebruik De Klerk dieselfde retoriek vir dieselfde leë beloftes. Al hoe meer kiesers sien die kontradiksie tussen gedwonge apartheid op strande en in die woonbuurte terwyl die regering die einde van apartheid verkondig. 'n Duidelike besef dat ons 'n keerpunt bereik het, is besig om pos te vat - veral as 'n mens kyk na binnelandse gebeure en internasionale druk.

**Waarom dink jy staan die DP 'n beter kans in die verkiesing as die ou PFP?**
**Worrall:** Ons het 'n nuwe beeld en ook 'n breër basis. Die aanslag is ook anders. Talle DP-ondersteuners is oud-Nasionaliste wat uit 'n wen-tradisie kom. Hulle dink nie in opposisie-terme nie. Hulle dink positief. Hulle glo nie daarin om die Natte swart te smeer nie. Hulle beskou die DP as die party van die toekoms - as 'n toekomstige regering. Ons is 'n party van hoop. Ons is nie onrealisteis nie.

Die NP se redding is daarin geleë dat die kiesers onseker is of die NP na 41 jaar verslaan kan word. Daarom glo ons dit is belangrik om met die verkiesing 'n wipplank-parlement af te dwing en sodoende te bewys dat die NP wel verslaan kan word. Ons beskou dit as die eerste stap na 'n nuwe regering.

**Alles dui daarop dat die NP op 6 September sy meerderheid sal behou. Wat is die toekoms van die DP?**
**Worrall:** Ek voorsien dat die DP goed gaan vaar. Ek voorsien ook dat die NP-meerderheid aansienlik gaan krimp. 'n Wipplank-parlement is nie 'n onrealistiese vooruitsig nie.

Maar wat ons nou sien, is dat die NP sterk na 'n DP-posisie beweeg. Die NP probeer die DP se klere steel. Die DP is op die oomblik die teiken van die NP. FW de Klerk se besoeke aan Afrika-lande hier vlak voor die verkiesing is 'n voorbeeld daarvan. Dié nuwe retoriek van De Klerk is ook DP-woordeskat. Sodoende probeer die NP die aandag van hul eie swak rekord aflei.

As 'n party speel ons dus 'n belangrike rol om die politieke program te bepaal. Wat ook al die uitslag van die verkiesing, die DP sal 'n belangrike rol speel om die onderhandelingsproses te laat plaasvind. Die DP sal aanhou om 'n belangrike rol in die proses te speel.

Ek dink dit is die laaste verkiesing in die huidige vorm. Ek voorsien 'n nuwe, verligte politieke alliansie. Daar is genoeg Nasionaliste wat bereid is om hul basis te verskuif. As die DP goed vaar, is 'n herverdeling van steun nie onmoontlik nie.

**Dit lyk egter of die DP momentum verloor het deur die hoë profiel wat FW met sy Afrikadiplomasie geniet.**
**Worrall:** Te oordeel aan die groot getal mense wat steeds by ons vergaderings opdaag, dink ek nie ons het momentum verloor nie. De Klerk het met sy kontakte sterk media-dekking gekry, maar ek dink die kiesers besef dat die antwoord vir Suid-Afrika se probleme hiér en nie elders lê nie. Gesprekke met Afrika-leiers kan nie vergoed vir die gesprekke wat nie tuis met erkende leiers gevoer word nie. Terwyl De Klerk by Mobutu sit en praat, word die mense met wie hy tuis veronderstel is om mee te praat verder vervreem. Terwyl hy 'n hand van welwillendheid na Afrika-leiers uitsteek, gebruik hy 'n ystervuis teen dié leiers met wie daar in Suid-Afrika gepraat moet word.

**Watter rol kan dié verkiesing speel om die eise van die anti-apartheidsversetfront aan te spreek?**
**Worrall:** Dit is belangrik. Die verkiesing kan nie geïgnoreer word nie. Want om die verkiesing te ignoreer, is om die rol van witmense in Suid-Afrika te ignoreer. Sowat 90 persent van die blankes fokus hul aspirasies op die parlementêre politiek. Ek dink blankes het 'n baie belangrike rol om te speel. Uit 'n negatiewe oogpunt beskou, is dit die houding van wit kiesers wat gaan bepaal hoeveel geweld ons in die land gaan sien. Uit 'n positiewe oogpunt het wit Suid-Afrikaners nóú die geleentheid om die geweld te beëindig en 'n aandeel in die toekoms te hê.

**Wat is die DP se voorstelle vir 'n oorgang tot onderhandeling?**
**Worrall:** Die belangrikste stappe wat eers gedoen sal moet word, is die opheffing van die noodtoestand, die bevryding van swart politiek, die vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes, die wettiging van verbode politieke organisasies en die afskaffing van apartheidswetgewing.

*'Ons sê wit Suid-Afrikaners moet nie na hulle velkleur kyk nie, want sodoende maak hulle van hulself 'n minderheid. Hulle moet eerder kyk na wat hulle vir hulself wil hê en probeer vasstel hoeveel miljoen swartmense daardie waardes met hulle deel.'*

(Berig deur Elsabé Wessels van Breestraat 153, Johannesburg)

# Christene breek apartheid se grense af

"HEITA!" het die groetery teen Sondag op township-manier weerklink nadat blanke besoe-kers verlede Vrydagmiddag skamerig-formeel hul swart gashere en - vroue in Atteridgeville met 'n "Good afternoon, pleased to meet you" gegroet het.

Vir die meeste besoekers, deel van 'n groep van sowat 100 blankes wat op uitnodiging van die Christelike organisasie Koinonia die naweek in die swart township deurgebring het, was die afstand wat hulle afgelê het veel groter as die stuk of 10 kilometer tussen "blanke" Pretoria en Atteridgeville.

Baie van hulle, van klein kindertjies tot ou omies en tannies, was nog nooit in hul lewens in 'n township nie - wat nog te sê 'n naweek daar deurgebring.

Maar Saterdagaand in die sjebeen in Koedoestraat het dit gelyk asof almal heel tuis is, of hulle nou van Waterkloof, Atteridgeville, Nieu-Seeland of die VSA af kom.

Godsdiens, politiek, feminisme - alles onder die son is tot laatnag bespreek. Vir sommige blanke besoekers, wat gespeen is op NP-propaganda oor die breë demokratiese beweging en sy voorgangers se gewelddadige oogmerke, was dit 'n openbaring toe hulle besef dat Titus Mafolo - een van die gashere saam met wie hulle gebly het, op die kerkbanke en in die sjebeen gesit het - een van die leiers in die breë demokratiese beweging is. Hulle was ook verbaas om te hoor dat hy pas van die VSA teruggekeer het, waar hy onder andere met pres George Bush samesprekings gevoer het.

Eerw Frank Chikane, sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, se preek

**'n Groep van sowat 100 blankes het verlede naweek in Atteridgeville deurgebring. Hoewel die township net 10 kilometer buite Pretoria geleë is, was die reis wat hulle afgelê het veel groter. ANTON STEENKAMP was saam**

Saterdagmiddag het sommige Christene wat in die Calvinistiese tradisie grootgeword het, effens ongemaklik laat voel.

Só is hulle nog nooit gekonfronteer met die lyding van swart Christene onder die apartheidstelsel, en met die vraag wat hulle as blanke Christene daaromtrent behoort te doen nie.

"Die jongmense in die township neem my kwalik omdat ek nog 'n vreedsame oplossing bepleit," het Chikane gesê. "Maar die Evangelie vra versoening en geregtigheid. Ons sal die onregverdige apartheidstelsel vreedsaam beveg, selfs wanneer ons leiers in die tronk gegooi word."


Chikane het die besoekers gevra om hul Christenskap in die konteks van die samelewing te beoefen en hulle te verbind tot geregtigheid.

Die kerkdienste oor die naweek, wat deur verskeie predikers van *verskillende denominasies gelei* is, is afgewissel met gesange in Afrikaans, Engels en Sotho.

"Die gemeenskap wat ons hier ondervind het, was wonderlik," sê Jean Jeannot. "Ek was half skrikkerig oor wat ek hier sou aantref, maar ek het net gasvryheid en warmte gevind."



**(Bo) Dis nooit te laat om mekaar te leer ken nie...**
***(Foto: Anton Steenkamp)***



**(Links) Eerw Frank Chikane**
***(Foto: Richard Olivier - Select)***

Tog het die lewensomstandighede in Atteridgeville geskok. David Dasari, 'n wetenskaponderwyser van Laudium, kon nie glo dat die wetenskapklaskamer van die skool wat hy besoek het, nie eens oor 'n laboratorium beskik nie.

Selfs agter die drie- en vierkamerhuise staan opslaan-sinkhuisies wat onderverhuur word vir om en by R50 'n maand.

Talle van die probleme rondom die infrastruktuur en onvoldoende geriewe is die gevolg daarvan dat die swart stadsraad as 'n regeringstruktuur sonder legitimiteit beskou word.

Alternatiewe strukture wat gestig is om die township skoon te maak en ander dienste te verrig, is verbied omdat hulle onder die vaandel van die UDF gewerk het.

"Ek is verbaas dat dié mense nog bereid is om ons as blankes so vriendelik te ontvang," het Ernest Cox Sondag opgemerk. "Dis vir my onverklaarbaar dat hulle nie lankal tot geweld oorgegaan het om van apartheid ontslae te raak na soveel jare se vreedsame pogings nie."

Toe nuwe vriende Sondagmiddag na die erediens van mekaar afskeid neem, het die groep hulself uit Christelike oortuiging verbind tot verdere optrede om die grense van apartheid op 'n vreedsame manier te oorbrug.


**Vrye Weekblad**

*MEER AS NET 'N KOERANT...*

**Ons begin volgende maand met 'n reeks spesiale bylaes:**

*Vrydag 6 Oktober*
BOEKE

*Vrydag 17 November*
PERSOONLIKE FINANSIëLE BEPLANNING

*Vrydag 1 Desember*
OMGEWING EN BUITELEWE

Om in dié bylaes te adverteer, skakel ons advertensie-bestuurder, Gwynne Bramley Wray, by (011) 836 2151


## *Van Afrikaner tot Afrikaan oor 'n naweek*

**CHRISTOFFEL BLEEKER, onder sy vriende bekend as Toffie, se ouers stem vir die Konserwatiewe Party. Hulle het nie geweet hy gaan die naweek Atteridgeville toe nie.**

**"Vanaand gaan ons baklei," gee Toffie Sondagmiddag toe. "Ek sal net eers moet kyk of my KP-broer die naweek my kar reggemaak het!"**

**Maar politieke verskille sal nooit hul hegte gesinsbande verbreek nie.**

**As 'n mediese student in sy tweede jaar aan die Universiteit van Pretoria is dit Toffie se eerste besoek aan 'n swart township. ("Ek haat die woord lokasie.")**

**"Ek stem lankal nie meer saam met my ouers nie, maar ek wou self kom kyk wat aangaan," vertel hy.**

**Hy het van Koinonia, wat die naweekbesoek gereël het, deur sy betrokkenheid in die Gereformeerde Kerk se jeugbeweging gehoor.**

**"Voor hierdie naweek het ek nog nooit 'n Christen-swartmens ontmoet nie. Die mense het my verbaas - hulle is so geleerd en intelligent, en hulle weet baie meer van die politieke situasie in die land as die meeste van my blanke vriende."**

**Toffie het die naweek Reeves Mabitsi, nasionale koördineerder van Regslui vir Menseregte, se bed gedeel.**

**"Ek was verbaas om te hoor Reeves en die ander comrades wil die koek deel, hulle wil nie die blankes in die see in jaag nie.**



**Toffie Bleeker staan en gesels met Emelda Damane en Carole Pretorius buite die AME Kerk in Atteridgeville**
***(Foto: Anton Steenkamp)***

**"Toe Reeves vanoggend by die huis met vier Sondagkoerante opdaag, het ek Vlok se woorde met ander oë gelees. Mense neem deel aan 'n vreedsame optog of gaan strand toe, en dan gebruik die polisie geweld om hulle uitmekaar te wiks!"**

**Toffie het skoolgegaan op Bronkhorstspruit, "sommer so 'n plaasskooltjie," en later op Afrikaanse Hoër Seunskool.**

**"In kadette het ons geleer die ANC is die Antichris. Ek het nooit besef daar is soveel Christene wat hulle idees ondersteun nie."**

**Wat hy in Atteridgeville geleer het, wil Toffie graag in die koshuis - "die hele gang bo my stem KP" - en in die kerk gaan oordra.**

**"Ek was nooit bewus dat mense so mishandel word onder die regering se apartheidstelsel nie. Ons sal net deur 'n gelyke onderwysstelsel en gelyke geleenthede 'n oplossing kan vind."**

**Sondagmiddag in die gesamentlike diens het Toffie in 'n volgepakte diens sy getuienis gelewer:**

**"Dit het een naweek in Atteridgeville gekos om my van 'n konserwatiewe Afrikaner in 'n Afrikaan te verander. Ek het julle idees, kos en selfs 'n bed gedeel.**

**"Van hier af sal ek teruggaan en met my vriende, my familie en politieke kandidate praat oor wat ek ondervind het. Hopelik sal ons eendag gelukkig as Suid-Afrikaners kan saamleef.**

**"Dis 'n voorreg om 'n comrade te wees. Nkosi Sikelel'iAfrika."**

# Lekkerlees Staffrider op die rak

**Victor Munnik**



*Anguish* deur Lallitha Jawahirilal. In 'n boeiende onderhoud in die nuwe Staffrider vertel dié kunstenaar-in-ballingskap hoe apartheid (by name die Groepsgebiedewet) haar kinderdae van relatiewe welvaart na armoede verander het, en watter invloed dit op haar en haar kuns gehad het.

'N NUWE en baie interessante Staffrider - vol 8 no 2 - is nou op die winkelrakke.

Jeremy Cronin - bekroonde digter wat nou in Lusaka woon en werk - skryf 'n meelewende, insiggewende ontleding van strydpoësie. Sy opstel, waarin die werk van Mzwakhe Mbuli die meeste voorbeelde lewer, vertel meer van die toyi-toyi, poësie-optredes by vakbond- en ander politieke saamtrekke, en verwys ook na verdere bronne oor 'n onderwerp wat al meer aandag geniet - en dit ook verdien.

Twee fotograwe - Paul Weinberg en Santu Mofokeng, wat mekaar vanuit verskillende kante van die donkerkamer leer ken het - praat oor 'n gesamentlike tentoonstelling waarin hulle altwee na hul agtergronde gaan kyk het.

Michael Shackleton sorg vir 'n verrassende, humoristiese kortverhaal waarin die stryd tussen Katoliek en Protestant op 'n klein Afrikaanse dorpie beskryf word.

Kaizer Nyatsumba ondersoek die dilemma van 'n geleerde wie se familie allerhande goed van hom verwag.

Twee digbundels - Basil du Toit se Home Truths en Douglas Reid Skinner se The Unspoken - word oor een kam geskeer deur Dirk Klopper in 'n resensie wat nie net die vaardighede van die kunstenaars bespreek nie, maar ook die intellektuele en ideologiese keuses van die digters en hul uitgewer, Carrefour Press.

In twee briewe word die implikasies van die kultuurboikot mooi uitgespel vir 'n akademikus wat nie die kanale lekker gevolg het nie.

En dan is daar, soos gewoonlik, 'n oorvloed van gedigte. In *Daar is Cold War* laat Martin Mashele sy Afrikaans saam met ander Afrikatale praat:

*"Die shot van ys is hard my broer!*
*U za uzwa u ngathi u ya cha!*
*Ek sal die chakachaka bel...*
*Daar sal 'n ontploffing by die kraal wees...*
*Daar is klaar 'n tension daar.*
*Jy ken moes 'n darkie is 'n darkie...*
*Hulle wil my ditch mfowethu...*
*Hulle vat my soos 'n naar nine...*
*'n Voëltjie het vir my gefluister en sê*
*Hulle sê ek is 'n papilon*
*Aha jy ken moes...*
*Die tough mekokotlo wat wil gepluister...*
*Maar it has been droog in die Kalahari Baba...*
*Die bo ellisbrown creamer het hulle naar gemaak."*

Staffrider, wat R3.95 per uitgawe kos, word uitgegee deur Ravan onder redakteurskap van Andries Oliphant.

boeke blad

**Onder redaksie van VICTOR MUNNIK**

# *Tlali belig problematiek van swart vrou*

**Footprints in the Quag deur Miriam Tlali, uitgegee deur David Philip teen R19,95 plus AVB. Resensie deur JEANETTE FERREIRA**



Miriam Tlali

AS Es'kia Mphalele skryf oor die gebrekkige kennis wat swart- en witmense in Suid-Afrika van mekaar het, stel hy dit soos volg: "...there is a formidable wall between black and white, and there is hardly any opportunity to get to know one another intimately. We seem to be looking at each other through a small opening in the walls between us."

Miriam Tlali se kortverhaalbundel Footprints in the Quag kan beskou word as een van die openinge in daardie muur wat mense apart hou. Die verhale bied 'n blik op die townshiplewe van Soweto waarvan die gemiddelde wit Suid-Afrikaner min weet of begryp. Die bundel belig in die besonder die komplekse sosiale problematiek van die swart vrou. Sy staan in 'n afhanklikheidsverhouding tot verskeie magte in haar lewe: dié van wit owerheid, dié van die man in haar lewe, en dié van tradisionele norme. Die vrouekarakters beleef hulle rare momente van vreugde en oorwinning, maar dit is oorwegend 'n wêreld van droefheid en teleurstelling, onmag en verwerping, en verbete pogings om te midde hiervan 'n sinryke lewe te skep.

Juis die veelkantigheid van hierdie vrou se probleme belig haar nie net as die swart vrou in 'n Suid-Afrikaanse township nie, maar ook as vrou in die universele sin van vrou-wees onder hierdie omstandighede. Sy vind verskillende uitweë vir onhoudbare situasies, maar dit lei selde tot permanente oplossings of beter lewensomstandighede.

In "Mm's-Lithoto" verlaat die verwerpte Paballo dapper haar man se huis, maar sy vind geen heenkome nie en moet noodgedwonge terugkeer, net om nóg 'n kind in die lewe te bring, "...yet another of Paballo's bundles of joy..." Die ontroue eggenoot in "Masechaba's Erring Child" se vrou vind 'n ander uitweg: sy verduur sy ontrouheid soos sy die stoutigheid van 'n kind verduur, maar haar twee vriendinne wys haar op die misleiding van so 'n houding.

Die vrou ontkom nietemin nie aan haar probleme, selfs in 'n liefdevolle en troue verhouding nie. Die wit owerheid en sy wette rig die man se lewensgang, en daarom ook hare. In "Dimomona" bly die hoogswanger vrou alleen agter wanneer haar toegewyde eggenoot onder die paswet in hegtenis geneem word. Gedurende sy gevangeskap skenk sy geboorte aan 'n tweeling. Wanneer hy terugkeer is sy liggaam egter so afgetakel van die ontberings en slae waaraan hy in die gevangenis blootgestel was, dat hy sy werk verloor: "You have paid dearly for you carelessness, my boy!" Die hele gesin bly sonder 'n inkomste, en hulle moet hul woning verlaat.

Só is dit indirek ook die owerheid wat meebring dat S'bongile haar eie pad moet vind, met Mojalefe se kind op haar rug, wanneer sy haar in "The Point of no Return" agterlaat met die woorde: "Tomorrow, when dawn breaks, we shall march... Our men will advance from differant parts of the Republic of South Africa. They will leave their pass-books behind and not feel the heavy weight in their pockets as they proceed towards the gates of the prisons of this land and of our forefathers!"

Die tradisionele norme bied beskerming aan die vrou, maar tegelykertyd bind dit haar ook, en laat dit haar dikwels weerloos. In "The Point of no Return" kan S'bongile haar op Mojalefe se vader beroep; en die agtergeblewe vrou in "Dimomona" word deur die ander mense in haar buurt aan die lewe gehou, want "a person is a person because of other people... even in a big city... people still respected the customs".

Maar binne hierdie tradisie is die vrou ook uitgelewer aan haar man wat haar uit die huis kan verdryf wanneer hy groener weivelde gevind het: "I have actually seen women go crazy because of the shock of being driven out by husbands they never knew could look at another woman".

Die vrou word nietemin nie as 'n vleklose wese voorgestel wat onverdiende lyding ondergaan nie. In die verhaal "Go in peace, Tobias son of Opperman" is dit juis die liggaamlik gestremde Jessie se selfbejammering en selfsug wat die leser se simpatie vir haar laat verskuif na die ongelukkige Tobias wat selfs vir sy dood deur haar verwyt word. So blyk dit byvoorbeeld ook uit 'n verhaal soos "Devil at a Dead End" dat die vrou aandadig kan wees aan haar eie seksuele misbruik. Maar die verhaal bied nietemin 'n bevredigende balans soos dit duidelik word dat sy tot hierdie seksuele blootstelling gedryf word deur die verwerping waaraan sy elders uitgelewer word.

Tlali slaag met hierdie verhale daarin om die beeld, die tekstuur en die gees van 'n droewe maar moedige wêreld op so 'n wyse oor te dra dat die leser meer as 'n toeskouer word, dat dit uiteindelik meer as 'n welkome opening in die skeidsmuur word: dit word 'n reis waarin die leser deelgenoot van daardie wêreld word.

# Mandela se aarde word dié aarde

**Mandela's Earth, deur Wole Soyinka, uitgegee deur André Deutsch in Londen. Resensie deur STANLEY FRIELICK**

WOLE SOYINKA was aan die begin van sy loopbaan baie nou betrokke by sy land Nigerië. Hoever sy visie sedert die jare sestig verbreed het, spreek uit hierdie werk.

Soyinka se eerste gepubliseerde werk sedert hy die Nobelprys in 1986 gewen het, begin met 'n reeks gedigte wat lofsange is aan Nelson Mandela. Maar dis geen gewone lofsange nie. Mandela se aarde word die planeet Aarde, soos die aanvangsgedigte 'n kosmiese-mitologiese konteks om die leier in gevangeskap weef:

"Your logic frigthens me, Mandela/ your logic frightens me... The call, the tempo primed/ to burst in supernovae round a 'brave new world'!"

Dit is digte, komplekse poësie, ryk aan verwysings - in tipiese Soyinka-styl. Dit weerspieël sy kragtige beheer oor Engels in kombinasie met 'n tradisionele Afrika-bewussyn. Maar Soyinka glý nooit van die tou tussen die private en die politieke nie, en soos altyd is dit die ironiese stem wat die balans gee: *"Not for you the olive branch that sprouts gun muzzles, barbed-wire garlands, tangled thorns/ To wreath the brows of black, unwilling Christs... Tell me Mandela,/ that guard, is he your prisoner?"*

In 'n diep ironiese, satiriese stuk, word Mandela vergelyk met Rudolf Hess - in 'n gedig wat geïnspireer is deur 'n opmerking van Pik Botha dat die ANC-leier aangehou word om dieselfde redes as wat die Geallieerdes Hess aangehou het. Maar uit die satire kom 'n ontstellende vergelyking van die Suid-Afrikaanse staat met Nazi-Duitsland. Nog 'n gedig word ingegee deur die inhegtenisname van Winne Mandela se deken: *"It wore, remember,/ the colours of the ANC"* - en die daaropvolgende afbrand van haar huis.

*"I know they took her spread away, Mandela,/ And now they burn the roof above her head./ How could they know, these living dead/ the flames their hands have fanned/ Inscribe the very colors they proscribe/ Across our darkest nights."*

Soyinka se besorgdheid oor Suid-Afrika is nie nuut nie. In 1976 het hy Ogun Abibiman geskryf - 'n epiese gedig opgedra aan dié wat in Soweto geval het. Hy stel homself voortdurend teen alle vorme van onderdrukking, fascisme en korrupsie. Tog het hy nooit toegelaat dat die vakmanskap van sy skryfwerk deur ideologiese of politieke spreukmakery verswak word nie. Die Mandela-gedigte eindig met hierdie enigmatiese reëls:

*"An old man of sixty-five ekes out his life/ in prison slops. The poet/ Strings you these lines, Mandela,/ To stay from stringing lead."*

Hier roer Soyinka ernstige vrae oor betrokkenheid en die politieke rol van die digter aan.

Hy het baie kritici, en is dikwels al beskuldig van irrelevansie, elitisme en 'n obskure styl. In seker die kragtigste gedig van die bundel beweeg hy weg van Suid-Afrika om sy kritici te antwoord met: "My tongue does not marry slogans". Op die ou einde is dit 'n verdediging van poësie wat verder strek as Sidney of Shelley, en weer eens sê dat dit die skrywer se plig is om goed te skryf, en al die moontlikhede van die taal te ondersoek:

*"But if phrasemongers have indeed usurped the world,/ and dreams come packaged, handy like a sausage roll,/ the poet chooses DANGER - DREAMS AT WORK./ Now mark my slogan well."*

Soyinka se drome en visioene omvat die hele wêreld. Die dekadensie van Amerika word sinies ontmasker in New York, USA, die stryd teen neo-kolonialisme word voortgesit in Appolodorus on the Niger.

Apokaliptiese beelde loop deur die versameling, maar word altyd versag deur die digter se sterk gevoel vir die mensdom in die algemeen.

Soyinka se poësie is moeilik, en soms is dit onmoontlik om al die kodes te ontrafel. Maar vir dié wat met aandag lees, bied dit 'n groot beloning. Nie net vir mense wat in Afrika-letterkunde belang stel nie, maar vir enigiemand wat lief is vir die digkuns.

**Staffrider**

**Die nuwe Staffrider van Ravan Press**

"Insurgent South African Poetry" - Jeremy Cronin
"The Art of Lallitha Jawahirilal" - Andries Oliphant
"Going Home" - 'n onderhoud met Paul Weinberg en Santu Mofokeng
Kortverhale, poësie, resensies en briewe

***Staffrider; volume 8, nommer 2 - beskikbaar by goeie boekwinkels of regstreeks van:***

Ravan Press, Posbus 31134, Braamfontein, *2017*
Slegs R3,95 plus 51c AVB


Eerste Nasionale Bank

**Eerste vir jou.**

# GOUDSTORMLOOP 7

## KRY 'N SORGSERTIFIKAAT NOU!

**(Net R10)**



## en (indien u wil) neem deel in die GOUDSTORMLOOP

*'n Miljoen wag om gewen te word en nog baie meer*

1ste PRYS R1 000 000 • 2de PRYS R100 000 • 3de PRYS R50 000
4de PRYS R10 000 • 12 PRYSE R5 000 • 100 PRYSE R1 000 • 100 PRYSE R500
• **Belangrik** 30% van totale kaartjieverkope indien die mikpunt nie bereik word nie
• **Reëls** verskyn op die keersy van elke sorgsertifikaat
INSKRYWINGS VERVAL: 21 ste OKTOBER 1989
OPENBARE TREKKING VIR 16 FINALISTE: 21ste NOVEMBER 1989
FINALISTE KOMPETISIE:25th NOVEMBER 1989 (EERSTE NASIONALE BANK 300 000 PERDEWEDREN TE TURFFONTEIN)

---

**STUUR ASSEBLIEF U DONASIE NA OPERASIE HONGER, POSBUS 31547, BRAAMFONTEIN 2017.**
**STUUR ASSEBLIEF NET GEKRUISDE TJEKS EN POSORDERS OF VUL DIE KREDIETKAART GEDEELTE OP HIERDIE VORM IN.**

VOORLETTER
VAN
ADRES
POSKODE
TEL NR.
TEL KODE

MERK ASSEBLIEF MET 'N (X) IN DIE VAKKIE OF U WIL DEELNEEM AAN GOUDSTORMLOOP 7. JA NEE

STUUR ASSEBLIEF ___ SERTIFIKATE TEEN R10,00 ELK OF R90 VIR 10

STUUR ASSEBLIEF ___ BOEKE VAN 10 SORGSERTIFIKATE TEEN R90 PER BOEK

OM DEEL TE NEEM IN GOUD STORMLOOP 7
ANTWOORD ASSEBLIEF HIERONDER.
MERK DIE KORREKTE ANTWOORD MET 'N "X"

1. HOE OU SAL OPERASIE HONGER IN 1990 WEES?

| 1000 | 100 | 10 |
|---|---|---|

2. WATTER RIVIER SKEI SUID-AFRIKA AND ZIMBABWE?

| VAAL | LIMPOPO | FISH |
|---|---|---|

3. WAT IS DIE NAAM VAN EERSTE NASIONALE BANK SE OUTOMATIESE TELLERS?

| BOB | BARRY | JIMMY |
|---|---|---|

DEBITEER ASSEBLIEF MY VISA/MASTERCHARGE/DINERS/AMERICAN EXPRESS

KREDIETKAART MET DIE WAARDE VAN R ..........


KREDIETKAART NR.

HANDTEKENING .......... VERVAL DATUM ..........

VW

# Geroepe plaasklong ewe tuis tussen KP-boere en aktiviste

**Prof Abraham Viljoen is teoloog, boer en politikus. Hy kom goed oor die weg met aktiviste in die breë demokratiese beweging en boere in die KP, maar haat die NP. Hy is ook Constand Viljoen, gewese hoof van die weermag, se tweelingbroer. ANTON STEENKAMP het met hom gesels**



Prof Abraham Viljoen
*(Foto: Eric Miller - Afrapix)*

DIT was nie moeilik om prof Abraham Viljoen uit te ken toe ek by ons afgesproke rendezvous, 'n koffieplekkie in Pretoria, instap nie. Dit kon net sowel die militaris Constand se oë gewees het wat so reguit deur jou kyk.

Vir die eerste paar minute nadat hy my 'n stewige handdruk gegee het, kon ek my oë nie van sy hande afhou nie. Dis 'n boer se hande - grof, bruingebrand, vol eelte en snye.

'n Reguit man, wat met sy sagte, ferm manier vir jou laat verstaan: Hy bedoel elke woord wat hy sê.

Braam Viljoen het opspraak verwek toe hy in 1978, na 23 jaar, uit sy pos as professor in die Sendingwetenskap by Unisa bedank het om as kandidaat vir die PFP in Waterkloof te staan. Hy het die setel verloor, en daarmee saam sy pensioenvoordele, mediese skema en salaris. Sedertdien was hy nou betrokke by Idasa se projekte om werkswinkels en seminare in alle sektore van die gemeenskap te reël, en spits hy hom toe op sy boerdery.

"Ek's in 1933 gebore," vertel hy: "Die jaar van die groot droogte en die depressie."

Sy pa was 'n boer, en sy ma 'n onderwyseres. "My pa wou na die Anglo-Boereoorlog graag gaan leer, maar het nooit die kans gehad nie.

"Hy is in 1947 oorlede, toe ek veertien jaar oud was. Ek was op laerskool op Perdekop, eintlik maar 'n plaasskooltjie op 'n klein plekkie duskant Standerton, waar ek nog kaalvoet 'n span osse deur die strate gejaag het."

Hy en Constand is elke dag met 'n eenperd-karretjie skool toe. "Ek onthou die indoktrinasie op skool baie goed. Ons het 'n geskiedenisonderwyser gehad, sy van was Jooste. In daai hele tyd voor die 48-verkiesing het hy net politiek geleer en ons gewaarsku teen bloedvermenging en verswarting."

Genl Louis Botha het op hul buurplaas, Rusthof, gebly. Viljoen se pa, 'n Sap, het op die komitee van die Louis Botha-gedenkdag gedien. "Ek het waarskynlik baie van my sogenaamde radikalisme by hom geërf, as dié dinge oorerflik is, ek weet nie."

Sy pa was ten gunste van genl Jan Smuts se versoenende houding ná die Anglo-Boereoorlog, dat Boer en Brit saam 'n nuwe Suid-Afrika moes bou. "Ek is een ding aan hom en aan my ma verskuldig, en dit is dat ek geleer het om nie die Nasionale Party-propaganda sommer net so in te sluk nie."

## Dingaansfees

Viljoen vertel van die Dingaansfeeste van sy kinderdae, "dae van hoogpolitieke spanning waar melodramatiese toneelopvoerings die lyding van die Afrikaner só op die spits gedryf het, dat 'n mens se simpatie naderhand opraak".

Die swart vraagstuk was in daardie dae op die agtergrond teenoor die Boer-Brit-vraagstuk, maar hy onthou hoe só 'n fees op een 16 Desember in wanorde ontaard het toe 'n berig deurgekom het: "Die Kaffers het ingeval!"

Die hele program is opgeskort, al die boere is met karre en perde terug na hul plase toe, en alles was doodrustig!

"In daardie dae was die posisie van die NG Kerk kardinaal in die opkoms van Afrikaner-Nasionalisme en die apartheidspolitiek. Ek sal die politieke preke van my kinderdae nooit vergeet nie.

"Hoewel 'n stoere Sap, was my oupa baie kerkvas en het hy geen kritiek teen 'n predikant geduld nie, want dis tog die Gesalfde van die Here.

"Ek het toe reeds die roeping gehad om Teologie te gaan studeer, en my oupa was natuurlik baie ingenome daarmee.

"In 1953, net voor die verkiesing en die tweede oorwinning van die Nasionale Party, het my oupa op sy sterfbed gelê. Ons het almal na 'n kerkdiens op die radio, wat aan die motorbattery gekoppel was, geluister. Dié betrokke Sondag het ds GJJ Boshoff van Linden gepreek en teen die Sappe uitgevaar. Hy het iewers uit die Ou Testament 'n teks gehaal en van die Sappe gepraat as die wit Tobiasse met die swart harte.

"Hoewel die hele familie Sappe was, het nie een dit durf waag om op te staan en die radio af te skakel nie. Hulle het daai hele diens deurgeluister. My oom het na die tyd vir my gekyk en gesê: 'Ek klop jou vuurwarm as jy so maak!'"

Ná matriek in 1952 (Viljoen was hoofseun), is hy en Constand Militêre Gimnasium toe vir 'n jaar. In 1953 het Viljoen by die Universiteit van Pretoria ingeskryf vir 'n BA militêre graad, en Constand vir 'n BSc Mil.

"Die einde van daardie jaar het ek opgeskop om Teologie te gaan swot, enersyds uit 'n innerlike gevoel van roeping en andersyds omdat ek my nie met die onbuigbare militêre dissipline kon vereenselwig nie." Constand het sy militêre loopbaan voortgesit.

"Die ou sogenaamde Sap-rektor van Tukkies is toe pas uitgeskop en met die Broederbond-genomineerde CH Rautenbach vervang."

In sy BA-jare het Grieks en wysbegeerte by hom 'n kritiese ingesteldheid help vorm. In sy teologie-jare, toe hy sendeling in die NG Kerk wou word, was sy klasmaats almal Nasionaliste.

Hy het die verdere liberalisering van sy denke te danke aan die twee bekende teoloë, Ben Marais en Albert Geyser, wat in die laat vyftigerjare die Bybelse fundering van apartheid verwerp het.

"Dr Geyser het 'n opdrag van die Hervormde Kerk gehad om die Bybelse fundering van apartheid te ondersoek, en gevind dat dit onmoontlik was."

Viljoen se belangrikste invloed het gekom van 'n Nederlandse teoloog, JC Hoekendijk, wat uit sy Christelike oortuiging die ondergrondse verset teen die Nazi's in Nederland help organiseer het.

In 1959 het Viljoen vir 'n doktorsgraad in die Sendingwetenskap onder prof EP Groenewald ingeskryf, waar hy op Hoekendijk se geskrifte afgekom het. Uit Hoekendijk se perspektief op Nazisme as 'n verdwaalde leer, is Viljoen se perspektiewe op die onderbou van apartheid as 'n valse teologie gevorm.

Op 26 Augustus 1960 sou hy per boot na Nederland vertrek om sy doktorsgraad voort te sit.

"Toe kom Sharpeville en Langa, en ek sit in 'n krisis. Omdat ek 'n jaar in die Militêre Gimnasium was, is ek opgeroep as reserwe-offisier.

"Ek het die dekaan, EP Groenewald, gaan spreek en vir hom gesê ek kan nie nou militêre diens doen nie. Toe sê hy vir my: 'Ek dink dis nou tyd dat jy jou volk 'n slag dien', en ek moes my studiereis afstel."

Uiteindelik is hy in September 1960, toe die Kaapse en Transvaalse NG Kerke nog lid van die Wêreldraad van Kerke was, Amerika toe om reisende werk vir 'n Christelike jeugorganisasie te doen.

Terwyl die Cottesloe-beraad in Suid-Afrika plaasgevind het, het Viljoen vir Robert Billheimer, 'n sekretaris van die WRK en 'n organiseerder van Cottesloe, in die VSA ontmoet.

Dr AP Treurnicht het as redakteur 'n skerp aanval in Die Kerkbode op Billheimer geloods, en Viljoen het uit die VSA daarop gereageer.

Treurnicht se antwoord was: "Jy wil tog nie hê ek moet hierdie dinge in Die Kerkbode publiseer nie. Dit gaan snippermandjie toe."

Daarna is Viljoen sewe maande Nederland toe. Met sy terugkeer na Suid-Afrika wou hy sy doktorale proefskrif skryf oor kerklike eenheid. Groenewald het gesê te veel tyd het verloop sedert sy voorlopige eksamen en 'n nuwe leeslys aan hom gegee met dié woorde: "Jy het jou sekerlik nie met die dinge wat jy geskryf het gewild gemaak by die NG Kerk nie."

Na sy doktorale eksamen het hy besluit hy kan nie in die bediening van die NG Kerk staan nie weens dié kerk se ondersteuning van apartheid.

Gelukkig het hy in 1963, die jaar waarin hy getroud is, 'n pos as lektor in die Sendingwetenskap by Unisa aanvaar. Die NG Kerk het geweier om hom te legitimeer.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het intussen die Cottesloe-kerkleiers se standpunt teen apartheid verwerp. In dieselfde jaar het Viljoen, Beyers Naudé en ander kerkleiers die Christelike Instituut (CI) gestig en 'n duidelike standpunt teen apartheid geformuleer.

In 1968 het die sinodes van die NG Kerk besluit NG lidmate moet uit die CI bedank. Viljoen het geweier, en die ring van sy Kameeldrift-Noord-gemeente het besluit lidmate wat deelneem aan die bedrywighede van die CI is besig om "sektes en muitery in kerklike en wêreldse regering" aan te moedig. "Dit het 'n krisis in my kerklike lewe veroorsaak. Ek het baie dieselfde krisis as Petrus gehad: Wie gehoorsaam jy, die sinode of die Skrif?"

Die frase wat die ring gebruik het, het uit die Nagmaalformulier gekom as een van die "ergerlike sondes". Van toe af het Viljoen nog nooit weer Nagmaal in die NG Kerk gebruik nie.

Intussen het hy steeds klasse by Unisa aangebied en deeltyds geboer. Hy is verkies tot voorsitter van Elandsrivier se Boerevereniging en van Pretoria se Distriks-landbou-unie.

Hier, op sy plaas by Rust-de-Winter, het hy gesien wat onder die noodmaatreëls verswyg is nadat KwaNdebele in 1986 selfregerende status gekry het.

Toe hy saam met die boere van die distrik, wat KP-gesind was, vir pres PW Botha 'n brief geskryf het oor die toestande in KwaNdebele, is hulle aangesê om die Kommissaris-Generaal, Gerrie van der Merwe, te gaan spreek. Toe ses van hulle vir Van der Merwe konfronteer oor die SAW se beweerde samewerking met die Mbogoto-vigilantes, wat volgens die inwoners ses mense in Tweefontein doodgemaak het, het Van der Merwe net gesê "dié mense wat betrokke was, is nie meer met ons nie".

Sy enigmatiese liefde vir KP-boere het in dié tyd ontstaan. "Toe hulle bewus word van die optrede van ons veiligheidsmagte en sien hoe die regering toelaat dat die tuislandbeleid afgedwing word, het dié boere my gevra om op te tree."

## Dakar

In 1987 is Viljoen gevra om in Waterkloof vir die PFP te staan. Hy het ná 23 jaar by Unisa bedank en daarmee saam al sy voordele prysgegee, onder meer sy pensioen - hy het net sy eie bydrae met twee persent rente teruggekry.

"Die boere in die distrik, wat waarskynlik nog steeds KP gestem het, het met hulle bakkies gekom en my gehelp om verkiesingsplakkate op te sit." Maar hy het die verkiesing verloor en moes weer gaan boer.

Intussen het hy by Idasa betrokke geraak en dieselfde jaar nog 'n mylpaal in sy lewe bereik: Die besoek aan die ANC in Dakar.

"Hier het ek die eerste maal die bannelinge ontmoet van wie ek in die vyftigerjare deur NP-propaganda in die versetveldtog gehoor het, en hulle praat Afrikaans met my en sê hulle wil huis toe kom."

Na die Dakar-besoek het die Natte besluit Viljoen moenie weer verkiesbaar vir die voorsitterskap van die Landbou-unie wees nie. Maar die KP's, al was hulle kwaad vir hom, het gesê sy politiek bring nie sy werk in die Unie in die gedrang nie, en hulle het hom weer verkies.

"Ek verag die Nasionale Party wat alles waarvoor hulself verantwoordelik is, op die KP se rekening probeer sit."


UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

**Voorgraadse Toelating: 1990**

Aansoeke word ingewag vir voorgraadse studie aan UK in 1990.

**Sluitingsdatums vir aansoeke**

Die sluitingsdatum vir voorgraadse aansoeke is **30 September 1989.**
Laat aansoeke vir die Fakulteit Geneeskunde kan by die betaling van 'n bykomende heffing tot 31 Oktober 1989 ingedien word, en tot 15 Januarie 1990 vir alle ander Fakulteite.
Alle applikante word egter aangeraai om voor 30 September 1989 aansoek te doen.
Aansoekgelde is:
Tot 30 September R30
Tot 31 Oktober R60
Tot 15 Januarie R110

**Studentebehuising**

UK is in staat om aan 20% van sy studente huisvesting te verskaf (in koshuise, woonstelle en huise). Aansoekers wat in Kaapstad huisvesting verlang, moet nie later as **31 Oktober 1989** daarom aansoek doen nie. Laat aansoeke vir huisvesting kan nie oorweeg word nie.

**Finansiële Steun**

Aansoekers wat nie die volle koste verbonde aan studie aan die UK kan dra nie, word sterk aangeraai om by soveel bronne as moontlik aansoek te doen om finansiële steun. Meer inligting is op aanvraag beskikbaar.
Die sluitingsdatum vir aansoeke om UK-studiebeurse, beurse en lenings vir voorgraadse studie is **31 Oktober 1989.** Laat aansoeke om finansiële steun kan nie oorweeg word nie.

**Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar by: Die Sentrale Toelatingskantoor, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700. Telefoon: (021) 650-2128.**

C66239

# 'Ons is nie links of regs nie, ons is voor'

**HENNIE BESTER, die DP-kandidaat op Stellenbosch, weier om te aanvaar dat sy mense 'n immorele verskynsel is wat vandag nog hier, maar môre versonke gaan wees. Hier is uittreksels uit 'n toespraak wat hy onlangs gemaak het**

EK kom uit die Swartland. Daar waar die wingerde van die Boland in die graanheuwels van die Swartland inloop. Die stukkie aarde van brood en wyn. Die wêreld van Hertzog, Malan en Smuts. En ek staan vanaand hier omdat ek nie anders kan nie.

Ek staan hier omdat my hart vir my sê: Jy durf nie weier nie, want die oomblik het gekom om te sê: Ek is 'n Afrikaner, ek is 'n Suid-Afrikaner, ek is 'n wêreldburger, en ek is nie skaam daaroor nie. Ek het vertroue in myself, my saak is reg.

Ek weier om te aanvaar dat my mense net 'n immorele verskynsel is wat vandag nog hier, maar môre versonke gaan wees.

Ek weier dat mense hul oor 30 jaar saam met die Nazi's liasseer as die verloorders van die geskiedenis. My lewe in hierdie land is 'n onvervreembare reg en niemand gaan dit van my wegneem nie.

Ek het altyd gevoel dat ons die vervloekte geslag is. Apartheid is die weg, sê hulle in 1948, 1950, 1960, 1970. Volg hom en die wêreld sal hom rondom julle orden en geluk sal julle deel wees. "Apartheid is dood," sê ons leiers in 1980. Julle is in 'n doodloopstraat. Soek vir julle 'n ander weg, en hul los ons op die kruispad sonder 'n kaart.

Daar is niks waarmee jy jou jongmense so breek soos om hul visie weg te vat nie.

Van die beste van hulle is nie vandag meer saam met ons in hierdie land nie. Daarom sê ons hier en nou vir Suid-Afrika en die wêreld: Ons het ons kaart gekry.

Ons staan op die vooraand van 'n nuwe era, hy is demokraties en ons gaan hom loop met trots en selfvertroue. Die toekoms behoort aan ons, en ons is die hele Suid-Afrika.

In later jare sal ons na hierdie verkiesing in 1989 terugkyk as die keerpunt.

Soos die politieke verbintenisse van die afgelope 40 jaar verbrokkel, en die buitewêreld in afwagting toekyk, het ons hierdie een kans om die inisiatief te neem, om met die bal te hardloop.

En die plek is Stellenbosch, simbolies waarskynlik die belangrikste kiesafdeling in die land. Nie net is dit wat ouderdom betref, die jongste kiesafdeling in die land nie, maar dit bly die bakermat van Afrikanerdenke, die dorp wat die leiers van die afgelope eeu gelewer het.

Suid-Afrika en die wêreld neem kennis van wat hier gesê word, want dit is die beste barometer van wat in die toekoms gedoen gaan word.

En die boodskap wat ons hierdie verkiesing hier gaan uitstuur is die demokratiese een, 'n stem vol selfvertroue, moed en geesdrif.



Hierdie is nie 'n geïsoleerde entoesiasme nie. Hierdie is nie net 'n klein groepie wat 'n byltjie met die huidige bewindhebbers te slyp het nie.

Dit is 'n nie-rassige opposisie wat uit gewone mense bestaan. Sedert ons stigting in April vanjaar het ons steun met ongekende spronge toegeneem.

Dit het tyd geword om deel van die meerderheid te word, om nie soos die wit Rhodesiërs ons self vir altyd as 'n minderheidsgroep te klassifiseer nie.

Om ons lot in te werp met die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners wat 'n nie-rassige regering oor hul gestel wil hê. Eendrag maak mag.

Dr Dawie de Villiers beweer dat ons, die DP, praat oor die oordrag van mag. Nee, dr De Villiers, ons praat in die DP nié oor die oordrag van mag nie, ons praat oor die versekering van mag in die toekomstige Suid-Afrika.

In daardie Suid-Afrika sal ons mag hê omdat ons is wat ons is. Ons sal mag hê omdat ons die waardes en ideale deel van diegene met wie ons die land deel.

Ons sal mag hê omdat ons die vaardighede en die selfvertroue het, omdat hierdie plek ons plek is.

Die Demokrate is nie links of regs van die regering nie, hy is hom voor.

Ons patriotisme is om ons land met sy prag en sy rykdom te deel met al sy inwoners.

Jy kan nooit vry wees as jou medelandsburger vir jou 'n bedreiging inhou nie.

Jy kan nie 'n patriot wees as jy nie kan deel nie. En om te deel beteken nie jy moet oorgee of jouself aan ander onderwerp nie.

Dit beteken jy moet uit 'n posisie van krag en gesag bereid wees om aan andere te gee wat jy jouself gun.

Die DP sê reguit vir blanke Suid-Afrikaners dat die dag kom wanneer die meerderheid van die politieke mag in hierdie land nie in die blanke se hande gaan wees nie.

Teen die draai van die eeu gaan blankes slegs 8 persent van die bevolking uitmaak en teen 2020, wanneer die meerderheid kiesers in hierdie kiesafdeling hoop om in die fleur van hul loopbaan te wees, slegs 5 persent.

Dit skrei teen alle opvattinge van geregtigheid en realisme in dat die blankes alleen Suid-Afrika onder hierdie omstandighede kan bestuur. Maar die DP wil Suid-Afrika nie alleen bestuur nie. Gewapen met die beginsels van universele stemreg, proporsionele verteenwoordiging in 'n gesamentlike federale regering, menseregte, en 'n onafhanklike regbank is ons haastig om met die verteenwoordigers van ons mede-Suid-Afrikaners te begin gesels.

Voordat ons nie met hulle tot 'n vergelyk kom nie, sal ons nie hier rykdom en voorspoed vir ons almal kan verseker nie.

# .. en in die Indiër-huis

digdes dien, en dat dit een van die redes is hoekom dié Huis so min geloofwaardigheid geniet.

Maar ondanks die gevoel jeens die Huis van Afgevaardigdes, meen ek die stempersentasie gaan vanjaar tog hoër wees.

Daar is verskeie redes daarvoor. Die belangrikste een is dat 'n stempersentasie van 25 - 30 persent vir die Huis van Afgevaardigdes 'n duidelike aanduiding sal wees van die steun wat mense, wat as "Indiër" geklassifiseer is, aan apartheid gee.

Daar is hierdie klein minderheid wat glo dat hul redding in apartheid lê, in wit oorheersing, en dat hulle hul godsdiens en 'kultuur' aan apartheid te danke het.

Terselfdertyd is daar godsdienstige onderstrominge en die handhawing van die kaste-stelsel, en die mense verantwoordelik daarvoor sal uiteraard vir 'n seksionalistiese parlement stem.

Die grootste ironie egter is die feit dat Mohangi/Jumuna toegelaat word om besluite te neem wat ons lewens beïnvloed, terwyl ons werklike leiers, wat niemand doodgemaak het nie, die laaste 26 jaar in die tronk moes deurbring.

Verlede Maandag, 26 Augustus, het Ahmed Kathrada 60 geword. Dit was sy sewe-en-twintigste agtereenvolgende verjaardag in die tronk. Kathy, soos hy algemeen bekend staan, is saam met Nelson Mandela, Govan Mbeki, Walter Sisulu en andere in die Rivonia-verhoor van 1964 lewenslank tronk toe gestuur.

Nie hy of enige van sy Rivonia-kollegas het ooit iemand dood- of seergemaak nie. Tog kan iemand met bloed aan sy hande in die parlement sit. Wat se siek samelewing het apartheid nie tot stand gebring nie!

Miskien sal FW de Klerk die rekords van sy LP's deurkyk en met 'n nuwe wet vorendag kom wat sal verseker dat net die skoonste van die skones in die parlement dien.

Maar miskien is dit te veel gevra. Veral as 'n mens in ag neem die rekords van diegene wat deur die minderheid tot openbare verteenwoordigers verkies is.

En daardie rekord neem toe, ondanks Botha se versekering - toe hy ná die Inligtingskandaal as eerste minister oorgeneem het - dat hy hom tot "skoon en oop administrasie" verbind.

# Die wiel sal darem maar vér moet draai!

EK het die laaste week tot 'n verskriklike ontdekking gekom: na sestien jaar as 'n politieke joernalis is daar nog 'n goeie skoot politieke naïwiteit in my.

Die eerste ding wat my hieraan laat dink het, was Eschel Rhoodie se nuwe boek waaroor ons in hierdie uitgawe berig. Daarin vertel hy in besonderhede hoe PW en Pik Botha en van hul meelopers die hele Inligtingskandaal gemanipuleer het om self die politieke mag te bekom, en hoe hulle in die proses van hul beste vriende in die rug gesteek het.

Natuurlik is ek as landsburger bly die gekonkel deur Connie en Eschel en Lang Hendrik het op 'n einde gekom. Maar om te dink dié skandaal sou dalk nooit op die lappe gekom het as PW en Pik en die manne dit nie laat uitlek het net om vir Connie en Kie te lem nie!


Nog meer geskok was ek toe ek lees watter rol die Afrikaanse koerante Beeld en Die Burger in die skandaal gespeel het. En ek was in daardie jare 'n redaksielid van Beeld!

Ek onthou nog soos gister toe ek vars uit universiteit by Die Burger gaan werk het en die man wat pas as dié koerant se nuwe redakteur aangestel is, Ebbe Dommisse, as jong nuusredakteur ons nuwelinge toegespreek het oor joernalistieke etiek. Een van sy belangrikste lesse was, in sy eie woorde: "Whatever you do, never trust a politician!"

Ek begin al meer agterkom Ebbe was reg - al lyk dit nie of Ebbe ooit in sy eie woorde geglo het nie.

Die ander ding wat my oor my naïwiteit laat wonder het, was die ontdekking dat ek my stem ontneem is.

So 'n maand of wat gelede het ek met groot opregtheid in 'n meningsartikel op dié blaaie vertel dat ek nog nooit gestem het nie omdat 'n stem vir my 'n baie belangrike ding is en ek my stem "skoon" wou hou totdat my landgenote kan saam stem. Maar, het ek




bygevoeg, dié keer gaan ek dalk stem want tye en strategieë is aan die verander en die Demokratiese Party kom nogal na-aan wat ek self glo in ons land behoort te gebeur.

Maar die staat het my dilemma opgelos. Ek mag nie op 6 September gaan stem nie. Ek en 'n handvol wittes wat kranksinning verklaar of weens hoogverraad skuldig bevind is.

Want sien, as redakteur van Vrye Weekblad is ek onlangs ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid (die ou Terrorismewet) daaraan skuldig bevind dat die koerant 'n "gelyste" persoon sou aangehaal het. Ek is tronkstraf van ses maande opgelê, wat gelukkig vir vyf jaar opgeskort is.

Maar in dié tyd mag ek nie stem nie. Omdat ek as joernalis my werk behoorlik gedoen het. Omdat ek Suid-Afrikaners ingelig het oor wat 'n belangrike mede-Suid-Afrikaner dink. Die staat beskou dit as 'n oortreding van dieselfde aard as hoogverraad.

Dít is hoeveel ons regering vir die demokrasie voel.

Ek het nou, ondanks my bleek velkleur, deel van die stemlose massa in Suid-Afrika geword.

Maar waar ek verplig was om terug te sit en weer te dink oor die aard van die politiek in Suid-Afrika, is toe ek my ou vriend Ameen Akhalwaya se artikel op dié bladsye lees. Hy vertel van 'n studentekennis wat saam in Ierland gestudeer en toe sy meisie doodgemaak en opgekap het.

Dié man het nie net vandag die reg om te stem nie, hy is inderdaad 'n sittende lid van ons Parlement en 'n kandidaat vir die Huis van Afgevaardigdes op 6 September.

Ek het nog nooit eens per ongeluk 'n hond doodgery nie, en was sedert my kinderjare nooit in 'n geveg of enige ander vorm van geweld betrokke nie. En ek was nog net in die hof vir enigiets anders as 'n verkeersoortreding nie. Tot met die Binnelandse Veiligheidsaak.

Maar ek moes geweet het goed werk nie so hier in Suid-Afrika nie. Ek het twee vriende wat ook van my tuisdorp, Kroonstad, af kom. Hulle is van die beste en mees patriotiese Suid-Afrikaners wat ek ken, al stem ek oor baie dinge nie met hulle saam nie.

Die een is Patrick Lekota, wat weens "hoogverraad" in die tronk sit. Die ander een is Pallo Jordan, wat uit die land moes vlug en vandag die ANC se sekretaris van inligting is.

Die wiel sal darem maar vér moet draai in hierdie land voor dinge gaan regkom. En intussen sal ek baie meer sinies moet begin word in die belang van my eie saligheid.

Vrye Weekblad

# Wet en orde?

"Wet en Orde" is 'n frase wat seker meer as enige ander deur politici van die regerende Nasionale Party gebruik word.

Die hele veiligheidskwessie is 'n baie sensitiewe een, want geen burger van die land wil bedreig word deur geweld en misdaad nie. Om veilig te voel is een van die mees basiese behoeftes van enige mens ter wêreld.

Maar wit Suid-Afrikaners se oë moet begin oopgaan vir die wyse waarop ons regeerders die hele konsep van wet en orde en veiligheid roekeloos misbruik.

Dit het weer eens tydens dié verkiesingsveldtog gebeur dat die regering willens en wetens mense onveilig laat voel met opgeblase stories en leuens oor die "aanslag" en die "ware motiewe" agter die vreedsame protesveldtog deur die breë demokratiese beweging.

Dit word enersyds gedoen om die Demokratiese Party, wat kontak met buite-parlementêre groepe voorstaan, te diskrediteer en die afskilfering na links stop te sit, en andersyds om 'n verskoning te kry om hardhandig teen aktiviste en buite-parlementêre leiers op te tree om die afskilfering na regs te probeer keer.

Dit het die laaste weke ook duidelik geword dat die regering en die polisiemag nie weet wát om te doen met mense wat hulle vreedsaam konfronteer met die feit dat hulle tweedeklas-burgers is en nie stemreg het nie. Dié vreedsame protes word dan met geweld begroet sodat dit geweld ontlok, want die polisie wéét hoe om geweld te hanteer.

Dis soos 'n dokter wat nie weet hoe om 'n verkoue te behandel nie en dit in longontsteking laat ontwikkel want hy weet hoe om dít te behandel.

Die kragdadige toeslaan-en-opsluit van 'n groot aantal aktiviste die laaste paar dae is uiters onverantwoordelike en gevaarlike taktiek. Dit is al tevore probeer, en het altyd net tot groter konflik en bitterheid en meer geweld gelei.

Die gebeure van die laaste tyd het 'n ander knaende vraag weer na vore laat kom: as die staat dan so sterk is op wet en orde, hoe gebeur dit dat daar nou byna daagliks aanvalle is op leiersfigure in die breë demokratiese beweging en ander buite-parlementêre leiers en 'n mens sien nooit een van dié sake in die hof uitkom nie?

Daar is deesdae meer aanvalle op dié soort leiers as op leiers binne die stelsel, maar die tronke word volgestop met mense uit meestal die swart gemeenskap wat nooit aangekla word nie.

Wanneer gaan ons die aanvallers van die Matieleier Mark Behr, die Tukkie-leier Alet Schoon en die gewilde Pretoriase persoonlikheid Louis Bredenkamp in die hof sien? En waar is die moordenaar(s) van David Webster en die baie vermoordes voor hom?

Hoe is dit dat die polisie aanhou sê die Wit Wolwe is bloot 'n mite, maar aanvalle en dreigemente onder dié naam kom nou weekliks voor? Is die polisie dalk bang hulle vang van hulle eie mense?

Gee FW 'n kans, lui die slagkreet. Is die punt nie juis dat FW nou 'n kans het nie, maar dat hy daarmee maak net wat sy voorgangers gemaak het: onderdruk die opposisie met geweld en sluit al wat leier is toe, en regeer dan voort met 'n ystervuis?

Hoe kan 'n patriotiese landsburger vir sulke mense stem wat ons land se toekoms so beduiwel?

## So sê hulle

"Die Bybel gee enorme belangrike beginsels, soos reg en geregtigheid, versoening, vrede, en menswaardigheid, waaraan die partypolitiek sy beleid moet toets." - Prof Johan Heyns, moderator van die NG Kerk.

"Ek vind dit in die lig van verklarings van regeringsleiers dat apartheid dood is, onverstaanbaar dat Christene wat vreedsaam optree, in hegtenis geneem word of hul huise aangeval word." - Biskop Richard Kraft, Anglikaanse biskop van Pretoria, oor die vreedsame pogings van swartmense om op "blanke" busse te ry.

"Hierdie keer tas hulle jou en my heilige stad aan en bevuil ons heilige grond...hulle misbruik hierdie keer ons Hemelse God." - Die Wit Wolwe oor die verset teen bus-apartheid.

"Ek gaan op oorsese reise, ek knoop verhoudings aan, ek verbréék verhoudings - pyn is die beste raad teen skrywersblok! - alles net sodat ek gedigte kan skryf." - Joan Hambidge.




**HJ Schutte van Stellenbosch skryf:**

Te oordeel na die resensie van Antjie Krog se bundel Lady Anne deur André Brink (Vrye Weekblad 18 Augustus 1989), lyk dit of die invloed van Pretoria se opvoedkundige fenomenoloë reeds tot in Grahamstad strek. Ek haal aan: "Want dit gaan nie net om die manier waarop verse oor en weer op mekaar inspeel en één verwikkelde diskoers tot stand bring nie, maar om 'n narratiewe diskoers waarin strategieë soos karakterisering en gebeure binne die dimensies van tyd en ruimte fungeer, voortgebring vanuit 'n duidelike vertelsituasie".

Met die perspektief op die vertelsituasie wat die plaaslike koördinate ten opsigte van die dimensies van tyd en ruimte my bied*, kan ek slegs maar Antjie Krog aanhaal: "as metafoor is dit fôkol werd".

* dit wil sê nou vanuit Stellenbosch

## Vars voetbal en verset

**Dirk Scriba van Stellenbosch skryf:**

Laas Saterdag was Intervarsity op mooi Skelmbos. Wie nie dáár was nie, het 'n moerse jol gemis.

Guitige gille het dou voordag begin opstyg terwyl mense in wit japonne op balkonne die elmboog met meedoënlose reëlmaat begin lig het.

Al prettiger was die fees teen eenuur toe die toue lank gestaan het by die bottelstore met vrolik volgepakte woonsteldakke rondom.

Die gejuig het teen drie-uur 'n crescendo geslat met die geur van vars voetbal in die lug - horingrige manstemme het dawerend gebulk. Daar was ekstatiese gille, floutes.

Mooigeboude jongmans het in die straat op mekaar se voete gepie.

Daar was biltong, nartjies en die belofte van 'n soepel, soel jong lente.

Selfs die bosgod Pan het nou en dan sy slag gewys in die vaste los of gedribbel oor 'n paar bedeelde dye.

(Op TV en die arena te Coetzenburg het die Held oor 'n see van bultende dye na die warm gras van sy Heimat agter die doellyn geduik).

Skuins oor twintig kilos verder, in die Strand, teen twaalfuur het Mynhart gegaan om die breë demokratiese beweging se beplande versetpiekniek aldaar gade te slaan.

Daar was padblokkades en die ganse strandgebied was afgekamp. Dis nou die stuk met die bordjies was sê SEE EN STRAND SLEGS BLANKES. Daar staan een vlak duskant die slipway waar bruin vissers met die reëlmaat van getye self te water gaan.

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

# As metafoor nie veel werd nie

Toe Mynhart daar kom, was die bordjies verhang. Nou het daar gestaan: HONDE-OPLEIDINGSTERREIN.

En uniforms met honde het die lang strand (dis 'n mooi strand) gepatrolleer.

Vir stap op daardie strand met ons hond Mamba kuis aan 'n leiband, vier maande oud, is ons twee jaar gelede 'n boete van R30 opgelê. Want soos nie-Blankes is honde gewoonlik daar taboe.

Mynhart haal sy kamera uit en neem 'n foto van die Nuwe Kennisgewing. Vir die familie-foto-album. (Hy werk nie vir die Pers nie.)

Toe begin twee mans in siviele drag met hom gesels. Wat hulle gesê het, mag by monde van die noodtoestand waarna hulle verwys het, nie herhaal word nie. Mynhart is versoek om die terrein te verlaat. Minus sy naam en registrasienommer.

Op Skelmbos teen twee-uur het 'n helikopter gevaarlik na aan die grond oorgevlieg. Miskien wou die bemanning soene blaas vir fuifendes in hoë takke. En wat is 'n openbare skouspel in die land sonder helikopters? Hetsy regatta, politieke begrafnis of toernooi. Helikopters is soos naaldekokers - vlugdinamies met groot oë. Verstommende mobiliteit.

Daar's nou nét weer een oor. Soos die kraai vlieg, kan hy dit in ses minute strand toe maak.

## Black Sash sê nee

**Mary Burton, National President of the Black Sash, writes:**

All over the country organisations are coming together in a campaign to defy apartheid legislation and the regulations of the state of emergency. It has been made clear that this campaign is devised as a series of orderly, disciplined, non-violent actions.

The campaign developed in response to events earlier this year when the courage and determination of the hunger-striking detainees led to their release, only to be followed by severe restrictions being placed on them.

Restricted people have announced their intention to "unrestrict" themselves; the members and representatives of restricted organisations have declared their organisations to be in action once again. At the same time, organisations and individuals have decided not to be bound by the rules which maintain racial segregation in our public amenities.

For over 30 years we in the Black Sash have campaigned vigorously for the abolition of the Group Areas Act and the Separate Amenities Act.

We are firmly committed to working for an open, non-racial society, with all our public facilities freely open to all our people. We shall be proud to take our place with the organisations that represent the mass democratic movement in this renewed attempt to achieve our aims.

Our task is to seek ways which are appropriate for our organisation to support the defiance campaign. We have said "No" to unjust laws all the years of our existance and we shall continue to do so.

We can do this by monitoring and reporting on the progress of the campaign and exposing the truth about the State's response, not considering whether we contravene the State of Emergency regulations by doing so.

Furthermore, we call on all the newspapers in the country to "unrestrict" themselves, and to abide only by the norms of responsible journalism in reporting events. In so doing, they would strike a blow against the restrictions placed on the freedom of the press, and at the same time strengthen the defiance campaign. The government would find it very difficult to close down all the country's newspapers.

We in the Black Sash have spoken often about the Universal Declaration of Human Rights. We must have the courage to uphold its clauses and lift the yoke of the State of Emergency and apartheid rule off the shoulders of all South Africans. We look to the country's press to fulfill its role.

*Vervolg op bladsy 22*

# Brolloks

# Gee FW 'n krans!

DIT was 'n duur les vir diegene wat die Nasionale Party aan die begin van die verkiesingsveldtog onderskat het. Hier in die laaste week of wat kom die Natte toe met 'n eindpoging wat stories van 'n "hung" parlement na 'n sprokiesverhaal laat lyk.

Die mense moes beter geweet het. Die NP het darem die eksklusiewe reg op 'n paar instrumente: nasionale radio en televisie; al die groot Afrikaanse koerante én die Citizen; beheer oor die veiligheidsmagte wat maak dat hulle enige spook kan opjaag en hom kan laat lóóp; én Pik Botha en sy amptenare wat 'n rits Afrika-leiers in die laaste twee weke uit die hoed getrek het.

Uiteindelik was dit die "Gee FW 'n kans"-foefie wat die ding gedoen het. Soveel van goedgelowigheid het Brolloks lank laas gesien.

Skielik is die man se hele rekord van dekades lank vergete. Die Hoofprofeet van die Groepsidee het skielik die Groot Hervormer en Onderhandelaar geword.

Maar eintlik is dit tragies. Want die skielike hoop wat so baie mense op De Klerk vestig, weerspieël eintlik hoe siek en sat die land vir PW Botha was.

* Brolloks sê: Gee FW eerder 'n krans. 'n Politieke krans om van af te spring voor hy ons almal die afgrond in trek. Of 'n blommekrans wat hy op die graf kan sit van al sy mooi beloftes wat nooit waar geword het nie.

## Die Groot Volstruis?

Die inskrywings vir die Gee FW 'n naam-kompetisie stroom nou in. Hier is 'n paar voorstelle:

CJ Adonis van Belhar stel Kopbeen de Klerk voor. FW se kop lyk klaar na 'n skedel, seg hy/sy, en boonop sit sy oë diep en gevoelloos. "Hy het 'n permanente glimlag, presies soos 'n kopbeen sonder mond en lippe. Jy sal nie maklik tot hom kan deurdring nie, want 'n kopbeen het mos nie sin vir rede of verstand nie." Sjoe.

At Wyngaard van Firgrove glo FW is 'n regte Planneman, maar sal graag wil hê hy moet as Jakkalas bekend staan. Die De Vriese van Steinkopf stel weer voor Die Liegfabriek (volgens vroulief Marike was hy glo gek na die boek met dié naam deur Etienne van Heerden), of anders Ietermagog.

Amanda Barnard van Vishoek praat van die Volksvolstruis, of selfs die Vervelige Volstruis. Sy sê dit was met die lang hale van 'n volstruis wat hy by sy huidige stoel uitgekom het. "Voorts het volstruise die gewoonte om hul snawels vreeslik vinnig en vreeslik baie oop en toe te maak sonder dat daar enige sinryke geluide uit kom."

Maar, sê Amanda, "eintlik is dit volstruise se rare gewoonte om hul koppe onder die grond in te druk" wat haar aan dié naam laat dink het.

Daar's nog heelwat ander. Lynette Herholdt, ook van Belhar, stel die Groot Wit Haai voor, veral omdat dié spesie so geruisloos beweeg en mense so maklik bang maak.

P Lotz van Florida noem FW die Skim - "jy sien hom maar jy kry nie vat aan hom nie." Anders hoort hy Die Kansvatter genoem te word - almal wil hom mos 'n kans gee!

Leon Linz van Seepunt hou van The Great Pretender - hy is nie wat hy lyk hy is nie.

Neels Jackson van Verwoerdburg noem FW die Komkommer. "Kyk net hoe koel en glad lyk hy. En ons almal weet sy looks maak niks nie - hy bly maar 'n pampoen." Hy sê ook sy ouma het altyd gesê 'n mens moet 'n komkommer met 'n knippie sout neem.

Stuur inskrywings aan Brolloks, Posbus 42637, Fordsburg 2033. Daar is nog net 'n week of twee oor.

## Wat die oog nie sien nie...

'n Kollega van Brolloks was Maandag vroegoggend in Pretoria om die versetveldtog teen aparte busdienste in die Hoofstad gade te slaan.

Interessant, natuurlik, dat aparte busse vir wit- en swartmense nog by die Uniegeboue verbyry, daar waar FW vir sy buitelandse besoekers en sy kiesers vertel apartheid is nie die NP se beleid nie, dis die KP s'n.

Ewenwel, toe die meeste van die aksie verby is en die polisie nou al mooi gesorg het dat die leë busse almal verbyry, ingeval 'n swart voet dit op die wit bus wil waag, gaan soek die kollega en 'n fotograaf 'n koppie Boeretroos in Pollie se Kafee in Silverton.

Uitasem kom 'n sekretaresse met 'n Polyfilla-gesiggie daar ingestorm: "Maak julle 'n movie?"

Nee, verduidelik die kollega, dis televisiespanne wat die verset teen aparte busse afgeneem het.

"Gaan ons dit vanaand op TV sien?" (Opgewonde).

Nee, verduidelik die kollega weer, die SAUK was nie daar nie, net buitelandse nuusdienste, en dié klas van ding sien jy nie op SAUK-nuus nie.

'n Oomblik se stilte. Dan:

"Jy meen hulle sien goed oorsee wat ons nooit self sien nie? Haai, 'n mens leer ook elke dag iets nuuts..."

* Ja-nee. As die res van die volk maar geweet het wat alles verswyg word. Teen Woensdagaand, byvoorbeeld, was Natwerk nog salig onbewus van die versetveldtog in Snorstad, ondanks die pogings van 'n bekommerde vriend wat die nuusredakteur opgebel en volle besonderhede vir hom gegee het.

## Net nie nóg nie!

Slegte nuus van die week is dat Joan Hambidge, volgens 'n onderhoud met 'n dagkoerant, 'n handleiding raadpleeg om haar "skrywersblok" te oorkom.

* Dis dalk die enigste boek wat Brolloks glo eerder verbrand moes word. Maar miskien moet Joan nou maar dié handleiding aan Marlene van Niekerk leen. Háár skrywersblok raak darem regtig nou 'n pyn.

## Het jy onlangs...

Gehoor van Van der Merwe wat by sy Ford-handelaar ingestap en gevra het of hy 'n Ford Lately kan toetsbestuur?

* Amper so erg soos sy disleksiese neef wat besluit het hy is nou moeg vir wit politiek en by die CNA aangesluit het.

# *Oswald neem nie deel aan só 'n kakistokrasie nie*

HOU MOED, geliefdes, die verderflike verkiesing is amper verby. Gaan julle stem? Oswald sê hy gaan nie. Vra Moeder waarom nie? Seg Oswald want hy het nie stemreg nie. Wil Moeder weet wat dan verkeerd is met die driekamergedoente, dis dan 'n nuwe dispensasie? Seg die onverstoorbare tuinier, tuinvurk in die een hand en 'n hofverslag in die ander, lyk kompleet soos 'n soort van 'n statue of liberty: "Ek neem in elk geval nie deel aan so 'n kakistokrasie nie." Toe word Moeder flou.

Nee kyk, daar's nou wel nie in onse bevolkingsregister 'n plekkie vir groen wesens nie, maar vir 'n kêrel met groen vingers soos Oswald is daar altyd plek. As die man se taal tog nie so robuust was nie, mymer Moeder, salig onbewus van Oswald se gedabble met die Griekse staatkunde, voordat hy nou sy geleerdheid na die regswese gewend het.

Kakistokrasie, vrinde, is "government by the worst". Kan enigeen twyfel dat ons ons in die onbenydenswaardige pekel bevind waar ons deur die residu op die vaatjie se bodem geheers word? Ons bevind ons inderdaad kniediep in die kakistokrasie, met permissie gesê, Moeder.

Van verkiesing gepraat, onse land en sy long suffering mense sal oor 'n paar dae na die normaliteit van ons abnormale bestaan kan terugkeer, sonder die nausea van die nimmereindigende hype van al wat leef.

Ook sal ons weer kan besef dat daar meer politieke dynamics is as die NP, KP en DP. Aarde tog, mens sou sweer dat daar geen politieke aktiwiteit is onder swartmense nie, dat hulle maar moet sit en wag vir 'n vierde kamer of 'n ding.

Die politieke stromings wat wel te bespeur is, moet natuurlik in die kiem gesmoor word, jy kan tog nie die massas toelaat om uiting te gee aan hul frustrasies nie, kan jy?

Sulke dinge moet liefs met traangas en sambok die hoof gebied word: die wêreld se oë is op ons gerig, en die Afrikaner durf nie te kenne gee dat hy dalk ingee nie. Daarom dat ons ook so bars kan waarsku dat geen inmenging in ons sake geduld sal word nie.

## Stank vir dank

Met darem 'n verklaring ook, sien ek, dat geen lande in Suider-Afrika met mekaar sal inmeng nie. Egbertus is seker dat vele buurstate 'n sug van verligting slaak by die aanhoor van sulke sentimente. Vra maar vir Mosambiek, Lesotho, Botswana, Zimbabwe selfs.

Van traangas gepraat, Egbertus se longe hang op sy knieë, soos kalbassies amper, so swaar is hulle van die traangas. Vreedsaam protesteer hy teen die elitisme van die koeksistergilde, en kry stank vir dank. Darem nie so erg soos die petalje op Bloubergstrand nie, sê Oswald, dáár moes vrouens en kinders hulself met toebroodjies verdedig teen 'n brutale aanslag met sambokke.

Hulle foeter ons voos, sê die stomme kêrel, en al wat kan voorhou om te keer, synde op 'n piekniek, is tamatietoebroodjies, en dit is tog al te pap.

## Nuwe dispensasies

Vrinde, Madame de Klerk het nou totaal die kluts kwytgeraak. Dit praat onophoudelik van Groot Indabas in die koeksisterwese, en van nuwe dispensasies. Maar dit bly geheel en al vaag, selfs haar selfvoldane wederhelf sal sukkel om haar oogmerke te ontsyfer.

Nou van nuwe dispensasies weet ons als, steps in the right direction, onthou julle nog? Wat dit sal beteken vir die koeksistergilde weet geen mens nie. Miesies Klaagvoort hou vol dat Madam stemme na links en regs gaan afstaan, maar of dit enigsins iets inhou vir die heil van die koeksisters landwyd staan te betwyfel.

Die nuutste koeksistertegnologie gaan nou glo met Miesies Kaunda bespreek word, met die versekering natuurlik dat geen ANC-resepte onder oog sal kom nie. 'n Mens weet mos nooit.

## All Whites vs die heelal

En toe wen die All Whites die rugby met 'n Volle Punt, en dit nogal teen 'n span wat die heelal verteenwoordig. (Egbertus het so in die stilligheid geloer terwyl die MDM piekniek hou.)

Uiteraard plaas dit onse manne terug op die pad na wêreldkampioen-status, my woorde is nog nie koud nie of iemand maak jou wragtag so 'n aanspraak.

Nou wil dit glo met die All Blacks gaan kerjakker. Ag tog, dis om van te ween.

Die All Whites het nog nie eers 'n manier uitgefigure om met hul eie blacks te kommunikeer nie, en nou wil dit al met buitelanders, black of te not, gaan flankeer.

Vrinde, leer tog eers om met jul eie mense beskaafd te wees, om hulle in jul vertroue te neem en saam 'n oplossing vir die gemors van 40 jaar se wanbestuur te vind, voordat julle dit so uitbasuin dat daar met All Blacks gesels gaan word.




Egbertus Klaagvoort

## Traangaslose lug

Come to think of it, dis darem te cosy soos die mak Engelse pers te kere gaan oor die feit dat Madam de Klerk se man 'n uur of twee met die heerser van Zambië gepraat het. "FW's SUCCESS" lui die een banier hierdie week. Wat se sukses? Om nie soos 'n muishond die deur gewys te word nie?

Is dit werklik sukses? Dis pateties dat onse volk so gewoond geraak h aan pariah-status, aan isolasie, a hardvogtigheid en gebrek aan ins en staatsmanskap, dat 'n fanfare losb omdat onse heerser 'n afspraak k reël met 'n mindere gees op die inter nasionale verhoog.

Dít vertel jou eintlik hoe ver skriklik vrot ons internasionale be trekkinge die afgelope 40 jaar ge word het. Sukses? Wel, miskien, a jy dit as sukses beskou elke keer wat jy jou longe vul en vind dat die lug vry van traangas is. Dis die soort samelewing waarin ons woon.

## Dié woord weeg swaar

Pittigheid van dié week was die verontwaardigde protes vanuit die goudomlynde mond van ons dapperste generaal en grootste orator, dat die ANC en MDM nie demokraties is nie.

Vrinde, as daar een man is wat sy uitspraak oor demokrasie kan lewer, is dit tog seker Magnus PI?

Hy praat natuurlik vanuit 'n posisie van mag: hy is 'n kragdadige onderdeel van 'n regering wat sewentig persent van die bevolking stemreg ontsê in dié liggaam wat die brutaalste en onbillikste wette maak wat onverbiddelik juis teen hulle toegepas word.

*Sy land word regeer deur die loop* van gewere en onder kwinkslae van sambokke, met polisiemanne wat bo die reg skyn te funksioneer, en met die weermag in mense se woongebiede.

Organisasies wat self onder ons drakoniese wette wettig was, word deur die generaal se weermag op onwettige wyse belaster in smeerveldtogte.

En 'n hoge siel in die weermag (kan dit tog iemand anders as juis die welsprekende Magnus PI wees?) voer op eg demokratiese wyse in die hof aan dat die weermag kan doen wat hy wil, die howe het geen seggenskap oor dié amorfiese organisme nie.

Demokrasie? Die woord lê swaar op jou tong, Minister, en hopelik ook op jou gewete.

## Inderdaad uniek

En nou kom die Hoofleier met die gedagte van 'n "unieke demokrasie". Ja wragtag, die NP se weergawe van demokrasie is inderdaad uniek. Seg die groot grondboon: "A democracy cannot tolerate radicalists (sic) who violate laws."

Groepsgebiedewette, aanhoudingswette, inperkingswette, verbod op pieknieks, wette wat die beste strande, grond, geriewe en onderwys vir wittes reserveer - dié goed is demokraties. As jy hulle oortree, is jy ondemokraties. Uniek.

Op 'n ligter noot, dierbares, as daar 'n ligter noot kan wees as Magnus PI wat pontifiseer oor demokrasie: die mees bisarre aanranding wat Oswald in sy omswerwinge deur die hofverslae teëgekom het: 'n groep mense verplig 'n slagoffer om etlike kilometers ver deur die strate van Pietermaritzburg te rol. Te rol, ja.

Uit die last outpost altyd iets nuuts. Soos hopelik die val van die Party aanstaande week. Lekker stem, as jy wit geklassifiseer is. Anders bly jy weg.

# Venda moet antwoord

**Teree E Foster of the University of Oklahoma College of Law, Oklahoma, USA, writes:**

Major-General TR Mulaudzi
Commissioner of Police
Private Bag 2318
Sibasa, Venda, South Africa
Dear Commissioner,

I am a Professor of Law and have no strong political affiliations. This letter is prompted solely by concerns of a humanitarian nature.

I am concerned about the detention of the following persons, and request reasons for their detention and details of their whereabouts:

Frederick Thinamaano Dau, JG Lidovho, Christopher Tsililo Luvhani, Rev OT Malindi, MP Mphaphuli, Solomon Tshitangano, Tshifhiwa Maumela, Rev MP Phosiwa, Rev N Rannzwa, Edward Malindi, Aifheli Mukwevho, Patson Mukwevho, Tshilidzi Mmbadi, David Mphigalale, Bethuel Mulaudzi, Phanuel Mutobvu, David Netshivhale, Michael Nevari, George Phadagi, Robert Thendamudzimu Ratshitanga, Rev William Sihlangu, Charles Mbangiseni Tshitangano.

I also express concern regarding the health of Mr Mphaphuli, Rev Rannzwa, Rev Malindi and Tshifhiwa Maumela.

In regard to all persons named above, I seek assurances from you that these persons are not being subjected to torture or ill-treatment while in security police custody.

I ask that each of these persons be granted immediate access to legal counsel, to visits from their families and to independant medical treatment.

Finally, I request that each of these persons be immediately and unconditionally released if they are not brought to trial promptly and fairly on recognizable criminal charges.

Thank you for your attention to these requests.

## Nie so objektief nie

**Maurice Leonard van Heidelberg, Tvl, skryf:**

Toe ek lees "SA kry stil-stil nog 'n 'Berlynse muur'" (Vrye Weekblad 4 Augustus 1989) het ek gewonder of u objektiewe blad darem nie nou te objektief raak nie. Veral so na die een kant toe.

Soos ek die storie het, is die Berlynse muur opgerig om Duitsers te keer om uit die Kommunistiese Berlyn te vlug na die Weste toe.

Die geëlektrifiseerde heining op Transvaal se grens met Mosambiek, Zimbabwe en Botswana is bedoel om mense uit te hou en nie om hulle binne te hou soos die regte Berlynse muur nie - dis nou as my feite korrek is. Hierdie mense is nou die soort wat kom landmyne plant. Hierdie landmyne is nou die soort wat wit én swart dood en vermink.

Ongelukkig dwing hierdie heining nou ander mense om, soos in ander lande die gebruik is, grensposte te gebruik om wettig te kom werk, kos en heenkome soek. Dis nou vanuit ons volmaakte, vrye, paradysagtige, demokratiese buurstate na die rassistiese, wrede, destabiliserende, nare, lelike, kapitalistiese RSA onder beheer van die aakligste "regime" wat die wêreld nog geken het en sal ken.

Ek het nog nooit gesê die regering maak nie foute nie en blykbaar is daar maar min regerings wat foutloos is (as my feite korrek is), maar wees soms so bietjie meer objektief na die ander kant toe ook, asseblief!

## 'n Nuwe Stem

**Rina Hugo van Somerset-Wes skryf:**

Hier is die nuwe Stem vir 'n nuwe Suid-Afrika:
Uit die blou van onse hemel, uit die diepte van ons see,
Oor ons ver verlate vlaktes, waar die honde antwoord gee,
Oor ons ewige apartheid, met dié kreun van dié wat kla,
Ween die stem van ons Geliefde, van ons land Suid-Afrika.
Ons sal antwoord op jou roepstem, ons wil weet wat jy nog vra.
Ons wil lewe, moet ons sterwe? - ons vir jou Suid-Afrika.

In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
In ons rou oor die verlede, in ons hoop op wat sal wees,
In ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf,
Deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trou ons af.
Vaderland! ons wil die skande op jou naam en eer bekla.
Almal saam Suid-Afrikaners - kinders van Suid-Afrika.

In die songloed van ons somer, in ons winternag se kou,
In die lente van ons liefde, in die lanfer van ons rou,
By die klink van huw'liksklokkies, by die kluitklap op die kis,
Streel jou stem ons almal eenders, ons wat óók jou kinders is.
As jy roep dat ons een moet wees, sug ons altyd ja.
Ons wil lewe, moet ons sterwe? - ja ons kom, Suid-Afrika.

Op u almag nie vertrouend het ons vadere verbrou.
Skenk vir ons krag o Here! tot herstel na wat u wou,
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly,
Knegte van die Allerhoogste, van diskriminasie vry.
Soos ons vaders nie vertrou het, leer vir ons vertrou, o Heer
Met ons land en met één nasie sal dit wel wees, God regeer.

---

# Vrye Weekblad
# KLEINADVERTENSIES

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011)838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor puiblikasie.**

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê Takhaar, broer, geniet jou vryheid

***Die KOMMISSIE VAN ONDERSOEK vra "wie* is die ons in ons vir jou Suid-Afrika?"**

Het Sannie van der Merwe al gekies? Dalk moet ons op sexy-babatjie wat nou al seker ham vir haar 'n kool stuur

Die Bleskoppe teen Apartheid sê die pêrels op ons voorkoppe is nie sweet nie

Fabulous FLIPPIE: dit was wonderlik, skoon en pret boonop. Kom ons maak die volgende 600 nog beter. (Dis so te sê onmoontlik)

N - Hoe voel jou boude nou? Jou boude, jou boude, jou technicolour boude... - B

## WOONPLEK

Benodig: Vakansieverblyf *in of naby Kaapstad gedurende Kersvakansie* (een week tot tien dae). Bel Gwynne (011) 836 2151

## DIENSTE

Oud-Maties
As jy nog as 'n kieser in Stellenbosch geregistreer is, kontak die Demokratiese Party vir 'n pos- of spesiale stem. Tel (02231) 72105

**Vrye Weekblad**

Ons lesers is ingelig. Hulle léés Vrye Weekblad. Om meer uit te vind hoe om in ons spesiale bylaes of by fokus-artikels te adverteer, bel Gwynne Bramley-Wray by (011) 836-2151

Kitaarlesse deur Deon Maree - skrywer van die gewilde boek KITAAR: leer self speel. Tel 648 8032

Drawing Lessons: Learn to draw through an exciting drawing program with regular small classes, personal tuition and reasonable rates. Tel Alan (011) 837-4830

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Ons begin met 'n opleidingskursus vir nuwe lede vanaf 20 September 1989. Ons benodig veral vroue wat Afrikaans en/of enige ander Afrika-taal kan praat. Bel POWA voor 11 September vir verdere inligting (011) 642 4345

## GEBEURE

Woensdag 6 September. U word uitgenooi om u wegneemete na die USIS-Ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's oor Hendrick Smith se boek The Power Game - How Washington Works: Die eerste video handel oor The Power Game: The Congress

Step Teen: Systematic Training of Effective Parenting of TEENS sal vanaf 2 Oktober tot 27 November aangebied word. Die kursus sal weekliks aangebied word en 9 weke duur, op Maandae van 9 vm tot 11.30 vm. Skakel Cheryl Lyons of Joan Rubinstein (011) 648-1120

Ter wille van die lugleegte vergader die Freda Plekker-vereniging nie dié week in Jerusalem om met die olyfbome te gesels nie.

## MARK

**AKUUT**
**Prosa & Poësie**
**Hambidge vs Roodt**
**Hambidge vs De Jong**
**Hambidge vs Olivier**
**Hambidge vs Liebenberg**
**Hambidge vs Malan**
**Hambidge vs Letoit**
**Hambidge vs Hambidge**
**jaargang 3, nr 1**
Bestel teen R4,00 vanaf Posbus 547, Cradock 5880
Die Jongste Uitgawe van AKUUT

**Kashgar**
**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566**

1986 Nissan bakkie te ruil vir klassieke motor (verkieslik 'n 1950's Mercedes) in 'n goeie toestand. Skakel (011) 487-1239 na-ure

## VAKANSIES

Drakensberge
Herberg vir die wat jonk van gees is. Ook stap-toere van 2-10 dae. Redelike tariewe. Ed Salomons, INKOSANA LODGE, Posbus 60, Winterton 3340. Tel 03682 vra vir 3520

## WERK

Verdere oudisies vir sangeresse vir die TRUK-aanbieding van JOSEPH AND THE AMAZING TECHNICOLOR DREAMCOAT word op 7 September om 19h00 by die Alexander Teater gehou. Sangeresse vir die koor word benodig. Skakel Suzette (012) 322-1665 x 266 vir verdere inligting


JACOB RegoP

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**


Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ............................
Adres: ............................
............................
............................ Poskode: ............
Telefoon: ............................

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**



# Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!



Vir R60 (AVB ingesluit) m kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingeluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: ____________
____________
Adres: ____________
____________
____________

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30



Vrye Weekblad




Die Berlynse Muur
*(Foto: Max du Preez)*

# 'n Tassie vol besittings én vryheid

BONN - Baie van die 60 000 Oos-Duitsers wat vanjaar - wettig of onwettig - na Wes-Duitsland gevlug het, arriveer met net 'n klein tassie of 'n plastieksak vol besittings.

Dit is die grootste aantal vlugtelinge nog sedert die Berlynse muur in 1961 deur kommunistiese Oos-Duitsland gebou is om 'n stroom immigrante na die Weste te keer. Die syfers sal na verwagting binnekort styg - berigte is ontvang dat die Wes-Duitse owerhede hul voorberei op die aankoms van tot 15 000 Oos-Duitse vlugtelinge wat nou in Hongarye is.

Vir baie wat reeds in Wes-Duitsland is, was dit 'n reis na die vreemde.

"Ek het alles gehad: 'n woonstel, 'n motor en 'n huis op die platteland," sê 'n 45-jarige vragmotorbestuurder van Dresden. "Dit sal my tien jaar kos om weer dieselfde lewenstandaard te bereik, maar hiér is ek vry en dit is wat tel."

Die vlugtelinge kry by hul aankoms 'n klein toelaag. Hulle registreer dan as werkloses, hoewel dit gewoonlik nie lank so bly nie.

Volgens regeringsnavorsing kry veertig persent van die Oos-Duitsers binne die eerste drie maande werk. Binne die eerste ses maande is dit tagtig persent.

Ursula Engelen-Kefer, vise-president van die arbeidskantoor, gee toe dat hulle in 'n mate met Wes-Duitsland se twee miljoen geregistreerde werkloses meeding.

Maar sê sy: "Hulle kry werk in moeilike omstandighede waar 'n mens nie meer Wes-Duitsers aantref nie, soos spysenieringsdienste, landbou, boubedryf en handwerk."

Die meeste Oos-Duitsers kan vir hulself sorg in die mededingende gemeenskap waarvoor hulle hul tuistes verlaat het. Die Wes-Duitse sosioloog Volker Ronge sê: "Hulle is bewus van hul eie moontlikhede en hul verwagtings is hoër as dié van die gemiddelde mens."

Die kamer van handel en nywerheid in Wes-Berlyn het bevind dat die nuwelinge uit Oos-Duitsland 'n groot vermoë het om aan te pas en nuwe dinge te leer. Ambagsmense kry makliker werk as meer intellektuele mense in professionele beroepe. Daar is egter 'n aanvraag na mediese dokters.

Van die Oos-Duitsers word as model-immigrante voorgehou. Manfred Nehls het vyf jaar gelede die land as taalonderwyser binnegekom. Hy is nou joernalis en sy vrou is ontvangsdame by 'n hotel. Hy en sy gesin gaan nou gereeld met eksotiese vakansies, nes die ander Wes-Duitsers.

Maar party mense verlang huis toe. 'n Ander immigrant, 'n sielkundige, sê: "Ons het nie geld, familie of werk nie en ons verstaan nie hoe geld werk nie. Om hiernatoe te kom, moet 'n mens bereid wees om sukses te behaal teen enige prys." - AFP

# *Dit was die dood, nie die pers nie*

**WASHINGTON - Nuwe navorsing deur die Amerikaanse leër sê dat dit nie die pers was wat die Amerikaanse publiek teen die oorlog laat draai het nie, maar die meedoënlose toename in sterfgevalle.**

**Die verslag van 413 bladsye deur die Amerikaanse leër se sentrum vir militêre geskiedenis sê al was daar foute "was die persberigte dikwels baie meer korrek as dié van die regering oor die situasie in Viëtnam".**

**Die verslag - The Military and the Media - sê dat pres Lyndon Johnson verkeerdelik geglo het dat hy 'n "fundamenteel gebrekkige strategie" deur skakelwerk kon laat toesmeer.**

**Weens die beperkings wat Johnson geplaas het op die manier waarop die oorlog benader moes word, kon die Viëtkong die inisiatief neem en "kies waar en wanneer hulle wou veg", sê die stuk.**

**"So lank as wat die president se strategie gegeld het, het die vyand die inisiatief behou en sou die aantal gesneuweldes meedoënloos toeneem," het die Washington Post vandeesweek uit die stuk aangehaal.**

**"Wat die Amerikaanse publiek in die oorloë in Korea en Viëtnam vervreem het, was nie die persdekking nie, maar die aantal gesneuweldes."**

**Om die oorlog te wen, moes die Amerikaanse regering "die vyand oortuig dat daar geen hoop was dat die kommuniste kon wen nie". Hulle kon nie, sê die stuk. - AFP**

# Italianers bekommerd oor hul reputasie

ROME - 'n Koelbloedige moord op 'n Suid-Afrikaanse immigrant in Napels en toenemende openlike dreigemente teen ander swartmense het gelei tot kommer onder Italiaanse leiers oor hul land se reputasie vir harmonie tussen mense.

"Ons was altyd die land met die minste rassisme," sê die minister van binnelandse sake, Antonio Gava. "Ons moet die probleem onmiddellik oplos."

Jerry Essan Mathlo het Suid-Afrika verlaat nadat sy pa en seun in betogings dood is. Dié dertigjarige man is dood in 'n plakkershut in Villa Literno naby Napels, waarin hy saam met dertig ander immigrante gewoon het.

Vyf boewe het die hut bestorm en sommer net begin skiet. Die boewe het minder as R400 buitgemaak.

Nie lank gelede nie is Dacia Valent, 'n Italiaans-Somaliese polisievrou, uit Palermo verjaag. Sy is nou 'n afgevaardigde in die Europese parlement.

Winkeleienaars in Florence en Rimini het opgetree teen die hoofsaaklik swart handelaars uit Afrika wat goedere van leer en ivoor dwarsoor Italië verkoop.

En in Turyn is 'n bond teen dwelmmiddels en onwettige immigrante gestig.

Hulle kla dat die swartmense goedkoop arbeid aan die Mafia verskaf.

Minister Gava het gesê Italianers moet nie hul eie immigrasie-tradisie vergeet nie. Miljoene Italianers het na ander lande immigreer. - AFP

# week in die nuus

## Suid-Afrika



**FW de Klerk,** waarnemende staatspresident, voer in Livingstone samesprekings met pres Kenneth Kaunda van Zambië. Die twee staatshoofde bespreek, teen verwagtinge in, nie die ANC se voorstelle vir 'n skikplan nie. De Klerk word ook in Pretoria besoek deur die staatshoof van Lesotho, genl Metsing Lekhanya.
**Meer as 200** mense, onder wie die voorsitter van die Black Sash, Mary Burton, Leah Tutu en Dorothy Boesak, word in hegtenis geneem tydens 'n vreedsame optog na die Britse Ambassade in Kaapstad ná 'n kerkdiens.



**Aartsbiskop Desmond Tutu** doen 'n beroep op skoliere in Wes-Kaapland om nie geweld te gebruik om apartheid te beveg nie.
**Die redakteurs** van Weekly Mail, New Nation en The Sunday Times verskyn in die hof op aanklagte dat hulle die veteraan ANC-leier, Harry Gwala, aangehaal het.
**Veldbrande wat** by Seven Oaks naby Harrismith uitgebreek het, vernietig duisende hektare se plantasies in die Natalse middellande.
**Die ANC verbind** homself tot 'n hervatting van Natalse vredesamesprekings met Inkatha. Vegtende UDF- en Inkatha-groepe in die Shongweni-vallei het intussen hul wapens neergelê.
**Oliver Tambo, 71,** president van die ANC, kry 'n beroerteaanval in die Londense hospitaal waar hy twee weke gelede vir uitputting opgeneem is.
**Eerw Frank Chikane,** sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, se klere is beslis vergiftig toe hy Namibia en die VSA vroeër vanjaar besoek het, bevind die Universiteit van Wisconsin. Vergiftiging deur organo-fosfate het veroorsaak dat Chikane siek geword het. Die voorval is by die SAP aangemeld.
**Right Prerogative,** die wenner van vanjaar se July Handicap, en twee ander renperde van afrigter Terence Millard vrek in 'n padongeluk.
**William L Swing,** die VSA se nuwe ambassadeur na Suid-Afrika, aanvaar sy pos in Pretoria.
**Klein Constantia-landgoed** wen die KWV-prys vir die kampioenwyn vir die tweede agtereenvolgende jaar.
**Ses mense** van Brakpan verskyn in die Streekhof in Pretoria op aanklagte van terrorisme.
**Samesprekings tussen** die Wes-Kaaplandse polisiekommissaris, genl-maj Philippus Fourie, en die rektore van die Universiteite van Wes-Kaapland en Kaapstad en die Skiereilandse Technikon om die onderwyskrisis in Wes-Kaapland te bespreek, word deur die kommissaris afgestel nadat die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, met die leier van die Arbeidersparty, Allan Hendrickse, samesprekings gevoer het.
**Die Universiteit van Zoeloeland** word gesluit nadat studente ses dae lank nie klasse bygewoon het nie.
**Twaalf polisiemanne** wat in die Landdroshof op Kemptonpark verskyn het op roofklagte by sjebeens op die Witwatersrand, word op borgtog van R2 000 elk vrygelaat.
**Cas Pieters, KP-kandidaat** op Vanderbijlpark, verskyn in die hof weens weens vyftien aanklagte van bedrog.
**Die Mediese Vereniging** van Suid-Afrika (MVSA) spreek hulle uit teen die doodstraf.
**Die polisie het** sonder waarskuwing van 'n spoorweg-vragmotor op klipgooiende jeugdiges in Athlone begin skiet in Oktober 1985, getuig 'n verslaggewer, Dennis Cruywagen, in die Trojaanse Perd-hofsaak in Kaapstad. Drie jeugdiges is in die voorval doodgeskiet.
**Slegs 51 van** die 752 Volksraadslede aan wie die Natuurlewevereniging vraelyste oor hul benadering tot omgewingsbenadering gestuur het, stuur dit terug.
**Die regte toestande** bestaan vir die ekonomie om af te koel, sê die Reserwebank in sy jaarverslag.

## Wêreld

**Die Veiligheidsraad** van die VV eis dat para-militêre eenhede in Namibia, met spesifieke verwysing na Koevoet, ontbind word ten einde vrye en regverdige verkiesings sonder intimidasie te verseker. Intussen kondig 'n VV-woordvoerder aan dat VV-beamptes Angola sal besoek om beweringe dat Swapo gevangenes aanhou, te ondersoek.
**Sir Peter Scott,** ere-president van die Wêreldwye Natuurstigting, sterf op 79-jarige ouderdom in Bristol, Engeland, aan 'n hartaanval. Hy was Robert Scott, wat op 'n ekspedisie na die Suidpool dood is in 1912, se seun.
**Die Vereniging** van Beroepstennisspelers stem in New York vir 'n mosie om twee toernooie in Suid-Afrika van sy kalender te skrap as deel van die nasionale veldtog vir sportisolasie om die Suid-Afrikaanse regering te dwing om van apartheid af te sien.
**Mosambiekse kerkleiers voer** 'n tweede ronde samesprekings met leiers van die MNR in Nairobi in 'n voortgesette poging om die 14 jaar oue burgeroorlog in Mosambiek te beëindig.
**Colombia** se regering, met die hulp van pres George Bush van die VSA, slaan toe op handelaars in kokaïene en ander dwelmmiddels. Die Colombiese minister van justisie, Monica de Greiff, ontken dat sy gaan bedank weens doodsdreigemente deur dwelmsmokkelaars.
**'n Maandlange konferensie** oor die konflik in Kambodja word in Parys afgesluit sonder dat 'n finale ooreenkoms bereik word.
**Polisiemanne in Kenia** skiet drie wilddiewe in die Tsavo-wildtuin dood.
**Kuba** se voormalige minister van binnelandse sake, Jose Abrantes, erken dat hy sy posisie vir finansiële gewin misbruik het.
**Die Wêreld-gesondheidsorganisasie** begin met navorsing oor 'n Aids-teenmiddel wat deur 'n Zaïrese en 'n Egiptiese wetenskaplike ontwikkel is.
**Sir Shridath "Sonny"** Ramphal kondig ná 14 jaar sy uittrede as sekretaris-generaal van die Statebond aan.
**Leiers van die** Kommunistiese Party in die Baltiese state sê hul steun aan die Kremlin toe te midde van stygende onrus en toenemende nasionalistiese betogings in dié state van die Sowjet-Unie.
**Frankryk stel** 'n vredesplan vir Libanon aan Siriese leiers voor wat voorsiening maak vir die uiteindelike onttrekking van die sowat 33 000 Siriese soldate in Libanon.
**Elf dronk Engelse** vakansiegangers bly gestrand in Spanje sit nadat die vlieënier van 'n Dan Air-vliegtuig geweier het dat hulle op die vliegtuig van Malaga na Manchester klim.



**Kermit en sy** Muppet-vriende word oorgeneem deur Walt Disney World en word sodoende deel van die stal wat vir Mickey Mouse, Donald Duck, Goofy en ander bekende karakters huisves.
**Salman Rushdie,** skrywer van The Satanic Verses, se vrou verlaat hom.

# Was die Bokke dan nou rêrig só sleg?




Danie Craven op Nuweland - 'n droom bewaarheid (Foto: Eric Miller - Afrapix)

**Daar is klaarblyklik meningsverskil oor hoe die gebrek aan gereelde internasionale mededinging Suid-Afrikaanse rugby geraak het. Jan Boland Coetzee byvoorbeeld, sê die eerste toets was vir hom ietwat van 'n teleurstelling. Tjol Lategan weer was gaande oor hul spel. CHARLES OSCHE plaas dinge in perspektief**

DIS darem 'n mondvol wanneer een van Suid-Afrika se roemrykste oud-Springbokke, Tjol Lategan, sê dat die huidige Springbokspan beter is as dié van tien, twintig jaar gelede.

Wat? In drie jaar van algehele isolasie het Springbokrugby selfs verbeter?

Tog is dit iets om aan te herkou so tussen die euforie deur van verlede Saterdag toe 'n Springbokspan na drie jaar se toetsdroogte weer in aksie was en die "groot volksfees" wat môre op Ellispark voorlê.

*En dat 'n span soos die All Blacks met hierdie Springbokspan sou gemors het nie. Ag wel, hoe beter 'n span speel, hoe beter is sy geluk ook*

Daar is klaarblyklik meningsverskil oor hoe die gebrek aan gereelde internasionale mededinging Suid-Afrikaanse rugby geraak het. Jan Boland Coetzee byvoorbeeld, sê die eerste toets was vir hom ietwat van 'n teleurstelling.

"Springbokrugby se isolasie is weerspieël in die gehalte van die spel," het Boland gesê. Hy was Springbok in dié jare waarna Tjol verwys.

Erens tussenin lê die waarheid.

Tjol het 'n punt in dié opsig dat Jannie Breedt se Springbokspan geskitter het teenoor dié van 1972 teen die Engelse, die skandvlek van 1974 teen die Leeus, teen Hugo Porta se Suid-Amerikaners in Bloemfontein en, jammer om te sê, nog 'n paar ander ook.

Die manne in Boland se kamp kan weer tereg vra: maar teen wie het vanjaar se Springbokke nou eintlik gespeel? Eerste Nasionale Bank se Internasionale Toerspan is 'n saamgeflansde wêreldspan in blokkiestruie wat soos 'n krimisboom lyk. Hoe ernstig kan hulle wees?

Kom ons begin hier: 'n span wat met 'n gemiddelde van byna 24 toetse per man (355 in totaal) op die veld draf, soos die Internasionale Vyftiental verlede Saterdag, het ongetwyfeld die ervaring en talent.

'n Span wat in die laaste 14 minute 'n agterstand van 6-20 met 13 punte na 19-20 kan laat krimp, het trots, karakter, is ernstig en het lus om te wen. Al was die Springbokke toe deur Johan Heunis en Naas Botha se beserings gekortwiek.

'n Ander argument, wat dikwels gehoor word en wat glad nie water hou nie, is dat die Internasionale XV 'n effens langer toer moes gehad het om hul samespel te verbeter.

Dis juis hiér waar die Springbokke 'n groter agterstand gehad het. Ses elk van Noord-Transvaal en die WP, twee van Transvaal, een van Griekwas en later twee van die Vrystaat, wat in drie jaar nie toetsrugby gespeel het nie, is in die Springbokspan bymekaar gegooi. As jy André Joubert bytel, was dit ses van die spelers se eerste toets.

Teenoor die 355 toetse van die besoekers het die Springbokke voor verlede Saterdag maar gesamentlik in 73 toetse gespeel. Trek die 43 van Naas Botha (21), Johan Heunis (12) en Carel du Plessis (10) hiervan af en die res het gemiddeld net-net drie toetse tussen hulle gespeel. En dit was nog lank gelede ook.

Dese en gene wat die gevaarligte sien flikker het omdat die Internasionale span so goed teruggekom het in die wedstryd kan gerus weer na die video kyk. Teen die einde was dit weer net die Springbokke.

Nadat André Joubert met 'n strafskop misluk het, wat Botha of Heunis toe oë sou oorskop, het die groen golf van die Springbokvoorspelers weer met geweld oor die buitelanders gestroom.

Na woeste dryfwerk is Jannie Breedt 'n halwe treetjie van die doellyn gestuit voordat die eindfluitjie geblaas het. Hopelik hervat die Springbokke môre waar hulle laas Saterdag opgehou het.

Nee wat, die reine waarheid is maar net soos die uitgeslape bestuurder van die Internasionale XV, Willie-John McBride, gesê het - die Springbokke het hul kanse beter benut.

Dit kan enige skole-rugbyspeler ook vir jou sê: die span wat sy kanse die beste benut, die minste foute maak, druk die beste verwerk én laagvat, dié wen.

Dis juis te meer so in 'n toets. Dis wat die Sprinbokke gedoen het en waarom hulle gewen het - en verdien het om te wen. Geen wonder Tjol raak so liries nie.

Teen dié agtergrond beskou, kan jy nie saamstem met oorsese en selfs plaaslike kritici dat die Springbokke gelukkig was om te wen nie. En dat 'n span soos die All Blacks met hierdie Springbokspan sou gemors het nie. Ag wel, hoe beter 'n span speel, hoe beter is sy geluk ook.

As ons dan móét bekommerd raak, is dit oor die ouderdom van die Springbokspan. Oor nog drie jaar sal weinig van die huidige sterre nog flikker. Ons het basies 'n klomp ou Springbokke met bitter min ervaring.

Die gemiddelde ouderdom van die span is byna 29 jaar. Voorspelers soos Burger Geldenhys, 33, en Flippie van der Merwe, 32, kan nog daarmee wegkom, maar ook nie meer lank nie. Maar 'n agterlyn met 'n gemiddelde ouderdom van oor die 28 jaar is in rugbytaal al lank in die tand.

As jy die "babas" in die agterlyn, Garth Wright, 25, Kobus Burger, 25, en Faffa Knoetze, 26, buite rekening laat, trek die res kommerwekkend ver aan die verkeerde kant van 30.


Hulle sal beaam wat Jannie Engelbrecht gesê het. Anderkant die dertig is daardie ekstra treetjie spoed net nie meer daar nie. En dit raak ook al hoe moeiliker om fiks te word, die pyne word al hoe seerder en genees al hoe stadiger.

Daarom dat baie rugbykenners meen die Springbokkeurders kon so een of twee van die jong bulletjies vir die laaste toets gekies het. Net ingeval daar vorentoe nog toetse is en die Springbokspan dan nie so 'n geweldige tekort aan ervaring het nie.

Ongelukkig is die keurders tussen twee vure. Met die politiek soos hy is, moet die Springbokke wen om steeds as krag in wêreldrugby gereken te word. Alle ware sportmanne wil altyd net die bestes uitdaag om sy eie krag te bewys.

Daarom is dit nie wys om aan 'n wenspan te torring nie. In 1974 teen die Leeus moes daar nie eens aan 'n verloorspan, dié van die eerste toets op Nuweland, verander gewees het nie.

Die "bejaarde Bokke" moet nou maar môre vir die jongetjies toetse vorentoe oopspeel en dan moet die jongetjies maar hul gehardheid en ervaring in die Curriebeker opdoen.



**Springbokslot Adolf Malan gebruik net een hand** *(Foto: Eric Miller - Afrapix)*

Vrye Weekblad

Vrye Weekblad
benodig die dienste van
'n ervare

Sportverslaggewer

Salaris en
diensvoorwaardes
onderhandelbaar


Rig jou aansoek, vergesel
met 'n volledige CV,
aan
Die Redakteur
Vrye Weekblad
Posbus 42637
Fordsburg
2033

VRYDAG
Bylaag tot Vrye Weekblad, 1 September 1989

*Van porno-parodieë tot gesogte ster*

# Downey van Chances Are

CHRIS DU PLESSIS



ROBERT DOWNEY Jr is skielik nie meer afhanklik van rolle in pornografiese parodieë soos sy regisseur-pa, Robert Downey Sr, se Rented Lips nie. Hy is nou, op die ouderdom van 23, een van die mees gesogte jong gesigte in Hollywood.

Hy vertolk die hoofrolle in twee nuwe treffer-prente wat die rolprentwêreldmense aan die gons het. Hulle is True Believer, waarin hy die rol van 'n beginselvaste yuppie assistent-prokureur teenoor James Woods speel, en Chances Are, wat reïnkarnasie as onderwerp het en vandag in Suid-Afrika uitgereik word.

In laasgenoemde vertolk Downey die rol van Alex Finch teenoor Sybil Shepard (Moonlighting) en Ryan O'Neal. Finch lei 'n normale lewe totdat hy deur herinneringe aan sy vorige lewe in chaos gedompel word. Hy kom agter sy huidige gesellin is eintlik sy dogter en haar moeder is sy vrou uit 'n vorige lewe. Hy los die "dogter" vir sy "vrou" en raak in onguns by sy beste vriend (O'Neal) wat by haar vlerksleep... Dit is 'n romantiese komedie met half-ernstige kommentaar oor verhoudings.

Downey het eers sterk onder rolprentlui se aandag gekom met sy vertoning in Less than Zero.

Sy vertolking van die verwaarloosde dwelmkop rykmanskind wat al dieper in sy eie ellende verval, het dié van mede-bratpackers Demi Moore en Andrew McCarthy ver oorskadu.

Daarna het hy weer die kollig gesteel deur mooier te lyk as Molly Ringwald, die ster in The Pick up Artist.

Onlangs het Suid-Afrikaners hom sien speel teenoor Keifer Sutherland in die romantiese hippie-opbrengsel 1969.

Downey kom uit 'n filmfamilie. Hy het sy rolprentdebuut gemaak op die ouderdom van vyf in een van sy vader se prente. Hy het onder meer in Greasers Palace, Up the Academy en This is America - the Film not the Country van Downey Sr gespeel. In 'n ander prent met die naam Pound het sy vader, 'n selferkende slagoffer van die dwelmgeplaagde sestigerjare, besluit om mense die rolle van honde te laat vertolk (een met 'n sykleed wat 'n Bokser moes voorstel ensovoorts).

Downey Jr was 'n klein hondjie wat vir sy bleskop eienaar moes vra: "Got any hair on your balls?". Sy eerste woorde op film.

Sy pa het hom darem destyds gewaarsku dat hy nie sy naam moet gebruik as hy êrens wil kom in die bedryf nie, hoewel hy onlangs omgeswaai het met: "Dis OK, word maar beroemd, ons het die geld en publisiteit nodig." En Downey Jr onderhou inderdaad vandag sy hele gesin.

Na die optredes in sy pa se flieks het hy skool probeer maar nie klaargemaak nie. Hy is van Los Angeles na New York waar hy 'n rol gekry het in John Sayles se Baby its You (Downey noem dit Maybe its You want sy drie kort verskynings in die prent is amper heeltemal uitgesny).

Van 1984 het Downey 'n reeks punkrolle ("'n natuurlike uitvloeisel van my destydse houding") vertolk in prente soos Tuff Turf, Firstborn, Weird Science en Back to School voor hy in Less Than Zero tot moderne held verhef is. Hy is gekies vir Firstborn juis omdat hy so aanstootlik was en die regisseur Michael Apted daarvan gehou het.

Sy kultusstatus het verder 'n groot stoot gekry met 'n reeks verskynings op die enigste komedie-program vir denkende Amerikaners, Saturday Night Live.

"Live-TV is die 'ultimate' medium," vertel hy. "Op kamera met 30 miljoen mense wat kyk. Maar **** hulle, dis eintlik jou twintig vriende en die ateljee-gehoor wat tel..."

Downey het nooit dramaskool toe gegaan nie. Hy is 'n natuurlike akteur wat sy eie "method" ontwikkel het: Konsentreer op die AKSIE en ignoreer die "emosie". Hy is al beskryf as die "brat" met "die wydste vertolkingspektrum en natuurlike elektrisiteit. Baie min akteurs het so 'n kombinasie van ongelooflike energie en emosionele diepte. Hy is nou die ou in Hollywood wat almal wil hê".

Downey self is nederiger: "Niemand van my generasie doen iets nuuts nie. Dit pis my af. Ons slaapwandel deur 'n groot geleentheid om die medium 'n deurbraak te gee en voretoe te skuif. Die kwaliteit en integriteit van my eie en my medeakteurs se werk laat veel te wense oor..."




Helen Sebidi se Die For Yours, een van haar skilderye wat saam met die Jong Kunstenaarsuitstalling van vandag af deur die land toer. Sebedi is die wenner van die Standard Bank Jong Kunstenaarstoekenning vir Beeldende Kunste, en die uitstalling bestaan uit 22 van haar skilderye en collage-en-pastelwerke.

Schiess se engel is te intellektueel - 3
Beeldskone Camille Claudel laat vrae onbeantwoord - 3
Koningin Susan sal daar wees - 2
Charles Leonard praat met Bill Flynn - 5
En die regte Batman bo






KA-POW!! Ja, na al die boikot-gekarring is die Batman-fliek tog op die punt om hier te draai. Op 15 September om presies te wees. Maar hiermee 'n waarskuwing dat getroue aanhangers van die "Caped Crusader" moontlik teleurgestel kan wees. Die spesiale-effekte Batman se kostuum is miskien tegnies perfek en die karakter en sy kar uitstekend geprojekteer, en sy alter-ego, Bruce Wayne, wel oulik sensitief (met 'n deernisvolle krulkoppie en alles), maar die fliek behoort aan Jack Nicholson. As die Joker domineer hy die prent totaal en wat eers ingeskryf is as ietsie meer as 'n cameo-rol het ontaard in 'n vertoning waarin Nicholson, soos altyd maar net weer vrye teuels gegee word om sy manie te ontgin - die keer net met meer grimeering. Robin is ook uit die reks gelaat (gerugte van homoseksualiteit?). Maar die prent se deco-gotiese dekor is komiek-lik genoeg om goeie afleiding te bied, Alfred en Commissioner Gordon is ná genoeg aan die "werklike" comics en Kim Basinger en Jerry Hall is buitendien genoeg rede om die beste van DC vir een aand vir dié fliek opsy te skuif.



Weer neus ons gedrink het! Die ou bokke van Rock, die Rolling Stones begin vandag die eerste been van hulle Noord Amerikaanse toer vir die Steel Wheels langspeler (die 34ste). Die eerste "gig" vind vanaand by Rich Stadium op Buffalo plaas. Die groep grysaards verwag om voor drie miljoen mede-bittereinders in stede in Amerika en Kanada op te tree voor die toer se einde op 27 September. Hier haal Ronnie Wood 'n laaste krieweltjie uit Mick Jagger se neus voor hulle op die verhoog gaan.

## Krisis! My pa het 'n kêrel

IN September en Oktober sal Transvaalse gehore die March of the Falsettos kan sien - 'n mini-musiekblyspel wat spog met ses Vita-benoemings.

Falsettos het in Maart en April vol sale in Durban se Natal Playhouse getrek en word van 5 tot 16 September in die Staatsteater in Pretoria, en van 21 September tot 21 Oktober in by Windybrow in Johannesburg aangebied.

Die blyspel beeld 'n familiekrisis uit wat ontstaan wanneer die pa 'n verhouding met 'n ander man aanknoop. Die getroude paar (Joanna Weinberg en Drummond Marais) gaan klop om psigiatriese hulp aan by Mendel (Jonathan Taylor). Mendel worstle egter met sy eie probleme en uiteindelik blyk dit dat die seun (Richard-Mark Rubin) die enigste bestendige karakter is.

Die eerste liedjie, "Four Jews in a room bitching", word gevolg deur nommers soos "My father's a homo", gesing deur die dertienjarige Rubin. Die titellied verwys na 'n droom waarin die vier mans, vasgevang in hul onvolwassenheid na mekaar toe marsjeer, maar nêrens kom nie.

## Oor kookboeke

# Waar is Hildagonda Duckitt?



WAAR is my Hildagonda Duckitt?

Ek is nou moeg vir trek, want elke keer as ek trek raak van my goed weg. Vanoggend soek ek Hildagonda Duckitt se kookboekie en kan dit nêrens kry nie.

Ek moet nou van Leipoldt gebruik maak, wat in sy Cape Cookery oor Hildagonda geskryf en haar hoog aangeslaan het.

Hildagonda het twee boeke geskryf: Hilda's Where is It? (1891) en Diary of a Good Housekeeper (1902).

Dit was nog in die dae toe resepte en huishoudelike wenke saam in boeke verskyn het.

Die kookboekie van Hildagonda wat ek gehad het was 'n versameling van die resepte in hierdie twee boeke - nog steeds in die outydse druk met 'n naam soos Hildagonda Duckitt's Recipes. Die twee oorspronklike boeke is heel waarskynlik uit druk.

Dis nogal jammer: huishoudelike wenke kan baie prettig wees. John Miles vertel van die wenk in 'n ou kookboek wat jou vertel hoe om sylakens na 'n nag van liefde skoon te maak.

Ewenwel, Hildagonda kón koskook. Haar resepte is baie eenvoudig maar getuig van goeie smaak. Ek is jammer ek kan nie 'n paar aanhaal nie.

In Hilda's Where is It? sê sy die boek bevat "amongst other practical and tried recipes, many old Cape, Indian and Malay Dishes and Preserves, also Directions for polishing Furniture, cleaning Silk etc. (is dit miskien John se resep?), and a Collection of Home Remedies in case of Sickness".

Leipoldt vind haar Diary of a Housekeeper 'n interessanter en oorspronkliker werk as die eerste. Hy sê sy gee besonderhede oor haar lewe "that proved her to be fully justified in undertaking to speak on behalf of Cape cooks".

Haar oupa was 'n hoë Londense staatsamptenaar wat 'n pos hier in die nuwe Departement van Landbou aanvaar het.

Hy het sy familie, 30 bediendes en stoetskape en -beeste saamgebring.

Hy het later op die plaas Groot Pos in Malmesbury-distrik afgetree. Sy kleindogter Hildagonda het hier begin koskook, omring deur rykdom, wyn en graan. Sy het baie geleer van die kok op die plaas, 'n Oos-Indiër.

Hildagonda het dag na dag mense onthaal, en haar liefde vir goeie kos was so groot dat sy nooit getroud is nie. (Is daar nie 'n ryk boer met 'n onbeperkte kosbegroting wat 'n kok soek nie? Ek belowe ek sal nie trou nie.)

Leipoldt sê oor haar eerste boek: "It contains about 150 recipes that are characteristically South African, inasmuch as they are modifications, improvements or adaptations of European recipes.

"About 50 are exclusively South African in so far as the preparation of the ingredients is totally different from that recommended in then existing cookery books.

"These latter show the influence of Oriental cooking methods, combined with local ingenuity in blending flavours and enhancing the savour of the dish."

En verder: "Her directions are everywhere so clear and precise - as for example where she deals with the preparation of Haliotis mussel and emphasises the necessity to avoid adding water to the dish - that her book may be accepted as an authoritative practical guide to Cape cookery."

Dis 'n mondvol van oubaas Leipoldt, die koskenner. Miskien is daar nog 'n paar kopieë van my Hildagonda-boekie in boekwinkels in die Kaap beskikbaar. Indien nie, is dit 'n skande.

Waar is Hildagonda vandag in ons koswêreld? Waarskynlik nêrens nie.


Ek kan nie oor elke boek so lank as oor Hildagonda skryf nie. 'n Boek soos Kook en Geniet van Mev SJA de Villiers, sal ek dus gou afhandel. Hoewel hierdie boek waarskynlik 'n miljoenêr van die skrywer gemaak het, kan ek dit nie aanbeveel nie.

Leipoldt het nie vertroue in huishoudkundiges voor die stoof gehad nie, en as De Villiers se boek 'n maatstaf is, moet ek met hom saamstem. Die boek is 'n kru, ongesofistikeerde inleiding vir mense wat glad niks van koskook weet nie.

Die skryfster het nie die vaagste benul van kruie, speserye en wyn in kos nie, hoewel die broodpoedingresep goed is volgens my vriend Jak.

Is daar nie êrens 'n goeie sjef wat 'n basiese kookboek vir beginners wil skryf om Kook en Geniet uit die mark te druk nie?

### ETE EN DRINKE



Nog iets wat ek vinnig wil afhandel, is al die potjiekosboeke wat oor die afgelope klompie jare uitgegee is. Die dominee van die Paarl wat potjiekos uitgevind het, is seker ook al ryk vandag.

Potjiekos is 'n volksvreemd foefie, en ek daag dominee Brink uit om te bewys dat dit deel is van ons kostradisie.

Die sofistikasievlak van potjiekos is baie laag - laer as 'n skaduwee. "Drie skudde Bisto" lees mens gereeld in hierdie boeke. Dominee, terwyl die Liewenheer vir ons wonderlike speserye en vars kruie gegee het, gebruik jy minderwaardige goed wat in 'n fabriek gemaak word.

'n Bietjie raad aan Vrye Weekblad se lesers: Vergeet van potjiekos. Kry vir jou 'n goeie bredieresep, druk die bredie in die oond en vergeet daarvan. Dan hoef jy nie die heeltyd vuur te maak en die gevaar te loop dat die bredie brand nie.

En as jy hou van die romantiek van 'n vuur, kan jy die bredie in die oond sit, buite vir jou 'n vuur maak en ure lank na die vuur staar.

Waar is my Hildagonda? Moenie trek nie; bly net waar jy is.

# Nuwe Pinotage proe na bessies

**BJ Lankwarden skryf oor Delheim se nuwe wyne**

DIE vriendelike Spatz Sperling van Delheim het onlangs 'n draai gemaak en sy nuwe rooiwyne aan ons voorgestel.

Ek het Delheim se wyne nog altyd aantreklik gevind, en hierdie keer was dit weer so.

Die wyne was sekerlik vernuwend en die Grand Reserve is bewys daarvan, maar hierdie keer was daar 'n tikkie genialiteit in die nuwe (1987) Pinotage.

Hoewel hierdie druif gewoonlik 'n effe vreemde, stink geur en smaak het, het hierdie een geruik na ryp vrugte, pruime en veral bessies.

Dit was duidelik nie jou alledaagse pinotage nie - daar was iets meer by. Die slim gebruik van 18 persent merlot het hierdie wyn 'n nuwe dimensie gegee en dit in 'n baie baie aangename en ontsaglik drinkbare wyn verander.

Dit is 'n goeie, gladde en gemaklike wyn.

Die nuwe 1987 Delheim Shiraz word onmiddellik deur een ding gekenmerk: die hoë alkoholinhoud. Spatz kan sê die alkohol sal 'n pinot noir aanmekaar hou, maar ek weet nie of 14,65 persent nodig was nie.

As jy die hoë alkoholinhoud vergeet, kry dié wyn hoë punte, met 'n goeie soet vrugtige smaak en 'n ferm lyf.

Die ferm lyf verander uiteindelik in 'n stokkerige afronding en die tannien wys sterk in die nasmaak.

Die 1987 Delheim Shiraz het my oë oopgemaak. Dit het 'n helder, intense donkerblou robynkleur. Die geur is vol en kompleks vir 'n shiraz. Die smaak is fenomenaal, ryk en skoon, en glad nie konfytagtig nie. Dit is 'n baie indrukwekkende shiraz soos net in Stellenbosch gemaak kan word.

Die Delheim Cabernet Sauvignon is een van die winskopies van die rooiwynwêreld en is altyd 'n ordentlike wyn.

Hierdie een (1987) het 'n uitstekende kleur en 'n baie vrugtige geur. Dit het ook 'n goeie smaak, en is reeds 'n baie drinkbare wyn.

Die 1986 Delheim Grand Reserve is weer eens 'n wyn wat as een van die drie beste wyne van daardie wynjaar beskou sal word. Hierdie wyn het 'n uitstekende kleur en 'n baie komplekse geur. Die smaak is baie ryk: dit is 'n digte wyn met goeie vrugtigheid en goeie hout en selfs 'n merkwaardige bloekomgeur in die agtergrond. 'n Groot wyn.

Hierdie wyne wys duidelik dat Delheim een van die kelders is wat jaar na jaar 'n groot klomp goeie wyn produseer. Hulle moet gelukgewens word: sulke toewyding kry mens nie oral in die Kaap nie.

Daar is nog 'n wyn wat vermelding verdien. Dit is nie baie bekend nie en is slegs op die plaas beskikbaar.

Dit is een van Delheim se beroemde versamelaarswyne en word Delheim 1987 Semillon Collector's Wine genoem. Hulle het sover ek weet nog nooit voorheen 'n semillon gemaak nie.

Dit is 'n wonderlike witwyn wat gedeeltelik in hout verouder is. Net baie beperkte hoeveelhede word gemaak, maar ek kan jou verseker dat die smaak uitstekend is, veral saam met patee of lewerwors.

Wyn soos hierdie wys dat ons wynbedryf 'n blink toekoms en dat wyndrinkers na 'n interessante toekoms kan uitsien.

# 'n Positiewe resensie

**Manana, 4de Laan, Melville**
**Ciro's, High-straat, Brixton**

AS jy 'n lekker plekkie soek om 'n Sondagmiddag te gaan eet, is Manana net die regte plek. Bespreek, want dit lyk soos 'n nagmaalsaamtrek ná halfeen op 'n Sondag.

Dis 'n onpretensieuse restaurantjie en die kos is goed. 'n Groot bord voorgeregte - "meze platter" - is die moeite werd: almal aan tafel eet daaraan saam met lekker pita-brood.

As hoofgereg is daar sterk gekruide frikadelletjies aan 'n vleispen, en gestopte calamari in 'n spinasieroomsous met jong murgpampoentjies in tamatiesous ens.

Die atmosfeer is aangenaam met 'n verskeidenheid kliënte - jonk, oud, juppie, nie-juppie, gewoon en ongewoon. Dis die soort plek waar enigiemand tuis kan voel.

Die baklava met neute en droëvrugte in filo-deeg was nie waffers nie - ons kon geen heuning proe nie. Maar my vriend Max sê toe daar is 200 soorte baklava: wat se argument het jy daarteen?

My enigste werklike beswaar was dat een van die eienaars by 'n tafel langsaan gevra het: "Was it wonderful?"

Ek het niks teen selfvertroue nie, maar te veel daarvan is nie goed nie.

Manana is nie goedkoop nie, maar ook nie uitspattig nie.

As jy lus is vir 'n baie goeie pizza, besoek Ciro's. Die restaurantjie is klein, amper net 'n wegneemplek. Die atmosfeer is aangenaam, en hoewel die plek ongelisensieerd is, is daar wynpons. Bestel 'n beker of wat.

Die pizzas is goed. Die enigste plek waar ek beter pizzas geëet het is Port Elizabeth - van alle plekke.

'n Woordjie van waarskuwing. As jy nie 'n groot eter is nie, deel 'n pizza met 'n vriend. Italiaanse gasvryheid, so lyk dit, beteken dat jy jouself moet doodeet.

Jy kan 'n halwe pizza bestel, maar hoekom het hulle nie kleiner pizzas vir mense met gemiddelde mae nie? My klagte is nie ernstig nie.

Baklei vir 'n sitplek en geniet jouself.

Die pryse is redelik.

Die diens in albei restaurante is flink.

KOOS COETZEE


le pommier

Restaurant en Galery
Nuwe Helshoogtepas
02231 - 91269

*Geniet luilekker dae in die asemrowende natuurskoon van die nuwe Helshoogtepas*

Ons verskaf heerlike oggend- en middagtee met skons, brandewyntert en room

**Ons bied ook 'n uitgebreide a la carte-spyskaart op die terras.**
**Oop Dinsdae tot Sondae**
**Middag- en aandete**

Dis raadsaam om te bespreek
Toe op Maandae
Gelisensieer



Onthou...

*Koala Blu Restaurant*

**bedien besonderse kos uit Suidoos-Asië**

Bel vir Eric om uit te vind van die wonderlike jazz Sondagaande:
482-2477/8



HARRIDANS
RESTAURANT

JANET TELIAN
JACQUI CRAIG

By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

# Flynn is altyd snaaks

Charles Leonard

BYNA sonder uitsondering is die vrolike gesig van 'n komediant 'n masker om 'n "groot hartseer" weg te steek. Dié mense is nie werklik grapjasse nie.

Bill Flynn is een van die uitsonderings. Hy is werklik 'n grapjas. Hy is werklik snaaks en lei 'n heel gelukkige lewe as een van Suid-Afrika se bekendste grapkasse.

Hy is in 1948 in Kaapstad gebore. Dit is hier waar sy ooreenkoms met apartheid eindig. Hoewel hy nie een van die sogenaamde relevante akteurs is wat van TV of advertensies wegbly nie, glo Bill dat politiek 'n rol te speel het in Suid-Afrikaanse teater.

"Al roer jy net een persoon se gedagtes, het jy iets belangriks reggekry. Dit moet egter steeds goeie teater wees," sê hy.

Bill se belangstelling in die teater en die vermaaklikheidswêreld kom van die ouderdom van vier af. Sy ma was 'n plekaanwyser in die ou Alhambra-teater in die Kaap.

"Ek was toe vier maal 'n week in die fliek.

"My eerste verhoogrol was op die ouderdom van vyf en 'n half in die Ysterplaatse stadsaal. Dit was langs die aanloopbaan waar die Vampire jets elke vyf minute opgestyg het. Toe't my eerste onderwyseres vir gesê: 'As jy jou stem teen hulle kan gebruik, kan jy 'n akteur wees.'

"So, my eerste medespeler was 'n Vampire jet gewees."

Bill was op skool nie net 'n toneelspeler nie. Hy het vir agt jaar lank klavier gespeel tot op die ouderdom van 16.

"Toe word ek vir die skool se eerste rugbyspan gekies. Ek het besluit klavier is vir die 'moffies' en rugby is vir die boys. Klavier het ek onmiddellik gelos. Vandag kan ek myself skop daaroor.

Na skool is Bill na Ikeys toe. Daar het hy 'n BA-graad met Afrikaans, Engels en Drama as hoofvakke geswot. Hy het besluit om onderwys te doen, maar in sy diploma-jaar besluit om voltyds verhoog toe te gaan.



Bill Flynn

"My ouers was nie so opgetrek met die idee nie en ons het 'n ooreenkoms aangegaan dat as ek op die ouderdom van dertig nog nie suksesvol was nie, ek sou teruggaan onderwys toe.

"Gelukkig het dinge heel goed vir my uitgedraai. Hulle was nog altyd baie ondersteunend."

Bill se teaterloopbaan het besonder goed afgeskop in 1972 met sy vertolking van Shorty in People are Living There, waarvoor hy genomineer is as beste akteur.

Sewentien jaar later maak die krediete van sy teater-, film- en TV-loopbaan sewe foliobladsye tjok en blok vol.

Hoogtepunte is Hello and Goodbye, waarvoor hy die Dublin Critics' Award gekry het, Whites, wat op BBC vertoon is, en die rolprentweergawe van Saturday Night at the Palace, wat twee internasionale toekennings gekry het.

"Met net tien persent van my werk is ek soveel as 90 persent tevrede. 'n Mens kan altyd verbeter."

As vryskut-akteur doen Bill letterlik alles. Van radio-advertensies tot ernstige teater soos The Colossus of Brooklyn, die eenman-vertoning waarin hy nou optree.

"Vir die verhoog is ek lief, uit rolprente maak ek geld en TV gee my blootstelling."

Die pers se inmengery in sy privaatlewe aanvaar Bill maar as deel van die bedryf. "Maar moenie dink dat dit lekker is nie."

Is hy snaaks? "Wel as ek saam met die band (Vinnie and the Viscounts) is, kan ek nie anders nie."

Bill is die voorsanger van die groep "bejaarde" ruk en rollers.

"Ander mense dink ek is snaaks as ek met myself in die kar gesels.

"Oor my gereelde rolle as die snaakse outjie moet ek sê dat dit baie moeiliker as gewone dramatiese rolle is.

Bill en Paul Slabolepsky is besonder goeie vriende. In dié stadium is hulle aan't werk aan drie rolprente.

Daarna is daar nog hope projekte wat vir Suid-Afrika se gunsteling bleskop wag.

"Ek sal ophou as ek die kind in my verloor het," sê hy.



**Louis van Niekerk en (in die agtergrond) Jana Cilliers, soos hulle verskyn in Dieter Reible se Truk-produksie van Die Wit Roos. In hierdie toneelstuk deur Pieter Fourie herleef 'n voormalige pierewaaier en vrouejagter die hoogtepunte van sy luisterryke seksuele verlede as 'n rolprent in produksie, en 'n verhaal binne 'n verhaal binne 'n verhaal speel hom af. Midde-in die drama bly die vraag: Wat sê jy? Wat is die liefde? Die interessante van die stuk is die vermenging van rolprent- en teatertegnieke. Die ander spelers is Gavin van den Berg, Brümilda van Rensburg, Petru Wessels, Christine Basson, Ilse van Hemert en Gigi Strydom. Die opvoering word van 9 tot 16 September in Johannesburg aangebied. Die speelvak in Pretoria duur van 22 September tot 21 Oktober.**




# Goeie genade Suid-Afrika

DIE TV kom kuier mos vroegoggend al in jou sitkamer (soos die minister gesê het), maar in my geval is dit die slaapkamer.

Soms laat dit die koffie in my hand ruk.

Ek is nou al gewoond aan Rika Sennett se wispelturige haarstyl, David Hall-Green se antropologiese ambisies en George Mazarakis se elokusie.

Maar die gaste wat hulle so vroegoggend saambring!

'n Reeks Sataniste en kenners van Sataniste was die ryk rif wat die Goeie Môre-mense hierdie week raakgeboor het.

Ek het glo die eerwaarde gemis wat, so vertel 'n vriendin my, enigiets van vingerslek tot opera tot duiwelskuns verklaar het.

Maar ek was by toe Mazarakis 'n langhaar-klankingenieur uitgevra het oor agteruit-opname van duiwelsboodskappe. Die langhaar het gesê 'n mens kan goed agteruit opneem - bv tromsolo's - maar Suid-Afrikaners het te min geld om dit te doen. (Ons weet mos geld is nie 'n struikelblok vir die duiwel nie.)

Na die stukkie inligting verklaar Mazarakis toe ewe droog: die Rastafari's wat die tromme so geslaan het in die insetsels is nie Sataniste nie. Hoe weet hy? Wie sê hulle slag nie hoenders in geheime rituele in die Jamaikaanse bosse nie?

## Graskop

Van Jamaika na Graskop. Naby Graskop, vertel die Goeie Môre-mense, het 'n Christelike kunstenaar, Ron van Zyl, sy talent op 'n besondere manier uitgeleef. Dié broer is glo gelei om 'n rotswand naby Graskop te verander in 'n uitbeelding van die hel. Nou kom toeriste van so ver as Amerika om te kyk hoe viets geboude jongmanne en meisies sonder 'n naat klere deur die Laeveldse aalwyne in die hel in val.

Stof tot nadenke, soos David Hall-Green so dikwels sê.

## Judas

In verlede Sondag se Kruis en Kroniek het die bespreking van die besondere kort Bybelboek Judas my opgeval. 'n Opsomming van die inhoud is in simbole gegee, wat gelyk het soos vereenvoudigde Tarotkaarte. 'n Baie treffende metode.

Ewe interessant was die deel oor die bel-'n-gebed-dienste. Verblydend om te sien dat ook die gevestigde kerke nie deur die tegnologie agtergelaat word nie. Net een ding, is die omie van Dial A Prayer se van regtig Bell? En was dit dan nodig om hom te kies vir 'n onderhoud?

Iets in Kruis en Kroniek se aflewering oor voorhuwelikse seksualiteit het my gepla. 'n Klomp tieners is gevra om standpunt in te neem oor die saak. Nou watter denkende tiener sou nou voor die kameras van Kruis en Kroniek hom of haar uitspreek ten gunste van voorhuwelikse seks?

## Dokters weet mos alles

Die ongelooflike emosionele direktheid van die TV-medium was baie duidelik in die materiaal oor pasiënte wie se dokters glipsies gehad het. Die vrou wie se stembande half afgesny is, was so duidelik in beeld dat 'n mens die snymerke aan haar keel kon sien. Toe sy begin huil was die trane oor haar wange groter as lewensgrootte.

Teenoor daardie emosie het die paneelbespreking heeltemal buite die woorde om 'n sterk boodskap aan alle pasiënte in Suid-Afrika deurgegee: oom dokter weet alles, bly stil en sluk.

Daar was geen pasiënt of verteenwoordiger van pasiënte (amper sê ek slagoffers) in die paneelbespreking nie. Net Gillian van Houten het die twee dokters uitgevra.

Die dokters het verduidelik dat hulle en hulle mede-dokters net die beste vir die pasiënt op die hart het, en enige wanpraktyke self sal ondersoek. Maar die probleem is juis die arrogansie van so baie dokters, wat dink dat die pasiënt ook afwesig is terwyl hy of sy behandel word.

Die vraag is: het die SAUK vergeet om 'n nie-dokter na die paneel te nooi, of het die dokters teen so 'n aanwesigheid beswaar gehad?

VICTOR MUNNIK

dié week by die
**MARK-TEATER**

MARK-TEATER

Maan - Vry: 8nm. Sa: 5.30nm & 9.15nm
MY CHILDREN! MY AFRICA!
Regie deur Athol Fugard
ALL AGOG ST STYLITE deur Marlene Blom.
"'n Fassinerende fantasiewêreld". Ma tot Vry: 6nm.
Sa: 2.30nm

UPSTAIRS-TEATER

BURN THIS - Regie deur Clare Stopford.
'n Skitterende, snaakse toneelstuk oor die liefde
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15 & 9.15nm

DIE LAAGER

Maan - Vry: 8.15nm
Sa: 6.15nm & 9.15nm
TOOTH AND NAIL - Antagonismes en liefde, parades en vuur

WAREHOUSE BY DIE MARK

INYANGA WOMEN OF AFRICA -
Regie: Barney Simon. 'n Musikale huldeblyk aan die vroue van Afrika. Ma tot Vry: 8nm. Sa: 6nm tot 9nm
So: 6nm

KIPPIES BY DIE MARK

Di tot So: 8.30nm
FRIENDS FIRST

MARKGALERYE

Groot Galery
Kathlehong Vlieëruitstalling
Klein Galery
KEVIN FACTOR - 'n Fotografiese ontdekkingstog na Suid-Amerika

EKSPERIMENTELE MUUR

Sunprints deur David Barkham
Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Snuffelmark elke Saterdag van 9vm tot 4nm, en op Sondag is daar 'n kuns- en handwerkmark van 9vm op die Mary Fitzgerald-plein

## FILM

*THE BURBS - 'n Voorstedeling se vakansie tuis word ontwrig wanneer nuwe intrekkers allerhande donker vrese in hom wakker maak. Met Tom Hanks en Carrie Fisher.

*K-9 - 'n Storie oor 'n speurder en sy vennoot, 'n Alsatian, genaamd Jerry Lee. 'n Pragtige meisie val vir Jerry Lee (dis die hond onthou) en betree so saam die aksiebelaaide lewe van die twee. Met Kames Belushi en Mel Harris.

*CIRLES IN A FOREST - Dalene Matthee se boek/toneelproduksie, nou 'n fliek oor 'n seun wat van olifante hou, en olifante van hom. Met Arnold Volsoo, Ian Bannen en Joe Stewardson.

*KILL SLADE - 'n Fliek wat beslis nie misgeloop moet word nie. 'n Finale bewys van die belaglike drek wat die Amerikaners opgedis het met behulp van die belastingvoordele op rolprente.

**A TOUCH OF INFIDELITY - 'n Paartjie met baie in gemeen: sy vrou slaap met haar man. Met Ted Danson (van Cheers) en Isabella Rossellini.

*HER ALIBI - Twee van die wêreld se sogenaamde aantreklikste mense, Tom Selleck en Paulina Porizkova (laas gesien in Anna en op die voorblaaie van 300 tydskrifte in die afgelope ses jaar as model) raak verlief.

*SKIN DEEP - John Ritter (van Hooperman en Three's Company-faam) is 'n verleentheid in 'n fliek met 'n naam wat die produk goed omskryf. Baie meisies in baaikostuums. En so aan.

*AN AFRICAN DREAM - 'n Koloniale verlenging van die Britse rolprentbedryf waarin die Britte probeer vergoed vir hulle misdrywe in die kolonies. Met John Kani en Kitty Aldridge.

*POLICE ACADEMY 6 - Dieselfde klomp is terug in 'n fliek waar mense in die water val en pistole vlaggies met "BANG" op uitskiet.

### ONAFHANKLIKE BIOSKOPE

KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68 is onder nuwe bestuur, en die program was teen druktyd nie beskikbaar nie

JOHANNESBURG

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. The Belly of an Architect wys Vrydag en Saterdag 3nm, 6nm en 9nm. Vrydagnag se middernagfliek is Scarface, en Sondagmiddag 3nm is dit A Clockwork Orange. Van 4 September af wys Lord of the Rings (behalwe Woensdag wanneer die fliekhuis gesluit is).

**Gidse saamgestel deur Debbie Amos**

## DIE WEEK SE TV

### VRYDAG 1

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.25 Fast Forward
4.55 Arty Facts
5.05 Rockbottom and Company
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Airwolf IV
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Honeyball se toere - 'n Nuwe reeks oor 'n boerseun van Pretoria wat sy drome najaag. Hy los sy werk en vat die pad Kaap toe
10.25 Spies en Plessie
11.15 Vergelding
12.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 The Nelson Affair - Oor Admiraal Lord Nelson
11.02 MASH
11.29 The Beach Boys

**M-NET**
6.30 Tennis
10.30 Quartet
2.30 Telygames
3.00 Tough Enough
4.45 Computer Kids
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Robert Guillaume Show - kyk onder hoogtepunte
Intekenare
7.00 Commando
8.30 Yachting
9.00 A Prayer for the Dying - kyk onder hoogtepunte
10.15 Newsnight
11.00 Kiss me Goodbye

### Hoogtepunte

# Pink Panther se spook loop

Pedum, pedum... Goeie nuus vir aanhangers van die Pink Panther: TRAIL OF THE PINK PANTHER wys Woensdagaand op M-Net. Die prent, wat na Peter Sellers se ontydige dood saamgestel is, bestaan meestal uit snitte van vorige Clouseau-films. Ook met David Niven en Joanna Lumley.

RACE FOR THE BOMB (in drie dele) begin Maandagaand op M-Net. Dit gaan oor die splitsing van die atoom, hoe die generaals daaroor beheer kry en hoe dié proses die twintigste eeu gevorm het. Die reeks speel af in vier vastelande en oor 'n tydperk van 30 jaar. Met Miki Manojlovic, Jean Paul Muel en Maury Chaykin.

James Bond slaap nie. In FOR YOUR EYES ONLY, wat Sondagaand op M-Net wys, moet dié super-agent weer een of ander snaakse toestel van die Russe af terugkry en wie anders kan hom help as 'n pragtige meisie. Met Roger Moore, Carole Bouquet en Julian Glover.

Jack Higgins se A PRAYER FOR THE DYING wys vanaand op M-Net, met Mickey Rourke in die hoofrol as 'n Ierse sluipmoordenaar wat Engeland toe vlug. Hy word 'n nuwe toekoms beloof deur 'n boef (Alan Bates) en raak by 'n "lelike meisie" betrokke. Ook met Bob Hoskins en Sammy Davis.

'n Nuwe reeks begin ook vanaand op M-Net in die Ooptyd-kykgleuf. THE ROBERT GUILLAUME SHOW (onthou Benson?) is oor 'n huweliksraadgewer wat nie net met ander se persoonlike probleme opgeskeep sit nie, maar ook sy eie gesin (wat uit sy pa en twee tieners bestaan) moet probeer hanteer.

'n Nuwe program begin Donderdagaand op TV4 met Dave Charles as aanbieder. MOVIE FOCUS kyk na die Suid Afrikaanse film en video bedryf (dit wat nog oor is) op en agter die skerm.

CASANOVA '70 is 'n vryerige fliek met Marcello Mastrionni in die hoofrol as 'n tipiese Latynse minnaar wat besluit dat 'n bietjie gevaar nodig is om sy lewe (liefdeslewe ingesluit) op te kikker. Ook met Virna Lisi en Marisa Mell. Die fliek wys Donderdagaand op TV1.



Bronson Pinchot is Balki in Perfect Strangers op M-Net

### SATERDAG 2

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Beyond 2000
12.40 Tegnologie
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo en Vriende
1.10 Spesiale Agent TR Sloane
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Teletreffers
7.05 Spioen-Spioen
8.00 News
8.35 LA Law III
9.30 Out of Kitbag - Amper dieselfde soort konsert as wat soldate in die TWeede Wêreldoorlog na moes luister
10.40 Late Night Live
11.20 Flying High
12.10 Epilogue

**TV4**
6.03 Redd Foxx
6.30 Learning the Ropes
9.03 Benson
9.29 Hooperman
9.56 Hotel
10.46 The Tracy Ullman Show
11.13 TJ Hooker

**M-NET**
6.30 Tennis
1.30 Motorsport
2.00 Tennis
5.30 Fietsry
Oop Tyd
6.00 Houston Nights
Intekenare
7.00 SOS Titanic - 'n Dokumentêre drama oor die fatale reis van die luukse skip, SOS Titanic. Met Harry Andrews, David Janssen en Cloris Leachman
8.45 West 57th
9.00 Maria's Lovers
10.45 Yshokkie
11.00 The Last Hard Men
12.30 Hot Hits

### SONDAG 3

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Once Upon a Time... Life
2.30 Perspectives of War
3.20 The Prodigious Hickey
4.15 Collage
5.20 A Fighting Choice
6.10 50/50
6.50 Built for Life
7.05 Life Style
7.30 Thy Kingdom Come
8.00 Netwerk
9.00 Briewe aan 'n Onbekende Beminde
10.40 Impetus

**TV4**
6.03 Kupid
9.04 Masada
10.01 227
10.28 Sing Country
10.54 Topsport

**M-NET**
7.30 Indiese diens begin
10.30 Portugese diens begin
Intekenare
1.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
2.00 Storybreak
2.30 Dusty
3.00 Big Trouble in Little China
4.40 Heart of the Matter
5.30 Runaway with the Rich and Famous
Oop Tyd
6.00 Falcon Crest
Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Wildlife on One
8.30 Bon Voyage
9.00 For Your Eyes Only - kyk onder hoogtepunte
11.05 Fietsry

### MAANDAG 4

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.25 Webster
5.00 Filemon the Cat
5.10 Pumpkin Patch
5.25 Lion Series Bible Stories
5.35 Lassie
6.00 News
6.15 Graffiti
7.05 The A-Team
8.00 Netwerk
9.00 Elmien Adler
10.00 Topsport
11.00 Verhale van die Klondike
11.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Small Wonder
6.30 Topsport
9.03 Family Ties
9.32 Dynasty
10.24 A Man Called Hawk
11.14 The Beam

**M-NET**
6.30 Tennis
10.30 Max Dugan Returns
2.30 Telygames
3.00 Kiss me Goodbye
4.30 Newsnight
5.00 The Incredible Hulk
5.30 The Smurfs
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 Race for the Bomb (deel 1) - kyk onder hoogtepunte
9.00 Breakout
10.30 Fietsry
11.00 Witness in a War Zone

### DINSDAG 5

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Rompelstompelstories
5.10 Wielie Walie
5.30 Skooldae
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Die Onfeilbare Vennootskap
8.00 Network
9.00 Dallas
10.00 Topsport
11.00 Open University
11.55 Evening Prayer

TV4
6.00 Fame
9.04 Target Harry
10.34 The Hit Squad
10.58 Gunsmoke
11.50 S.W.A.T.

**M-NET**
6.30 Tennis
10.30 The Last Hard Men
2.30 Telygames
3.00 Police Academy III
4.25 Ring Raiders
5.00 Wildfire
5.30 Starcom
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Valerie
Intekenare
7.00 Race for the Bomb (deel 2)
9.00 Sokker
10.00 Carte Blanche
11.00 Fietsry

### WOENSDAG 6

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
5.00 Sylvanian Families
5.10 ZAPMAG
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 River Horse Lake
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Oos-Wes
9.30 Verkiesing

**TV4**
6.03 Easy Street
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 Die Oë van 'n Kind
11.27 9 to 5

**M-NET**
6.30 Tennis
10.30 Big Trouble in Little China
2.30 Telygames
3.00 Kiss me Goodbye
4.45 Americano
5.00 The Diplodos
5.30 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Dear John
Intekenare
7.00 Race for the Bomb - slot
9.00 Trail of the Pink Panther - kyk onder hoogtepunte
10.35 Fietsry
11.05 A Prayer for the Dying
12.50 Panorama
1.30 Tennis

### DONDERDAG 7

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.00 Honeyball se Toere
8.00 Network
9.00 War and Remembrance
10.00 Topsport
11.00 Casanova '70 - kyk onder hoogtepunte
12.55 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.04 21 Jump Street
9.55 Movie Focus - kyk onder hoogtepunte
10.20 Night Court
10.47 Misdaad in Miami
11.39 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
6.30 Tennis
10.30 For Your Eyes Only
2.30 Telygames
3.00 Commando
4.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.00 The Berenstain Bears
5.30 The Real Ghostbusters
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 Tennis
9.00 The Goat (La Chevre) - 'n Komedie waarin 'n private speurder (Gerard Depardieu) vermiste mense soek
10.30 Tennis
12.00 Fietsry
1.15 Wrestlemania
1.30 Tennis

## Waar is Hildagonda Duckitt? - 4